

DIE STRUKTUUR VAN DIE MONDELINGE VERTELLING IN AFRIKAANS

deur

· SUSANNA MAGRIETHA CATHARINA PRINSLOO
 MA, HOD(Huish.)

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. H.G.W. du Plessis

POTCHEFSTROOM
Januarie 1987

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	PROBLEEMSTELLING	1
1.1.1	Eenheid of eenhede?	1
1.1.2	Waarom nie 'n suiwer linguistiese analise nie?	2
1.2	LITERATUURSAMEVATTING	2
1.3	DOEL	4
1.4	ONDERSOEKMETODE	4
1.5	UITEENSETTING	5

HOOFSTUK 2

'N NADERE BESKRYWING VAN DIE BEGRIP VERTELLING

2.1	DIE SINTAKTIESE STRUKTUUR AS MANIFESTASIE VAN NIE-SINTAKTIESE FAKTORE	8
2.2	TIPES VERTELLINGS	8
2.3	OMSKRYWING	9
2.4	DIE VERTELLING AS TAALHANDELING	10
2.4.1	Lokusie, illokusie en perlokusie	11
2.4.2	Die onderskeid tussen sin en uiting	12
2.4.3	Taalhandeling	13
2.4.3.1	Handelingswerkwoorde	15
2.4.3.2	Die handelingsdiskoers	21
2.5	DEFINISIE	23

HOOFSTUK 3

DIE UITING AS BOUPRINSIEP VAN DIE VERTELLING

3.1	DEIKSIS	24
3.1.1	Deiksis ten opsigte van die vertelling	26
3.1.2	Deiktiese kategorieë	26
3.1.2.1	Persoon	26
3.1.2.1.1	Verdiskontering van narratologiese feite in die	

	linguistiese struktuur	35
3.1.2.1.2	Spraakweergawe in die vertelling	37
3.1.2.2	Plek	49
3.1.2.3	Tyd	52
3.1.2.3.1	Die teenwoordige tyd	56
3.1.2.3.2	Die verlede tyd	60
3.1.2.3.3	Die toekomstige tyd	65
3.1.2.3.4	Die historiese presens	68
3.1.2.3.5	Tyd ten opsigte van die vertelling	71
3.2	BETEKENIS	73
3.2.1	Implikasie	73
3.2.2	Presupposisie	75
3.2.2.1	Gespreksaannames	76

HOOFSTUK 4

'N LINGUISTIESE BENADERING TOT DIE ANALISE VAN 'N VERTELLING - DIE LABOV-METODE

4.1	UITEENSETTING	78
4.2	DIE ANALISE VAN 'N VOORBEELDVERTELLING AAN DIE HAND VAN DIE SES ELEMENTE	79
4.2.1	Uittreksel	80
4.2.2	Oriëntasie	80
4.2.3	Verwikkelde handeling	83
4.2.4	Evaluering	84
4.2.4.1	Tipes evaluering	87
4.2.4.2	Die rol van sintaksis by evaluering	88
4.2.5	Resultaat	93
4.2.6	Coda	94
4.3	BESPREKING	95

HOOFSTUK 5

BEVINDING

5.1	DIE LABOV-METODE	99
5.2	POUSERING	106

5.3	TEMPUSVERWISSELING	107
5.4	DIE VERTELLER EN VERTELVLAK	110
5.5	SPRAAKWEERGAWE	111
5.6	DIE VERTELLING AS TAALHANDELING	111
5.7	SAMEVATTING	114
HOOFSTUK 6		
TOEPASSING		
6.1	DIE VERTELLING	115
6.2	METODE	117
6.3	VERTELLING 1.6 AS TAALHANDELING	117
6.4	STRUKTURERING VAN VERTELLING 1.6	118
6.5	SAMEVATTING	127
BYLAE		
1.	SPONTANE GESELSVERTELLINGS	128
2.	MONDELINGE VERTELLINGS	189
SYNOPSIS		197
BIBLIOGRAFIE		203
BEDANKING		209

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Die vraag ontstaan of iets so kreatief, buigbaar en onvoorspelbaar soos die menslike denke funksioneer volgens die reëls van 'n formele sisteem. Die spontane mondelinge vertelling wat 'n produk van die menslike denke is, is hoogs gestruktureerd alhoewel dit as 'n eenheid ervaar word en die spreker en hoorder tydens die diskoersverloop nie van hierdie struktuurëlemente bewus is nie.

1.1 PROBLEEMSTELLING

1.1.1 Eenheid of eenhede?

"Of all the many influences on contemporary poetics I don't believe any is stronger or more pervasive than Gestalt theory; the notions that 'the whole is more than the sum of its parts,' of the perceptibility of 'good Gestalts,' of the opposition of 'figure' and 'ground,' are deeply entrenched in poetic theory and method - and rightly so. But they remain insights of a general kind which are very hard to prove an even harder to be actually specific or precise about when it comes to analyzing a work. Most of the attempts to measure the working and effects of these notions have been made by experimental psychologists who are notoriously good at isolating single features for accurate measurement to such a degree that all sense of complex systemic relations - which we must have for poetics - is lost." (O'Toole, 1980 : 136.)

Wat O'Toole hier sê ten opsigte van die verskuns, geld ook vir die vertelling. Die vertelling is 'n hegte eenheid waarin verskillende elemente vir analitiese doeleindes onderskei kan word, maar hulle is nie altyd skeibaar nie en funksioneer meestal in samehang met mekaar. Om 'n ware beeld van die vertelling te verkry, kan een element nie uitgesonder word en op sy eie bestudeer word nie aangesien hierdie element ten volle

funksioneer binne die konteks van die eenheid van die vertelling. Om iets sinvol aangaande die bou van die vertelling te kan sê, is dit nodig om die verskillende strukturelemente te onderskei en hul funksionering binne die geheel te analiseer.

Sekere strukturelemente is universeel van aard en sal in alle tale op dieselfde wyse funksioneer, maar elke taal het 'n unieke sisteem waarvolgens dit funksioneer en daarom sal die elemente wat in 'n vertelling in 'n spesifieke taal funksioneer, onderworpe wees aan die beginsels van daardie taal. Die bestudering van die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans is 'n studiegebied waarvoor weinig navorsing tot dusver gedoen is. In hierdie verband is aanvoerwerk gedoen deur Du Plessis (1983).

1.1.2 Waarom nie 'n suiwer linguistiese analise nie?

Die aard van die vertelling vereis dat by die analise daarvan twee vakdissiplines betrek sal word, naamlik die linguistiek en die narratologie. Alhoewel hierdie ondersoek linguisties van aard is, het die navorsing getoon dat nie slegs op die linguistiese aspek gekonsentreer kan word nie, net so min as wat slegs op die literêr-teoretiese aspek gekonsentreer kan word. Hierdie twee komponente vul mekaar aan en vir 'n volledige analise van die spontane mondelinge vertelling moet albei betrek word. Dit is juis in hierdie verband dat talle van die bestaande navorsingstukke te kort skiet.

1.2 LITERATUURSAMEVATTING

Daar bestaan talle werke wat handel oor die vertelling wat suiwer literêr van aard is, byvoorbeeld Prince (1982), Rimmon-Kenan (1983) en Genette (1980). Ander werke is toegespits op 'n enkele aspek wat in die vertelling voorkom, byvoorbeeld Bal (1981) en Bronzwaer (1981) op fokalisasie, Venter (1982) op die ruimte as epiese kategorie en Sternberg (1982), Pascal (1977), Partee (1973), McHale (1978), Ginsburg (1982) en Banfield (1973) op spraakweergawe.

Die navorsing wat deur Labov (1976) gedoen is oor vertellings, is linguisties van aard, maar onvolledig in dié sin dat literêr-teoretiese aspekte buite rekening gelaat word, soos byvoorbeeld fokalisasie en die keuse van 'n vertelinstantie.

Elke taal funksioneer volgens 'n unieke sisteem wat raakpunte met ander tale mag hê. In hierdie studie is Afrikaanse vertellings ontleed en daarom is kennis aangaande die funksionering van sekere aspekte in die taal wat betrekking op die vertelling het, van belang. In hierdie verband is Ponelis (1979) hoofsaaklik gebruik en ten opsigte van tydsvergestalting in Afrikaans ook Wybenga (1983) en De Villiers (1968).

Belangrike navorsing ten opsigte van tyd is gedoen deur Lyons (1968, 1977 en 1979) en Comrie (1985). Tempusverwisseling is eie aan die spontane geselsvertelling in Afrikaans. Belangrike navorsing ten opsigte van tempusverwisseling soos wat dit in ander tale, veral Engels, manifesteer, is gedoen deur Wolfson (1978 en 1981) en Schiffrin (1981).

Implikasie en presupposisie speel 'n belangrike rol om die gaping tussen die taalaanbod en die betekenis daarvan te vul. In hierdie verband is hoofsaaklik gelet op die navorsing gedoen deur De Bruyn (1982 en 1984), Snyman (1983) en Lyons (1979).

Die navorsing gedoen deur Du Plessis (1983) oor die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans betrek beide linguistiese sowel as literêr-teoretiese aspekte wat op die vertelling van toepassing is. Vir 'n volledige analise van die spontane mondelinge vertelling is dit egter nodig om 'n wyer veld met die navorsing te dek. Die doel van die spreker met sy vertelling speel 'n belangrike rol by die strukturering daarvan. Die vertelling word as 'n doelgerigte handeling gesien soos deur Van Dijk (1975) uiteengesit. Met sy vertelling beoog die spreker om 'n bepaalde effek op die hoorder te hê. In die lig hiervan is die vertelling binne die taalhandelingsteorie soos deur Austin (1975) uiteengesit en deur Alston (1965) en Van Rensburg (1982) bespreek, ontleed. Snyman (1982 en 1983) en Viljoen (1984) pas die taalhandelingsteorie op Afrikaanse literêre werke toe.

Die literatuur wat in hierdie navorsing gebruik is, het 'n linguistiese asook 'n literêr-teoretiese grondslag om die ondersoekveld so volledig as moontlik te dek.

1.3 DOEL

Die doel van hierdie ondersoek is om die struktuur van die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans te bepaal vanuit 'n linguistiese oogpunt en volledigheidshalwe waar nodig, aan te vul met literêr-teoretiese gegewens. Daar word bepaal watter middele die spreker aanwend asook die wyse waarop hierdie middele deur die spreker aangewend word om in sy doel met die vertelling te slaag. Kenmerke eie aan hierdie tipe vertelling word onderskei.

Afsonderlike struktuurelemente in die vertelling word onderskei en bespreek. Die funksionering van hierdie elemente binne die geheel word ook ondersoek aangesien die vertelling 'n hegte eenheid vorm waarin hierdie elemente gesamentlik funksioneer.

1.4 ONDERSOEKMETODE

Daar is besluit om die struktuur van die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans te bepaal aangesien hierdie tipe vertelling nader aan die spraakhandeling self lê. Vir hierdie doel is bandopnames van diskoerse gemaak en is vertellings geselekteer wat in die spontane gespreksverloop voorgekom het. Sommige van die opnames is sonder die vooraf medewete van die spreker gemaak sodat die spreker nie vooraf doelbewus sy taal sou monitor nie. Om die verskil tussen spontane en nie-spontane vertellings te bepaal, is voorbeelde van albei hierdie tipes vertellings in die Bylae ingesluit. Vertelling 2.1 en 2.2 is mondelinge vertellings wat vir die ATKV se Baasvertellerwedstryd ingeskryf is en waarvan transkripsies in die Beeld gepubliseer is. Sommige van die vertellings vorm deel van die PU vir CHO se RGN-projek oor Suidwesafrikaans. Verskillende tipes vertellings, byvoorbeeld vertellings wat oor ware (feitelike) gebeurtenisse handel, fiktiewe vertellings, liegstories en drome is ingesluit om te bepaal hoe hul struktuur onderling verskil.

Nadat die vertellings geselekteer is, is transkripsies daarvan gemaak. Fonetiese gegewens is nie vir hierdie studie benodig nie en transkripsies is in konvensionele skrif so na as moontlik aan die oorspronklike uitspraak gedoen sodat die karakter van die vertellings behoue kon bly. Leestekens is in ooreenstemming met die spraakpatroon aangebring.

Duidelikheidshalwe word die vertellings wat geanaliseer word by hierdie studie ingesluit en verskyn in die Bylae in numeriese volgorde. Om die analise van die vertellings te vergemaklik, word die vertellings in reëls opgebreek wat genommer word. In die teks word telkens na vertellingnummers en reëlnommers verwys. In die teks word stervorme (*) gebruik om ongrammatikale vorme aan te dui.

Die vertellings word ondersoek om te bepaal watter struktuurelemente daarin voorkom en hoe hierdie struktuurelemente in die verskillende soorte vertellings manifesteer. Daar word ook ondersoek ingestel na watter linguistiese sowel as nie-linguistiese middele die spreker aanwend om sy vertelling te laat slaag. Aangesien die vertelling as 'n doelgerigte handeling gesien word, word die vertelling binne die taalhandelingsteorie ontleed en binne konteks bestudeer om die doel van die spreker met sy vertelling te kon bepaal asook waar moontlik, die effek te bepaal wat die vertelling op die hoorder(s) gehad het.

1.5 UITEENSETTING

Daar bestaan talle uiteenlopende menings oor wat as 'n vertelling bestempel kan word. As gevolg hiervan is dit nodig om eers die studieveld af te baken deur 'n uiteensetting te gee van wat in hierdie navorsing onder die begrip vertelling verstaan word. Hierdie uiteensetting word in Hoofstuk 2 gebied.

Aangesien die vertelling 'n doelgerigte handeling is, word die vertelling as taalhandeling ontleed. In Hoofstuk 2 word ook 'n uiteensetting van die taalhandelingsteorie gegee asook van handelingswerkwoorde en die handelingsdiskoers. 'n Vertelling bestaan uit 'n reeks uitings en 'n onderskeid word getref tussen 'n sin en 'n uiting.

In Hoofstuk 3 word die uiting nader omskryf. Die uiting is deikties gebonde en het 'n bepaalde betekenis. Die komponente van die deiktiese sentrum word onderskei en bespreek. By die vertelling bestaan daar naas die werklike gespreksdeiktiese sentrum ook nog 'n fiktiewe deiktiese sentrum met 'n gepaardgaande verdubbeling van kategorieë.

Die verteller en karakters wat in die vertelling voorkom, word bespreek. 'n Uiteensetting van fokalisasie en die keuse van 'n vertelinstantie en die invloed wat hulle uitoefen op pronominalisasie en anaforiek word gegee. Dië direkte, indirekte en vrye indirekte rede word ook bespreek.

Ten opsigte van tyd moet daar onderskei word tussen 'n egosentriese/fatiese tydservaring wat ruimtelik belewe word en tempus wat 'n sistematiese werkwoordelike tydskategorie is. Daar word getoon dat die werkwoordsvorm alleen nie as tydsaanduider gebruik kan word nie, maar die uiting in sy geheel dra by tot tydsoriëntering.

Tempusverwisseling is kenmerkend van die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans en 'n bespreking van die historiese presens en die funksie wat dit vervul in hierdie tipe vertelling, word gegee. Daar word aangetoon dat alhoewel tempusverwisseling in die vertelling plaasvind, dit nie noodwendig as tydsverandering deur die hoorder ervaar word nie aangesien die gebeure deur 'n tydswaarnemingspunt of verwysingstyd in die breër tydsraamwerk geanker word.

Elke uiting het 'n betekenis. Die belangrike rol wat implikasie speel wanneer daar 'n disjunksie bestaan tussen die taalaanbod en sy betekenis, word bespreek. Daar word ook aandag geskenk aan presupposisie en gespreksaannames.

In Hoofstuk 4 word 'n vertelling ontleed aan die hand van die Labov-metode. Labov beskryf die verwickelde handeling slegs as daardie gedeelte waarin op die handeling self gekonsentreer word. Vir 'n reeks handelingte om as 'n vertelling geklassifiseer te word, moet die handelingte uitloop op 'n hoogtepunt. Die hoogtepunt is dus ook 'n essensiële element in die vertelling. Vertellingseilande word onderskei en bespreek.

In Hoofstuk 5 word linguistiese sowel as literêr-teoretiese aspekte wat in die vertelling manifesteer, ondersoek en die bevinding word weergegee. Verskillende tipes vertellings word onderskei en onderlinge verskille aangetoon.

Hoofstuk 6 is 'n toepassing waar een vertelling ontleed word en waar getoon word hoedat die onderskeie elemente as 'n eenheid funksioneer om 'n vertelling in sy geheel te laat slaag.

HOOFSTUK 2

'N NADERE BESKRYWING VAN DIE BEGRIP VERTELLING

2.1 DIE SINTAKTIESE STRUKTUUR AS MANIFESTASIE VAN NIE-SINTAKTIESE FAKTORE

Die struktuuranalise van 'n vertelling kan vanuit verskillende hoeke gedoen word, maar as gevolg van die linguistiese gerigtheid van hierdie ondersoek sal die analise hoofsaaklik linguisties van aard wees, dit wil sê 'n beskrywing sal gegee word van die linguistiese middele wat in die vertelling aangewend word en die rol wat hierdie middele speel by die interpretasie van die vertelling. Nie-linguistiese faktore sal egter ook betrek word aangesien dit ook 'n belangrike rol speel wanneer die vertelling gemeet word aan vereistes soos onder andere deur Polanyi (1976 : 19) gestel, naamlik:

"Each story will be one cohesive text and will have, as its purpose, something of interest to say."

Waar van toepassing sal literêr-teoretiese begrippe gebruik word alhoewel dit nie in dieselfde mate toegelig sal word as wanneer dit in 'n suiwer literêre ontleding gebruik sou word nie.

2.2 TIPES VERTELLINGS

Barthes (1975 : 237) wys daarop dat die vertelling in verskillende vorms vergestalt kan word, byvoorbeeld in geartikuleerde taal, soos in 'n mondelinge vertelling of in geskrewe vorm, prente, rolprente, loodglasvensters, ensovoorts. Ten opsigte van geartikuleerde taal onderskei Van Dijk (1975 : 274) tussen artificial en natural narratives. Eersgenoemde verwys na vertellings soos in literêre werke, byvoorbeeld mites, kortverhale, dramas, ensovoorts wat 'n duidelik gestruktureerde aard het en wat nie noodwendig waarheidsgetrou hoef te wees nie. Laasgenoemde verwys na vertellings soos wat dit voorkom in alledaagse

gesprekke en stem ooreen met Wolfson (1981 : 228) se begrip *conversational narrative*.

In hierdie studie sal die *spontane geselsvertelling* (vergelyk Afdeling 4.2) bestudeer word, met ander woorde die vertelling wat in die spontane verloop van 'n gesprek voorkom. Dit is dus nie die reaksie op die tipe *Danger of Death*-vraag van Labov (1976 : 355) nie. In die spontane gesprek is dit moeiliker vir die verteller om sy taalgebruik te monitor as in die formele vraag-en-antwoord-onderhoud. Daar sal hoofsaaklik op die *handelingstruktuur* van die vertelling gelet word wat deel vorm van die *abstrakte logiese struktuur* van die *vertellingsdiskoers* en algemeen bekend staan as die *plot* van die vertelling. Die onderlinge verwantskap tussen die struktuur van die vertelling en die struktuur van die res van die sinne van die diskoers sal nie in diepte ondersoek word nie aangesien die vertelling ten opsigte van sy struktuur, nie direk skakel met die voorafgaande diskoersverloop nie. Aangesien die vertelling verwys na gebeure wat in tyd verwyderd is van die tydstip waarop die diskoers plaasvind, kan die vertelling in hierdie verband as *onafhanklik* van die konteks waarin dit voorkom, beskou word. Daar is egter gewoonlik 'n *onmiddellik voorafgaande kontekstuele leidraad* wat aanleiding gee tot die vertelling, byvoorbeeld die *gespreksonderwerp*. Soos later sal blyk, kan die vertelling nie heeltemal onafhanklik van die res van die diskoers ontleed word nie aangesien die doelstelling van die spreker slegs binne konteks bepaalbaar is. Lyons (1981 : 26) wys daarop dat by 'n mondelinge vertelling *paralinguistiese faktore*, byvoorbeeld *stemtoon* en *tempo* egter ook 'n belangrike rol speel by die betekenisbepaling daarvan.

2.3 OMSKRYWING

Alvorens die struktuur van die vertelling ondersoek kan word, moet die begrip *vertelling* eers nader omskryf word soos vanuit die oogpunt wat dit in hierdie studie benader sal word. Labov (1976 : 359) sien die vertelling as

"one method of recapitulating past experience by matching a verbal sequence of clauses to the sequence of events which (it is inferred) actually occurred".

Prince (1982 : 2) wys daarop dat daar by die vertelling nie net sprake van tydsordening by die vertelde weergawe is nie, maar ook by die plaasvind van die vertelde gebeure. Alhoewel sommige gebeurtenisse ure of selfs dae kon duur, is die weergawe hiervan nie noodwendig 'n vertelling nie. Die volgende weergawe van 'n reis kan nie as 'n vertelling bestempel' word nie:

2.1 Die reis was aangenaam.

Hier word die reis slegs as 'n enkele gebeurtenis weergegee en nie as 'n reeks gebeurtenisse waar die ordening in sinsverband 'n logiese weergawe van gebeurtenisse bied nie.

2.4 DIE VERTELLING AS TAALHANDELING

Afgesien daarvan dat die vertelling 'n opeenvolging van clause is wat gebeure in 'n logiese volgorde weergee, is die vertelling ook 'n taalhandeling waarby die bedoeling van die spreker 'n belangrike rol speel. Hiermee word die vertelling in 'n breër raamwerk geplaas en vorm dit 'n hegte eenheid met die res van die diskoers. Slegs deur die vertelling binne konteks te bestudeer, kan die bedoelings van die spreker bepaal word. Konteks word hier in die ruimer sin van die woord gebruik, met ander woorde daar word verwys na die taalomgewing waarin die uiting voorkom asook na die pragmatiese konteks, naamlik

"dié eienskappe van taalgebruikers wat sistematies relevant is vir die uitvoer en interpreteer van taalhandelinge" (Van Jaarsveld, 1982 : 363).

Die voortbring van 'n uiting kan gesien word as optrede deur middel van taal, dus word hier binne die taalhandelingssteorie gewerk. Alle uitings is egter nie taalhandelinge nie (vergelyk in hierdie verband Du Plessis,

1985b : 79). De Bruyn (1982 : 47) wys daarop dat die eenheid van 'n gesprek bewerkstellig word deurdat die betrokke taalhandelinge gedurig verband hou met mekaar en die gesprek dus voortstu op voorwaarde dat die deelnemers saamwerk om die gesprek te laat slaag. Dit geld ook vir die spontane geselsvertelling wat binne die gesprek voorkom.

2.4.1 Lokusie, illokusie en perlokusie

Die taalfilosof, J.L. Austin, kan beskou word as die grondlegger van die taalhandelings teorie. Austin (1975) onderskei taalhandelinge op drieërlei wyse met betrekking tot die manier waarop hulle voltooi word. Lokusie word onderskei op grond daarvan dat 'n uiting met 'n bepaalde vorm en betekenis voortgebring word. Ilokusie hou verband met die bedoeling van die spreker met sy uiting. Perlokusie verwys na die moontlike effek wat die taaluiting tot gevolg kan hê. In ooreenstemming met die siening van Snyman (1983 : 206) word die volgende voorbeeld ter verduideliking verskaf. A en B verkeer binnenshuis in gesprek waar B op die punt staan om te vertrek. A sê aan B: "Dit is koud buite," (lokusie) met die doel om B te waarsku teen die weersomstandighede buite (illokusie) sodat laasgenoemde byvoorbeeld 'n trui sal saamneem. In plaas daarvan maak B die venster in die vertrek toe (perlokusie).

Nie alle werkwoorde is taalhandelingswerkwoorde nie. Slegs werkwoorde van segging kan as taalhandelingswerkwoorde of performatiewe gebruik word (Van Rensburg, 1982 : xxiv). Deur hierdie werkwoorde in 'n uiting te gebruik, verrig die spreker 'n handeling, byvoorbeeld beveel, vra, ensovoorts. Alston (1965 : 35) sê dat verskeie werkwoorde met handeling verband hou. Hy onderskei dan tussen werkwoorde wat illokusionêr of perlokusionêr van aard is op grond daarvan dat deur sekere werkwoorde in 'n uiting te gebruik, 'n handeling daardeur verrig is (illokusionêre werkwoorde) en ander werkwoorde wat verband hou met die effek wat dit op die hoorder het (perlokusionêre werkwoorde). Hy lys dan 'n groep werkwoorde wat hy op grond hiervan indeel, byvoorbeeld: illokusionêre werkwoorde: vra, versoek, beveel, bedank, voorspel, belowe, gelukwens, ensovoorts. Perlokusionêre werkwoorde: oorned, bemoedig, bangmaak, amuseer, verveel, ensovoorts.

2.4.2 Die onderskeid tussen sin en uiting

'n Onderskeid tussen sin en uiting is hier van belang. Ten opsigte van die term sin sal volstaan word met Levinson (1983 : 17) se opvatting, naamlik dat dit verwys na 'n abstrakte teoretiese eenheid deur die linguïes daargestel vir die bestudering van die sisteem van die taal.

'n Uiting word gesien as

"the pairing of a sentence and a context, namely the context in which the sentence was uttered" (Levinson, 1983 : 19).

Lyons (1981 : 24) wys daarop dat 'n uiting gewoonlik na die gesproke taal verwys en dit sluit aan by Harris (1951 : 14) se siening, naamlik dat die term uiting gebruik word om te verwys na

"any stretch of talk, by one person, before and after which there is silence on behalf of that person".

Die uiting is dikwels ongrammatikaal en bestaan selde uit volledige sinne, veral in die spontane gesprek. Lyons (1981 : 183) sê voorts dat 'n uiting binne 'n bepaalde konteks voorkom en dat die konteks mede-bepalend is vir die betekenis van 'n uiting. A en B bevind hulle byvoorbeeld in 'n park. A wil na die restaurant gaan terwyl B na die kweekhuis gaan. A sê aan B: "Ek ontmoet jou by die bank." Binne hierdie bepaalde konteks beteken die uiting dat die ontmoeting by die parkbank (dit wil sê in die sin van sitplek) sal geskied. Indien die konteks verskil en A en B hulle byvoorbeeld in 'n groot winkelsentrum bevind waar A dieselfde uiting teenoor B maak, sal die betekenis van die uiting verskil indien verwys word na 'n handelsbank. Alhoewel die linguïstiese vorm van die uitings in die voorafgaande voorbeeld identies is, speel die konteks 'n bepalende rol by die betekenis daarvan. Die volgende uitings kan deel vorm van 'n gesprek:

2.2 A: "Marie was gister hier. Het jy haar gesien?"

B: "Nee, Piet ook nie."

Hierdie uitings is slegs binne konteks sinvol.

2.4.3 Taalhandeling

Die term taalhandeling kan toegelig word aan die hand van Van Dijk (1975 : 277) se definisie van handeling:

Handeling (x) = gegee toestand i, word toestand j
 doelbewus teweegbring deur x
 met die doel k

Toestand verwys hier na 'n moontlike wêreld op 'n bepaalde tydstip. Van Dijk beklemtoon dit dat daar slegs na 'n gedeelte van 'n leefwêreld verwys word en nie na 'n leefwêreld in sy geheel nie. 'n Toestandsverandering word 'n gebeurtenis genoem. Aangesien 'n toestand gekarakteriseer word deur 'n bepaalde tydstip, hou 'n toestandsverandering dus ook 'n verandering van tyd in. 'n Gebeurtenis is dus tydsgeorden, dit wil sê lineêr. In hierdie verband onderskei Wybenga (1983 : 206) tussen 'n gewete en 'n waargenome wêreld, dit wil sê 'n wêreld waarvan jy weet en 'n wêreld wat jy waarneem. Uit dit wat die mens sê, dus uit die lokusiehandeling, blyk dit of hy kennis of wetes het aangaande dit wat hy meedeel en of hy sy mededeling slegs maak ten opsigte van dit wat hy waarneem. Hierdie twee wêrelde word onderskei op grond van wete. Wanneer die afstand so klein is dat dit as geen afstand ervaar word tussen wêreld en taal of uitdrukking nie (vergelyk Afdeling 3 1.2.3.1), soos byvoorbeeld by die weergawe van 'n rugbywedstryd deur 'n radiokomentator, word na die waargenome wêreld verwys (Wybenga, 1983 : 206). Die gewete wêreld veronderstel 'n afstand van wete tussen die spreker en die gebeure (Wybenga, 1983 : 207). Hierdie wete kan oor sowel sake uit die verlede as sake wat in die toekoms lê, handel. In 'n uiting soos:

2.3 Hulle sal môre vertrek.

word veronderstel dat die spreker oor kennis beskik wat hom in staat stel om so 'n uiting te maak. Sodanige kennis veronderstel 'n afstand

tussen dit wat gegee en dit wat gesê word. In die gegewe voorbeeld is die afstand toekomstverwysing.

Die gebeurtenis wat deur 'n veroorsakende gebeurtenis teweeggebring is, word 'n gevolg genoem en die finale toestand van 'n gevolg, die resultaat.

Om 'n liggaamlike gebeurtenis as 'n handeling te klassifiseer, word vereis dat die persoon by sy positiewe moet wees, daarvan bewus moet wees en beheer daáror moet kan uitoefen.

Onder handeling onderskei Van Dijk (1975 : 279) verder daade, soos byvoorbeeld wanneer 'n persoon iets doen sonder om daarvan bewus te wees. Die aanwesigheid van bedoeling onderskei handeling van nie-handeling. 'n Persoon is slegs verantwoordelik vir daardie daade en hul gevolge wat binne sy beheer is en wat hy beoog om te laat plaasvind.

Doel, waardeur 'n handeling in 'n breër raamwerk van ander handeling, gebeure en interaksies geplaas word, moet van bedoeling onderskei word, byvoorbeeld ek maak die deur oop met die doel om 'n besoeker binne te laat. 'n Doel is 'n verstandelike staat, gebeure of proses wat funksioneel beheer uitoefen oor ons (beoogde) handeling met betrekking tot hul verdere gevolge. 'n Handeling is suksesvol indien die gevolge/resultate ooreenstem met die bedoeling (gedeeitlik suksesvol) en doel (hoogs suksesvol), dit wil sê indien die illokusie verwesenlik word. Verskillende moontlikhede kan nou ontstaan, byvoorbeeld alhoewel my handeling gedeitlik mag faal (ek mag byvoorbeeld nie daarin slaag om die deur oop te kry nie), kan dit per toeval hoogs suksesvol wees (iemand anders maak byvoorbeeld op dieselfde tydstep die deur oop). Daarteenoor mag ek daarin slaag om die handeling suksesvol uit te voer, maar die beoogde gevolge ontbreek. Vergelyk in hierdie verband Austin (1975 : 107-108) se uiteensetting van die perlokusiehandeling. Alhoewel die voorafgaande voorbeeld van handeling eenvoudig van aard is, is handeling meestal saamgestel en kompleks van aard en moet hulle gedefinieer word as geordende reekse handeling wat op dieselfde vlak plaasvind (saamgestel) of op verskillende vlakke (kompleks). Saamgestelde sowe

as komplekse handeling kan gedefinieer word onder globale bedoelings en doelstellings wat dan die plaaslike bedoelings en doelstellings beheer. Globale bedoelings of makrobedoelings word planne genoem. Die finale staat van laervlakhandeling vorm gewoonlik voorwaardes vir die suksesvolheid van hoërvlakhandeling, byvoorbeeld ek haal my motorsleutel uit my sak ten einde dit in die sleutelgat van die motordeur te plaas en sodoende die motordeur oop te sluit om die motordeur te kan oopmaak en in staat te wees om in die motor te kan klim.

Persone met verskillende en onversoerbare of teenstrydige doelstellings, word antagoniste genoem en dié met ooreenstemmende doelstellings, protagoniste of helpers.

2.4.3.1 Handelingswerkwoorde

'n Handelingsbeskrywing kan gedefinieer word as 'n stel handelingsinne en onder verdere beperkings, byvoorbeeld samehang, as 'n handelingsdiskoers. 'n Handelingsin is 'n sin wat minstens een handelingspredikaat en een persoonsargument bevat. Du Plessis (1974 : 26) voer aan dat alle werkwoorde gekategoriseer kan word met betrekking tot die inherente kenmerk [statief]. Indien hierdie kenmerk by 'n werkwoord negatief is, [-statief], is die werkwoord 'n handelingswerkwoord. Du Plessis bepaal twee toetse vir die spesifisering van die kenmerk [statief].

Eerstens kan nie alle hoofwerkwoorde in bevelsinne optree nie.

2.4 Leer jou werk!

2.5 *Ken jou werk!

Hoofwerkwoorde wat wel in grammatikale bevelsinne as hoofwerkwoord kan optree, word negatief ten opsigte van die kenmerk [statief] gespesifiseer. Slegs handelingswerkwoorde kan dus as hoofwerkwoorde in bevelsinne voorkom.

Tweedens kan slegs werkwoorde met die kenmerk [-statief] as hoofwerkwoorde in die is besig-konstruksie optree.

2.6 Hy is besig om die les te leer.

2.7 *Hy is besig om die les te ken.

Handelingswerkwoorde is dus werkwoorde met die inherente kenmerk [-statief].

Du Plessis (1974 : 28) toon voorts dat slegs handelingswerkwoorde in die onderbou altyd ingelyf is in 'n naamwoordsin wat optree as voorwerp van 'n oorganklike werkwoord wat fonologies as /dun/ gerealiseer kan word. Aan die hand van die voorbeeld:

2.8 Iemand skiet die president.

toon hy dat alle oppervlaktesinne waarin 'n handelingswerkwoord voorkom, afgelei kan word van 'n preleksikale struktuur soos in Figuur 2.1. Voorbeeld 2.8 en Figuur 2.1 kan diagrammaties voorgestel word soos in Figuur 2.2. Figuur 2.2 kan omgeskakel word na Figuur 2.3.

Du Plessis (1974 : 29) toon dat die omsetting van Figuur 2.2 in Figuur 2.3 nie 'n verpligte omsetting is nie aangesien verskillende oppervlaktevoorstellings moontlik is, byvoorbeeld:

2.9 Iemand skiet die president.

of


2.10 Iemand doen dit om die president te skiet.

In die lig van Du Plessis se uiteensetting en aan die hand van Ponelis (1979 : 4) kan dus getoon word dat die sin:


2.11 Violtjies is pers.

nie 'n handelingsin is nie aangesien die bou gespesifiseer kan word soos in Figuur 2.4, terwyl die bou van die handelingsin soos in Figuur 2.5 daar uitsien.


FIGUUR 2.1



FIGUUR 2.2




FIGUUR 2.3



(Whand/WHAND = handelingswerkwoord.)


FIGUUR 2.4



ARG = Argument

PRED = Predikaat

FIGUUR 2.5



Ponelis (1979 : 557) definieer 'n handelingswerkwoord as 'n werkwoord wat in verskillende verbande met doen verbind kan word, byvoorbeeld:

2.12(a) Ons sal hier wil bly.

2.12(b) Wat ons graag sal wil doen, is om hier te bly.

Du Plessis (1974 : 30) toon aan dat daar in Afrikaans ook 'n ander doen bestaan, naamlik waar dit saam met 'n voorwerp 'n vaste uitdrukking vorm, byvoorbeeld:

2.13 Doen 'n goeie woordjie.

2.14 Doen jou woord.

Hierdie doen is egter nie 'n handelingswerkwoord nie. In die voorbeeld:

2.15 Hy doen alles wat van 'n voorbeeldige eggenoot
verwag word.

is doen 'n handelingswerkwoord en is die oppervlakterealisering van DOEN wat as simbool in die preleksikale struktuur gebruik word. Hierdie doen staan as leë of dummy-werkwoord bekend en word as skynwerkwoord beskou aangesien dit semanties leeg is. Volgens Du Plessis (1974 : 31) het hierdie doen slegs 'n kategoriale handelingsbetekenis en dui dit op handeling in die algemeen. Dit blyk daaruit dat in antwoord op die algemene handelingsvraag:

2.16(a) Wat doen jy?

enige spesifieke handeling as antwoord gegee kan word:

2.16(b) Ek skryf.

Ek hardloop.

Ek lees.

Ek lê.

Hierdie dummy-werkwoorde het in die bodem as deel van hul onderverdelingsreël 'n kombinasiereël (Du Plessis, 1972 : 22):

+[HW/ + — komplement#].

Hierdie werkwoorde detymineer die optrede van 'n adjektief, substantief of voorsetsgroep as werkwoordkomplement, byvoorbeeld maak en laat in die volgende voorbeelde:

2.17(a) Hulle maak die kinders op die regte manier groot.

*Hulle maak die kinders.

2.17(b) Die keurkomitee laat Kriek uit die span.

*Die keurkomitee laat Kriek.

Waar die werkwoord uit twee momente bestaan wat in vrye leksikale kombinasie is, byvoorbeeld inloop, inlei, oploop en oplei, toon Du Plessis (1972 : 48) dat die betekenis in gelyke mate van die twee momente afsonderlik afgelei word, maar die handeling word telkens afgelei van die werkwoord (loop en lei) en die rigting van die handeling van die voorset (in en op). Volgens Ponelis (1967 : 44) verbind deeltjewerkwoorde so heg met nie-werkwoordelike momente dat die geheel van deeltjie werkwoord gelyk is aan 'n hoofwerkwoord. Ten opsigte van deeltjewerkwoorde kan daar ook werkwoorde onderskei word waar die aanvang van die handeling soos in die werkwoordelike moment bepaal, deur die deeltjie aangedui word teenoor werkwoorde waar die deeltjie die voltooidheid van die handeling aandui. Eersgenoemde staan bekend as insetdeeltjies, byvoorbeeld aankom, en laasgenoemde as voltooidheidsdeeltjies, byvoorbeeld afgelas.

Die linguistiese konteks is dus noodsaaklik vir die identifkasiel van handelingsinne en die buite-linguistiese konteks vir die bepaling van intensies.

2.4.3.2 Die handelingsdiskoers

'n Lineêr geordende stel sinne, soos wat dit voorkom in 'n handelingsdiskoers, is goed gevorm indien dit 'n moontlike handelingsopeenvolging as referensiële waarde het. In die volgende voorbeeld is daar feitlik 'n een-tot-een-verhouding tussen handeling en diskoers:

- 2.18 Jan het opgestaan en die koerant geneem.
' Hy het op die gemakstoel gaan sit,
sy pyp aangesteek en reggeskuif om te lees.

Indien die eerste sin na die einde van die diskoers verskuif word, is dit 'n swak gevormde handelingsdiskoers aangesien **regskuif om te lees** nie 'n handeling is wat die resultaat opstaan tot gevolg het nie. Hierdie diskoers is slegs 'n **gedragsbeskrywing** waar verwys word na uiterlik waarneembare dae wat as handeling geïnterpreteer is.

Die volgende voorbeeld stem meer ooreen met wat onder vertelling veronderstel word:

- 2.19 Jan het besluit om op te staan en die koerant te gaan haal, want hy wou graag meer inligting omtrent die Hoffmanverhoor bekom. Hy verkies die gemakstoel wanneer hy lees en het daarop gaan sit. Hy het in sy baadjiesak gevroetel, sy pyp uitgehaal, dit aangesteek en hom reggeskuif om te lees. Die koerant het hom geboei en hy het ontspanne gevoel.

Nie slegs dae nie, maar ook bedoelings en hul onderliggende behoeftes, wense en voorkeure word hier weergegee. Hiermee word 'n aanduiding verskaf vir die redes waarom sekere handeling volvoer word. Aangesien dae as handeling geklassifiseer word indien die onderliggende redes bekend is of vermoed word, kan laasgenoemde as 'n **volledige of ware handelingsdiskoers** bestempel word. Aan die ander kant wys Van Dijk (1975 : 283) daarop dat 'n diskoers soos in Voorbeeld 2.19 nie bestempel

kan word as 'n normale handelingsdiskoers nie aangesien die beskrywing van geestelike gebeure en toestande nie normaalweg in derdepersoonbeskrywings gegee word met die skraping van eerste persoon-glo-sinne nie (vergelyk Afdeling 3.1.2.1.2 vir 'n verdere bespreking hiervan). Normaalweg sou die spreker byvoorbeeld eerder die uiting maak het: "Ek glo/dink dat Jan ontspanne gevoel het" as "hy het ontspanne gevoel" soos in voorbeeld 2.19. In die literatuur is sulke handelingsdiskoerse wel toelaatbaar waar van die alomteenwoordige verteller gebruik gemaak word, soos byvoorbeeld in Grensgeval (Du Plessis, 1985a : 7 en 103):

2.20 "Hy is nie seker nie"

en

"Jan voel die ongeduld klont in sy bors".

In 'n natuurlike handelingsdiskoers word voorveronderstelde sinne of irrelevante sinne gewoonlik weggelaat (vergelyk Van Dijk, 1975 : 283). 'n Sin is irrelevant indien dit verwys na 'n toestand, gebeure of handeling wat nie 'n oorsaak of rede is vir die ander handeling in die handelingsreeks nie. Soms kan 'n diskoers oorvloedige handelingsbeskrywings bevat, byvoorbeeld talle geestelike of gevoelsbeskrywings of waar die handelingsbeskrywings so volledig is dat dit dien as wêreldbeskrywings en dus die agtergrond verskaf waarteen die betrokke handeling afspeel. In die literatuur is daar soms die neiging dat beskrywings van geestestoestande of agtergrondbeskrywings die eintlike handelingsbeskrywings domineer (vergelyk Van Dijk, 1975 : 284). In hierdie verband is daar ook handelingsbeskrywings wat slegs moontlik is in alternatiewe moontlike wêreld, byvoorbeeld drome, verbeelding of begeertes. Alhoewel die handeling in die vertelling nie waarheidsgetrou hoef te wees ten opsigte van die werklike wêreld nie, moet dit verband hou met die vertellingskonteks. Sodanige gevalle kan as semi-vertellings geklassifiseer word soos ook beskrywings van gebeure waarby mense ook betrokke is, byvoorbeeld ongeluksbeskrywings in koerante. Elke vertelling is dus 'n handelingsdiskoers, maar nie elke handelingsdiskoers is 'n vertelling nie.

2.5 DEFINISIE

Die vertelling kan dus gesien word as 'n intensionele taalhandeling wat uit ten minste twee tydsgeordende clause bestaan met 'n sentrale onderwerp as saambindende faktor. Hierdie vertellingshandeling het sekere konvensionele doelstellings waarvan die onmiddellike doelstelling is om 'n verandering in die kennis van die hoorder teweeg te bring. Daar kan ook 'n aantal indirekte pragmatiese doelstellings wees, byvoorbeeld 'n raadgewende doelstelling, 'n ooredingsdoelstelling, 'n aankondigings- of waarskûwingsdoelstelling, ensovoorts. In sulke gevalle funksioneer die vertelling as 'n model van ondervinding, gebaseer op die beginsel van analogie. In hierdie geval het die vertelling dus 'n praktiese funksie. Die vertelling kan ook 'n emosionele funksie hê, soos byvoorbeeld wanneer die spreker lof of bewondering verwag.

Om 'n intensionele kommunikasiehandeling as 'n vertelling te kan klassifiseer, moet dit 'n aantal strukturele eienskappe besit waarop later gelet sal word, soos byvoorbeeld onder andere tydsordering in opeenvolgende clause en die ordening van uitings sodat 'n verwikkelde handelingstruktuur tot stand gebring word.

HOOFSTUK 3

DIE UITING AS BOUPRINSIEP VAN DIE VERTELLING

Aangesien die spontane geselsvertelling uit 'n reeks uitings bestaan, is dit nodig om die uiting nader toe te lig. 'n Uiting is deikties gebonde en het 'n bepaalde betekenis wat nie altyd duidelik uit die sinselemente blyk nie. Hierdie aspekte sal vervolgens ontleed word.

3.1 DEIKSIS

'n Uiting word deur 'n bepaalde persoon gemaak en is ten opsigte van tyd en ruimte gebonde. Deur middel van deiksís word 'n taaluiting direk aan aspekte van die konteks gekoppel. Die deiktiese sentrum veronderstel die driedimensionele snypunt van spreker, ruimte en tyd in die teenwoordigheid van 'n hoorder(s) (Wybenga, 1983 : 21). Combrink (1981 : 93) definieer deiktiese sentrum as

"in die eerste instansie as die sprekersposisie ten tye van spreke".
(Vergelyk Afdeling 3.1.1.)

Wybenga (1985 : 211) wys daarop dat die deiktiese sentrum 'n implisiete gegewe van die diskoers is. Deur middel van voorbeelde toon hy dat dit nie objektiveerbaar of projektiveerbaar is nie. Indien die uiting:

3.1 Dit reën!

sonder enige ander tyds- of ruimtelike verwysing gemaak word, beteken dit dat dit op daardie tydstip en op die plek van die uiting reën (Lyons, 1981 : 231). In hierdie geval is die deiktiese oriëntasie vanselfsprekend.

In die uiting:

3.2 Dit reën hier.

is hier nie gelyk aan die deiktiese sentrum nie. Dit verwys na die onmiddellike omgewing van die deiktiese sentrum. Dit is dus 'n verwysingspunt waarna daar vanuit die deiktiese sentrum verwys word. Dieselfde geld ook ten opsigte van nou in die volgende voorbeeld:

3.3 Dit reën nou.

Hierdie verwysingspunte kom eksplisiet in die teks voor en is dus altyd tekstueel bewysbaar, soos Ponelis (1979 : 262) ook aantoon deur middel van die volgende voorbeelde:

3.4 Voor die einde van volgende jaar sal die kerk ingewy wees.

3.5 Teen twaalfuur môremiddag het ons lankal die pad gevat.

Hierteenoor is die deiktiese sentrum nie 'n tekstuele element nie, maar 'n kontekstuele element wat as a priori van enige diskoers aanvaar word (Wybenga, 1985 : 211). Alle kontekselemente is deel van die deiktiese sentrum. Die deiktiese sentrum oriënteer ook alle sake wat in die teks of diskoers ongenoem gelaat is. Verwysingspunte wat gegee word, word dus implisiet deur die deiktiese sentrum georiënteer terwyl hierdie verwysings op hulle beurt kan dien as oriënterings vir verdere verwysingspunte soos in die volgende voorbeeld:

3.6 Môre kom ek jou om agtuur in die oggend oplaai.

In hierdie geval word môre aan die deiktiese sentrum georiënteer, dit wil sê die dag na die uiting. Agtuur in die oggend word weer om hierdie verwysingspunt georiënteer. (Vergelyk Afdeling 3.1.2.1.)

Levinson (1983 : 63) wys daarop dat deiksis egosentries georganiseer is. As deiktiese uitdrukkings gesien word as geanker aan spesifieke punte in die kommunikasiegebeure, dan vorm die ongemerkte verankeringspunte die deiktiese sentrum soos volg:

- (i) Die sentrale persoon is die spreker.
- (ii) Die sentrale tyd is die tyd waarop die spreker die uiting voortbring.
- (iii) Die sentrale plek is die spreker se ligging ten tye van die uiting.

Die tradisionele kategorieë van deiksis is persoon, plek en tyd wat verbind kan word met die drie epiese kategorieë in die narratologie, naamlik verteller, tyd en ruimte.

3.1.1 Deiksis ten opsigte van die vertelling

By die vertelling is dit belangrik om daarop te let dat daar naas die werklike deiktiese sentrum ook 'n fiktiewe deiktiese sentrum geskep word sodat daar by die vertelling ten minste twee deiktiese sentrums bestaan (Du Plessis, 1983). Dit hou verband met wat Venter (1982 : 4) die

"epies uiters relevante verdubbeling van kategorieë ..."

noem, naamlik tydsverdubbeling (fiktiewe of storietyd en werklike tyd), ruimteverdubbeling (vertelde en vertelruimte) en persoonsverdubbeling (belewende en vertellende ek).

3.1.2 Deiktiese kategorieë

3.1.2.1 Persoon


Die deiktiese kategorie persoon behels die enkodering van die rol van die deelnemers in die taalhandeling waarin die betrokke uiting voorkom. Die spreker vorm die absolute fokuspunt van die deiktiese sentrum. In die diskoers verskuif die fokuspunt voortdurend van die een spreker na die ander, maar by die vertelling vertolk die spreker die dominante rol.

Die kategorie eerste persoon is die grammatikalisering van die spreker se verwysing na homself. By die vertelling waar daar naas die werklike

deiktiese sentrum ook nog 'n fiktiewe deiktiese sentrum bestaan, verdubbel die kategorie eerste persoon sodat daar naas die vertellende ek ook nog 'n belewende ek onderskei kan word. By die vertelling kan hierdie ek-karakter òf as hooffiguur òf as waarnemer optree.

Haffter (1980 : 87) gee 'n skematiese opsomming van Genette (1980) se siening ten opsigte van die verteller soos in Figuur 3.1.

FIGUUR 3.1



Ten opsigte van die vertelling onderskei Genette (1980 : 27) tussen *histoire*, *récit* en *narration* wat onderskeidelik ooreenstem met Rimmon-Kenan (1983 : 3) se terme *story*, *text* en *narration*. *Histoire/story/storie* verwys na die inhoud van die vertelling, die *narrative content* volgens Genette se omskrywing. Ten opsigte van *diëgesis* sê Genette (1980 : 27):

"With the same meaning ["story"], I will use the term *diegesis*."

Récit/text/verhaal/vertelling is die gesproke/geskrewe diskoers of teks self. Narration is die vertelhandeling.

Genette (1980 : 228), soos Rimmon-Kenan (1983 : 47), onderskei tussen die vertelvlak en die verhouding van die verteller tot die storie. Binne 'n vertelling kan een van die karakters op sy beurt weer 'n vertelling voortbring waarin weer 'n karakter kan voorkom wat op sy beurt weer 'n vertelling voortbring, ensovoorts, sodat verskillende vertelvlakke onderskei kan word waar elke ingebedde vertelling dan ondergeskik is aan die vertelling waarin dit ingebed is (Rimmon-Kenan, 1983 : 91). Die primêre vertelling of verhaal is die hoofverhaal waarby ander ingebed kan word. Genette (1980 : 47) definieer first narrative soos volg:

"The first narrative then is the temporal level of narrative with respect to which an anachrony is defined as such."

Genette (1980 : 228) sê ten opsigte van hierdie hiërargiese struktuur:

"Any event a narrative recounts is at a diegetic level immediately higher than the level at which the narrating act producing this narrative is placed."

Die voortbrenging van die primêre verhaal geskied dus op die eerste vlak, die ekstradiëgetiese vlak. Onmiddellik ondergeskik aan hierdie ekstradiëgetiese vlak is die (intra)diëgetiese vlak waaroor vertel word, dit is die gebeure self. Stories wat deur karakters in dié voorafgaande vlak vertel word, bring 'n hipodiëgetiese vlak tot stand. Vertelling is altyd op 'n hoër vertelvlak as die storie wat dit vertel (Rimmon-Kenan, 1983 : 92) sodat die primêre verhaal vertel word deur 'n ekstradiëgetiese verteller en die ingebedde storie op die hipodiëgetiese vlak deur 'n diëgetiese (inradiëgetiese) verteller.

Ten opsigte van die verhouding van die verteller tot die diëgesis onderskei Rimmon-Kenan (1983 : 95) die volgende:

(i) 'n Heterodiëgetiese verteller, naamlik 'n


- verteller wat nie deelneem in die storie nie.
- (ii) 'n Homodiëgetiese verteller, naamlik 'n verteller wat wel deelneem in die storie.

Genette (1980 : 251) verwys na 'n outodiëgetiese verteller wanneer die homodiëgetiese verteller 'n hoofrol speel in sy eie verhaal. Die sogenaamde alomteenwoordige verteller wat nie 'n deelnemer is in sy eie vertelling nie, is sowel ekstra- as heterodiëgeties. Kenmerkend van hierdie soort verteller is bekendheid met die karakters se innerlike gevoelens en gedagtes, kennis aangaande die verlede, hede en toekoms, teenwoordigheid wanneer karakters veronderstel is om alleen te wees en kennis aangaande dinge wat gelyktydig op verskillende plekke plaasvind.

Bal (1983 : 246) onderskei ook verskillende vlakke binne die vertelling met die verteller op 'n hoër vlak as die karakters. In 'n saamgestelde vertelling kan dit gebeur dat daar binne 'n eerstepersoonsvertelling 'n vertelling ingebed is waar een van die karakters die vertellerstatus verkry (die sogenaamde derdepersoonsvertelling). Hierdie karakter verkry onmiddellik eerstepersoonstatus sodra hy met sy vertelling begin en die oorspronklike eerstepersoonsverteller verloor sy status en word deel van die vertelling. Daar is dus 'n verwisseling van ek na hy, maar hy bly steeds (intra)diëgeties of hipodiëgeties. Skematies kan dit soos in Figuur 3.2 weergegee word. Hierdie grense kan deurbreek word. 'n Verandering in die vlak beïnvloed dus die verteller. Die aanwesigheid of afwesigheid van die verteller as karakter in die vertelling beïnvloed egter nie die vlak van die verteller nie (Bal, 1983 : 246).

Net soos Genette (1980 : 10), onderskei Bal (1983 : 234) ook by die vertelling tussen *who speaks* (die verteller) en *who sees* (die fokalisator). Die beligting van gebeure vanuit verskillende hoeke, staan bekend as fokalisasie (vergelyk Bal, 1980 : 129; Genette, 1980 : 161; Viljoen, 1985 : 169).

FIGUUR 3.2



Op grond van die verdeling van inligting tussen verteller en karakter, onderskei Genette (1980 : 161) drie soorte fokalisasies, naamlik:

- (i) **Nonfocalized narrative** (nie-gefokaliseerde vertelling)
waar die verteller oor meer inligting as die karakter beskik, soos in die tradisionele alwetende soort vertelling.
- (ii) **Internal focalization** (interne fokalisasie)
waar die verteller en die karakter ewe veel weet. Drie soorte, naamlik vaste, wisselende of veelvuldige interne fokalisasie word onderskei.
- (iii) **External focalization** (eksterne fokalisasie)
waar die verteller minder weet as die karakter. Hierdie tipe fokalisasie is skaars.

Bal (1983 : 241) verwerp Genette se indeling op grond daarvan dat die onderskeiding van eksterne fokalisasie op 'n ander klassifikasiebeginsel berus as eersgenoemde twee. Eersgenoemde twee hou verband met die fokalisator se posisie ten opsigte van die storie. Dit gaan dus om wie sien terwyl dit by eksterne fokalisasie gaan om die gefokaliseerde karakter

wat gesien word. By laasgenoemde is dit 'n geval van of die objek van fokalisasie van binne of van buite beskryf word. Volgens Genette (1980 : 161) se siening verskil die voorwerp wat aanskou word sodat daar nie 'n onderskeid getref word tussen fokalisasie op en fokalisasie deur nie.

Rimmon-Kenan (1983 : 74) stel die volgende twee kriteria vir die onderskeiding van verskillende tipes fokalisasie, naamlik posisie met betrekking tot die storie en die standhoudendheid van die fokalisasie. Ten opsigte van eersgenoemde onderskei hy tussen interne en eksterne fokalisasie. Wanneer die fokalisasie ekstern tot die storie is, ontstaan die tradisionele vertellerfokalisator. Dit kom ooreen met Genette se nie-gefokaliseerde vertelling. Eksterne fokalisasie kan ook in eerste persoonsvertellings voorkom, byvoorbeeld wanneer die perspektief van die vertellende ek domineer (Rimmon-Kenan, 1983 : 74).

Indien die oriëntasiepunt vir die vertelling binne die storie wat vertel word, lê, is die fokalisasie intern. Hierdie tipe fokalisasie ontstaan gewoonlik deur 'n karakterfokaliseerder waar die vertelling byvoorbeeld beperk word tot die standpunt, waarnemingsvermoë en waarnemingsinstelling van 'n karakter binne die storie. (Vergelyk Viljoen, 1985 : 171.)

Net soos wat die fokaliseerder se posisie met betrekking tot die storie intern of ekstern kan wees, kan die gefokaliseerde ook van binne of van buite gesien word. Fokalisasie van binne/buite en eksterne/interne fokalisasie val nie noodwendig saam nie. 'n Eksterne fokalisator kan byvoorbeeld sy objek van buite beskou en niks van sy innerlike weergee nie of juis van binne sy gedagtes en gevoelens weergee.

Ten opsigte van die standhoudendheid van fokalisasie moet daarop gewys word dat fokalisasie in verskillende grade standhoudend kan wees. Dit kan byvoorbeeld deur die hele vertelling vas bly, wissel tussen twee dominante fokalisators of daar kan veelvuldige fokalisasie wees.

Binne die fiktiewe ruimte wat in die vertelling geskep word, bestaan daar fiktiewe karakters. Wat Bal (1983 : 244) ten opsigte van die leser en die

karakters in teksverband sê, geld ook vir die hoorder en die karakters in die spontane geselsvertelling, naamlik:

"The reader becomes acquainted with this who is through the medium of several agents."

Die hoorder sien as't ware die karakters, maar hy sien dit op 'n indirekte wyse deur die oë van iemand anders, naamlik die fokalisator. Voordat bepaal kan word wie sien, moet eers vasgestel word wie vertel. Hierdie verteller, hetsy dit die betewende ek is wat verteller word en of dit 'n ekstradiëgetiese heterodiëgetiese verteller is, tree in werking by monde van die spreker in die gespreksituasie.


Ten opsigte van die vertelling in teksverband, onderskei Bal (1983 : 244) die volgende hiërargie van instansies wat meewerk om die vertelling te karakteriseer:

"narrator → focalizer → actor → each of whom has an activity:
narrating → focalizing → acting → the objects of which are:
the narrated → the focalized → the object of the acting."

Elke instansie beïnvloed die oordraging van een vlak na 'n ander: die akteur skep die storie deur middel van sy optrede; die fokalisator selekteer die optredes en kies die hoeke waaruit hulle aangebied word en deur middel van hierdie optredes word die vertelling geskep, die verteller omskep die vertelling in woorde wat in die geval van 'n spontane geselsvertelling, deur die spreker geuit word.

Met die nodige aanpassings kan die skema soos in Figuur 3.3 vir die spontane geselsvertelling daargestel word na aanleiding van die skema wat Bal (1983 : 245) vir die vertelling in teksverband verskaf.

FIGUUR 3.3



Elke aktiwiteit het dus sy eie doelwit.

Bal (1983 : 249) sien fokalisasie in die breë sin van die woord as die middelpunt van belangstelling met die volgende drie beginsels ten grondslag daarvan:

- (i) Die resultaat van seleksie uit al die moontlikhede wat die vertellingsinhoud bied.
- (ii) Die gesigspunt, ook om in die abstrakte sin iets vanuit 'n bepaalde hoek waar te neem.
- (iii) Die aanbieding.

Hierdie drie aktiwiteite vat Bal onder die term oriëntasie saam. Die instansies betrokke by hierdie aktiwiteite is die fokaliseerder en die

gefokaliseerde. Bal wys verder daarop dat net soos wat daar 'n onsigbare verteller kan wees, kan daar ook 'n anonieme fokalisator wees. Die instansie wat as fokalisator funksioneer, kan wissel in die loop van die vertelling.

Bal se siening aangaande fokalisasie word egter nie sonder meer aanvaar nie. Bronzwaer (1981 : 193-200) verwerp haar siening op grond van die mag wat sy aan die fokalisator toeken, soos blyk uit die volgende:

"In Mieke Bal's writings, the focalizer shows a tendency to emancipate himself and to function as an instance to whom the narrator can delegate his authority so that he becomes endowed with the narrator's proper faculties and can, for instance, determine the words that figure in the narrative text."

Hy stel sy siening soos volg:

"It is my view that the focalizer cannot take linguistic decisions, that he does not have the status of a pragmalinguistic instance. It is my view that the concept of 'implied author' is indispensable to account for the linguistic facts of a narrative text and that it will not do so to assign the ultimate linguistic responsibility (in the pragmalinguistic sense) to a narrator."

Cloete (1986) verwerp beide Bal en Bronzwaer se sienings en verkies om fokalisasie as 'n funksie van die verteller te sien. Die verteller manipuleer volgens sy siening die vertelling, byvoorbeeld deur fokalisasie en kan byvoorbeeld ook sy funksie as verteller delegeer aan 'n karakter. Cloete gebruik die term geïmpliseerde outeur slegs in geval van 'n raamvertelling waar daar ander vertellings by ingebed is en daar duidelik sprake is van meer as een verteller en nie in die sin waarin Bronzwaer dit gebruik nie.

Myns insiens is die spreker en die hoorder die basiese elemente in die kommunikasieproses. Dit is die spreker wat besluit wat vertel word, asook die wyse waarop dit vertel word. Met die vertelling het die spreker 'n

bepaalde doel voor oë en hy poog om hierdie doel te verwesenlik deur die verhaalelemente op 'n bepaalde wyse te rangskik en aan te bied. Fokalisasie is een van die middels wat die spreker aanwend om sy doel te bereik.

Die fokalisator is nie selfstandig in staat tot seleksie nie, maar is die instrument wat deur die verteller van die verhaal gebruik word om die aandag op iets of iemand te vestig. Daar word dus 'n fokaliseerder erken, maar hierdie fokaliseerder word gemanipuleer deur die verteller van die verhaal om die aandag van die hoorder te vestig op bepaalde handeling, persone of ander dinge om die kommunikasiedoelwit te verwesenlik.

3.1.2.1.1 Verdiskontering van narratologiese feite in die linguistiese struktuur

Die vertelinstantie en fokalisasie is narratologiese elemente met belangrike linguistiese struktuurimplikasies. Hierdie twee elemente is bepalende faktore by die keuse van naamwoorde in die verwysingsstelsel. Hulle oefen 'n direkte invloed uit op pronominalisasie en anaforiek.

Alhoewel fokalisasie 'n nie-verbale proses is, word dit vergestalt in taal (Rimmon-Kenan, 1983 : 82). Die gebruik van verskillende naamwoorde vir dieselfde referent kan moontlik ook dui op 'n verskuiwing van fokalisator. 'n Vertelling kan hierdeur ook gekleur word om deur middel van implikasie die verteller se gevoel en gesindheid aan die hoorder oor te dra. In Vertelling 1.22 (Bylae) word verskillende naamwoordstukke met verskillende konnotasies gebruik om na dieselfde referent te verwys, byvoorbeeld wanneer Jakkals vir Leeu_i aanspreek, gebruik hy die eerbiedige vorm Leeu_i terwyl wanneer hy met Leeu se vrou praat, verwys hy neerhalend na Leeu as my óú ryperd_i. Leeu se vrou verwys trots na haar man as die koning_j. Die gebruik van verskillende naamwoordstukke deur verskillende sprekers kan ook in verband gebring word met fokalisatorverskuiwing, soos byvoorbeeld waar Jakkals praat van my óú ryperd_i en Leeu se vrou van die koning_j is dit telkens ook fokalisatorverskuiwing.

Vertelling 2.1 is 'n voorbeeld van waar 'n heterodiëgetiese verteller op intradiëgetiese vlak voorkom. Die verteller staan heeltemal buite die vertelde handeling en daar word deurgaans derdepersoonsvoornaamwoorde, eiename of selfstandige naamwoorde gebruik om na karakters in die vertelling te verwys, byvoorbeeld:

3.7 Ou Dawid_i, hy_i.

Waar die eerste persoonsvoornaamwoord in hierdie vertelling gebruik word, word na die verteller self, die vertellende ek, verwys en hou dit nie verband met die vertelde handeling nie.

Hierteenoor kom daar in Vertelling 2.2, 'n homodiëgetiese verteller op 'n intradiëgetiese vlak voor. In hierdie vertelling verwys die eerste persoonsvoornaamwoord ek na die verteller self en in hierdie geval na die belewende ek. Die eerste persoonsvoornaamwoord (meervoud) ons word hier vertellerinklusief gebruik.

By die mondelinge vertelling is die spreker waar hy as verteller optree, fisies teenwoordig in die gespreksituasie en daarom word die anafoor ek meestal antesedentloos gebruik om na die referent, die verteller, te verwys. (Vergelyk Prinsloo, 1982 vir 'n bespreking van anaforiek.) Waar karakters in die vertelling aan die woord kom, kom ek ook dikwels voor, maar dan word die antesedent eksplisiet deur die verteller gegee ten einde verwarring uit te skakel. Vergelyk byvoorbeeld Vertelling 1.6.

3.8 Die predikant_i sê ... "Ek_i ..."

Die sendeling_p sê ... "Ek_p ..."

Die boer_t sê ... "Ek_t ..."

Die keuse van 'n vertelinstantie (tipe verteller) en fokalisator hou dus merkbare linguïstiese implikasies in en die keuse van 'n bepaalde linguïstiese vorm is 'n manifestasie van die vertelinstantiekeuse.

3.1.2.1.2 Spraakweergawe in die vertelling

Die direkte, indirekte en vrye indirekte diskoers

'n Spontane geselsvertelling kan in sy geheel as direkte diskoers bestempel word aangesien dit die direkte woorde van die spreker is. In hierdie bespreking gaan dit egter om die gebruik of aanhaling van die eie woorde van die oorspronklike spreker deur gewoonlik 'n ander spreker in sy vertelling.

Plato het reeds tussen twee maniere van spraakweergawe onderskei, naamlik *diëgeties* en *mimeties*. Ten opsigte van die vertelling is die karakteristieke kenmerk van *diëgesis* dat die spreker die vertellersrol vervul sonder om voor te gee dat iemand anders as hy aan die woord is, byvoorbeeld deur middel van die indirekte rede. In die geval van *mimesis* aan die ander kant, probeer die spreker die illusie skep dat dit nie hy is wat praat nie, soos byvoorbeeld in monoloog, dialoog of by die direkte diskoers. Aristoteles het ook die nabootsing van 'n aksie onder *mimesis* ingesluit (Rimmon-Kenan, 1983 : 106). Vanuit letterkundige oogpunt word beswaar gemaak teen die siening dat die nabootsing van 'n aksie deel vorm van *mimesis*. Genette (1980 : 185-186) sê byvoorbeeld dat geen fiktiewe vertelling in die literatuur die handeling waarvan dit vertel, kan naboots nie aangesien die teks uit taal bestaan en taal beteken sonder nabootsing. Taal kan slegs taal naboots. By die bestudering van die geselsvertelling moet paralinguïstiese faktore, soos die nabootsing van 'n aksie, in aanmerking geneem word en saam met die gebruik van die direkte rede, verhoog dit die mimetiese aard van die vertelling.

Tradisionele grammatici onderskei tussen drie vorms van spraakweergawe, naamlik direkte, indirekte en vrye indirekte diskoers, soos byvoorbeeld onderskeidelik in die volgende voorbeelde weergegee:

3.9(a) Hy het gesê: "Nee maar die baas lyk dan nou hy't die tupeless skoene aan."

3.9(b) Hy het gesê dat dit vir hom gelyk het asof die baas

toe tupeless skoene aangehad het.

- 3.9(c) O ja, hy het London goed geken, - het dit hierdie twintig jaar geken; - was vir vyftien jaar 'n lid van die Lions; - hy het van alles wat Engels was gehou, behalwe jag. Engelse jag het hy 'n vervelige taak gevind.

Alhoewel daar meer vorme van spraakweergawe onderskei kan word, soos byvoorbeeld die sewe vorme deur McHale (1978 : 258-260) onderskei, sal daar vir hierdie ondersoek met bogenoemde drie volstaan word.

Alle vorme van gerapporteerde spraak is egter onderhewig aan manipulatie deur die rapporteur om by sy gesigspunt aan te pas (Sternberg, 1982 : 69).

Uiteenlopende menings aangaande die voorkoms van die vrye indirekte diskoers in mondelinge diskoers kan in die literatuur gevind word. Ginsburg (1982 : 135) sê,

"it means that FID (free indirect discourse) does not imitate real people's speech, it does not correspond to any utterance in the real world. It cannot be explained within a system of reproduction, representation and reflection, but only as a literary process of producing sense" (eie aksentuering).

McHale (1978 : 282) haal ook die Baxtin-groep aan wat die siening huldig dat die vrye indirekte diskoers slegs beperk is tot die literêre teks:

"The very kind of development quasi-direct discourse has undergone is bound up with the transposition of the larger prose genres into a silent register, i.e. for silent reading. Only this silencing of prose could have made possible the multilevelness and voice-defying complexity of intonational structure that are so characteristic of modern literature."

Na 'n bespreking oor die direkte en indirekte rede sê Banfield (1973 : 10) ter inleiding by 'n bespreking oor die vrye indirekte diskoers:

"Thus far we have been discussing spoken English. In certain literary texts, we find that the distinctions between direct and indirect speech appear blurred or violated."

McHale (1978 : 282) stem nie met die siening saam dat die vrye indirekte diskoers slegs tot literêre tekste beperk is nie en verwys ook na talle ander wetenskaplikes wat dit met hom eens is, byvoorbeeld Pascal (1977 : 136) en Bronzwaer (1970 : 46-49) waar laasgenoemde tot die gevolgtrekking kom dat alhoewel die vrye indirekte diskoers nie beperk is tot die literêre teks nie, dit ten minste kenmerkend is van die fiktiewe. Die vrye indirekte diskoers word volgens literêre konvensies gebruik by die uitbeelding van ironie, empatie, stream-of-consciousness en meerstemmigheid (McHale, 1978 : 283). Hy skryf ook 'n onderskeidende meta-funksie toe aan die vrye indirekte diskoers binne die sisteem van situasieverwante taalvorme. Indien, volgens McHale (1978 : 284), die hoogs belangwekkende mimetiese karakter van literatuur nie lê in

"its representation of the world out there but in its enactment of that concrete verbal interaction which is the very essence of language, and if FID is par excellence the site of such 'verbal interaction', then the relationship between FID and the literary is not merely that of index to indicated, but that of microcosm to macrocosm. FID, then, is distinctively literary not because it is exclusive to literary texts, for that is demonstrably not so, but rather because the essential character of literature is inscribed in miniature within it".

Die direkte rede

Deur van die direkte rede gebruik te maak, word van die standpunt uitgegaan dat dit die eie woorde van 'n persoon is wat aangehaal word. Sternberg (1982 : 68) toon dat dit 'n wanopvatting is aangesien die direkte rede 'n presiese weergawe van die oorspronklike spreker se woorde kan wees, maar dat dit nie noodwendig so is, moet of behoort te

wees nie. In teenstelling met wat deur die onderskeidende grammatiese struktuur van die direkte rede geïmpliseer word, is daar geen aspek of vlak wat bestand is teen beheer of manipulasie deur die persoon wat die aanhaling maak nie. Selfs hierdie grammaties beperkende struktuur word geskik na die siening van die rapporteur (Sternberg, 1982 : 69). Waar dit gaan om spraak waarvoor verslag gedoen word, wys Sternberg (1982 : 115) daarop dat daar ten opsigte van gesigspunt (vergelyk Afdeling 3.1.2.1) gewoonlik vier perspektiewe is, naamlik die van die rapporteur, van die gerapporteerde en hul onderskeie aangesprokenes. Die spreker gebruik die woorde van die aangehaalde binne 'n nuwe raamwerk om te pas by sy gesigspunt. Die oorspronklike spraakhandeling word dus uit sy oorspronklike konteks gehel en binne 'n nuwe konteks geplaas.

Die grammatiese kenmerke van die direkte, indirekte en vrye indirekte rede word saamgevat in Tabel 3.1. Partee (1973 : 410) wys daarop dat aanhalingstekens wat in 'n geskrewe teks gebruik word om 'n direkte aanhaling aan te dui, 'n ortografiese middel is met geen analogiese weergawe in die gesproke taal nie. Sy sê voorts:

"Perhaps the nearest thing spoken language has to a natural quotation device is an intonational one, namely, a pause before and after the quoted sentence, plus (imitation of (?)) the intonation the sentence would have in isolation." (Partee, 1973 : 411.)

Volgens Partee is die woordorde in 'n mondelinge aanhaling meestal soos in voorbeeld 3.10(a) terwyl dié in geskrewe vorm meestal die omgekeerde woordorde volg soos in voorbeeld 3.10(b).

3.10(a) Toe het John gesê: "Waarom gaan jy nie?"

3.10(b) "Ek sal môre gaan," het John gesê.

Net soos Partee (1973) is Banfield (1973 : 18) wat binne die transformasioneel-generatiewe raamwerk werk, ook van mening dat die direkte rede uit twee opeenvolgende onafhanklike sinne bestaan. Gevolglik ontbreek die onderskikker **dat** in die direkte rede. Die

verwantskap tussen die twee sinne word aangedui deur linguistiese prosesse, byvoorbeeld:

(i) Pronominalisasie :

Hierdie kennisgewing sê: "David Livingston het hier geslaap," maar ek glo nie hy het regtig nie.

(ii) Ellips

"Ek praat beter Afrikaans as albei julle," het Charles geskree, waardeur hy my oortuig het dat hy nie.

(iii) Semantiese anafore

Hy het gesê: "Dit is duidelik dat julle die werk deeglik onder die knie het," maar hy het eintlik die teenoorgestelde bedoel.

en deur die onderdrukte demonstratiewe voorwerp van die kommunikasiewerkwoord. Banfield (1973 : 18) vat hierdie twee prosesse saam onder wat sy noem die anaforiese E-beginsel. Hierdie beginsel stel dat sekere anaforiese NS-voorwerpe van kommunikasiewerkwoorde (byvoorbeeld hierdie, die volgende stelling, en hierdie liedjie) koreferensieel mag wees met 'n volgende E of 'n reeks E's (E dui 'n welgevormde uitdrukking aan).

Die anaforiese E-beginsel onderskei die direkte van die indirekte rede deurdat die aangehaalde spreker se eie woorde in eersgenoemde na die kommunikatiewe werkwoord kan verskyn. Aangesien die direkte rede die aangehaalde spreker se eie woorde veronderstel, moet die bywoorde soos nou, vandag, môre, gister, hier, ensovoorts, asook die teenwoordige tydsvorm geïnterpreteer word met verwysing na die tyd en plek van die aangehaalde woorde (Banfield, 1973 : 18). Hierteenoor verwys hierdie bywoorde in die indirekte rede na die tyd en plek van die konteks waarin die aanhaling gemaak word. Vergelyk in hierdie verband Voorbeeld 3.11(a) teenoor 3.11(b):

- 3.11(a) Gister het Marie vir my by die stasie gesê:
"Ek sal jou môre hier ontmoet."

- 3.11(b) Gister het Marie vir my by die stasie gesê
dat sy my vandag daar sou ontmoet.

Partee (1973 : 416) verwys na die siening van sommige filosowe waarvolgens demonstratiewe wat altyd referensieel is, byvoorbeeld hierdie, daardie, hier, daar, nou en ek, nie bydra tot die betekenis van 'n sin in die sin dat dit 'n betekenis van hul eie het nie, maar vir elke demonstratief is daar 'n soort geassosieerde algoritme wat, gegee die linguïstiese konteks van die demonstratief in die sin en die linguïstiese en ekstralinguïstiese konteks waarin die sin voorkom, sekere voorwerpe of eienskappe van die hele konteks selekteer as referent van die demonstratief. In die volgende voorbeelde word die geuite demonstratief tipies vergesel van 'n gebaar:

- 3.12(a) 'n Spiraaltrap lyk so +[gebaar].
- 3.12(b) Hy het sy tong uitgesteek en so gemaak +[gebaar].
- 3.12(c) 'n Goë manier om 'n vyfpuntster te teken, is so +[gebaar].

Die gebaar is nie linguïsties deel van die sin nie, maar die demonstratief in die sin verwys na die gebaar aangesien konvensie bepaal dat die demonstratief verwys na wat gedemonstreer word. Analoog aan bogenoemde is die volgende voorbeelde waar 'n geluid die gebaar vervang, maar die geluid vorm steeds nie deel van die sin nie:

- 3.13 Piet het so gemaak +[geluid deur middel van stem].

In die mondelinge vertelling kom dikwels demonstratiewe met gepaardgaande gebare of stemklanke voor.

'n Verdere onderskeid tussen die direkte en indirekte rede is dat in geval van die direkte rede daar 'n nuwe spreker en hoorder ten opsigte van die aanhaling gestel word (behalwe waar 'n persoon sy eie woorde aanhaal) terwyl die indirekte rede nie nuwe referente vir die eerste- en

tweedepersoonsvoornaamwoorde vir die aangehaalde gedeelte toelaat nie. Die indirekte rede word deur die volgende beginsel aan bande gelê ten opsigte van die eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde van die aangehaalde gedeelte (Banfield, 1973 : 20): Vir elke uitdrukking (E) is daar 'n unieke referent ek (die spreker) en 'n unieke referent jy (die aangesprokene).

By die indirekte rede is daar dus slegs sprake van een spreker teenoor twee sprekers en gesigspunte by die direkte rede. By die indirekte rede speel die oorspronklike spreker van die aangehaalde gedeelte geen direkte linguïstiese rol nie.

Ekspressiewe woorde/sinsnedes in die indirekte rede druk gewoonlik die gesindheid van die spreker wat dit aanhaal, uit en nie die van die oorspronklike spreker nie. (Vergelyk Afdeling 2.4.3.2.) Dit hou verband met die kategorie evaluering soos deur Labov onderskei en bespreek in Afdeling 4.3.4. Hierdie reël word soms, veral in die letterkunde, oortree as gevolg van die tipe fokalisasie waar die innerlike gevoel van die gefokaliseerde blootgelê word. (Vergelyk Rimmon-Kenan, 1983 : 80.) In Voorbeeld 3.14 dui die ekspressiewe woord *ellendige* gewoonlik die siening van die spreker aan, behalwe in geval waar Piet die gefokaliseerde is en hy van binne waargeneem word.

3.14 Piet het my daaraan herinner dat die ellendige Jan
laat was.

Selfstandige naamwoorde wat in die indirekte rede op dieselfde wyse funksioneer, dui 'n bepaalde verwantskap aan met die spreker van die aangehaalde gedeelte, byvoorbeeld *Pa, Ma, Oupa, oom Jan*, ensovoorts (Banfield, 1973 : 23). By die eerstepersoon refleksiewe voornaamwoorde in die indirekte rede (byvoorbeeld *my ma*) verwys dit na die *ek* (unieke spreker) van die algehele uitdrukking.

Die beginsel waarvolgens daar slegs een spreker per uiting bestaan, dui daarop dat die grammatika 'n spreker nie toelaat om 'n ander se stemming weer te gee anders as deur middel van 'n direkte aanhaling nie. Die

stemming kan wel beskryf word, maar ekspressiewe sinsnedes is beperk tot die oorspronklike unieke spreker van die uiting. Die twee aanhalingsmetodes toon dat die grammatika die oorspronklike vorm van 'n uiting onderskei (Banfield, 1973 : 25).

Die indirekte rede

Die indirekte rede is 'n vorm van parafrasering, dit wil sê die omskakeling van 'n oorspronklike spreker se woorde deur 'n daaropvolgende spreker in sy diskoers. Die indirekte rede het slegs een spreker en die oorspronklike spreker van die indirekte aanhaling speel geen direkte linguistiese rol nie (Banfield, 1973 : 20). Rimmon-Kenan (1983 : 109) definieer indirekte diskoers as

"a paraphrase of the content of a speech event, ignoring the style or form of the supposed 'original' utterance".

Volgens Sternberg (1982 : 70) kan die oorspronklike spreker nie heeltemal buite rekening gelaat word nie, want

"however drastically paraphrased the wording of the inset, it still reflects the reportee's perspective by adhering to his range of information or his distinctive world view or his attitude toward the addressee or some other extralinguistic dimension of the represented message".

Alhoewel indirek, bly dit steeds 'n aanhaling van 'n uiting deur 'n ander spreker. Sternberg (1982 : 70) sê voorts dat alhoewel dit 'n indirekte aanhaling is, mag dit festlik 'n woordelike weergawe van die oorspronklike uiting wees met slegs sekere verpligte grammatiese stylaanpassings, byvoorbeeld ten opsigte van die deiktiese kategorieë van tyd, persoon en demonstratiewe.

McHale (1978 : 256) sê dat in die alledaagse mondelinge diskoers dit teoreties moontlik is om altyd die oorspronklike direkte uiting af te lei uit die nie-direkte weergawe. Dit is egter nie die geval by fiksie nie waar

daar geen oorspronklike direkte uiting bestaan in geval van die indirekte of vrye indirekte rede nie.

Die indirekte rede verskil soos volg van die direkte rede (Banfield, 1982 : 3):

- (i) Die onderskikkende voegwoord dat lui meestal die indirekte rede in.
- (ii) By die indirekte rede is die werkwoord aan tydsopvolgingsreëls onderworpe.
- (iii) By die indirekte rede is die grammatiese persoon van voornaamwoorde met dieselfde referent in die hoof- en ingelyfde clause identies.
- (iv) Die demonstratiewe elemente wat verwys na die tyd en plek van die aangehaalde spraakhandeling verskil by die direkte en indirekte rede soos reeds genoem.

'n Ooreenkoms tussen die direkte en indirekte rede is dat albei deur 'n kommunikatiewe werkwoord ingelei word, byvoorbeeld *sê, vra, verklaar, beveel*, ensovoorts.

In 'n ondersoek na die direkte, indirekte en vrye indirekte diskoers binne die transformasioneel-generatiewe raamwerk lys Banfield (1973 : 6) 'n aantal konstruksies wat volgens haar slegs in die direkte rede kan voorkom, byvoorbeeld uitroepe, herhalings, onvoltooide sinne, die gebruik van verskillende dialekte/tale, ensovoorts. McHale (1978 : 253-257) wat binne 'n funksionele raamwerk werk, weerlê egter hierdie bevindings en wys daarop dat Banfield deur die transformasioneel-generatiewe raamwerk genoodsaak word om uitspraak oor grammatikaliteit te lewer wat in wese arbitrêr van aard is.

Die kenmerke van die indirekte rede word saamgevat in Tabel 3.1.

Die linguistiese kenmerke van die vrye indirekte diskoers skep die indruk dat dit 'n kombinasie is van die direkte en indirekte diskoers soos blyk uit tabel 3.1 (Rimmon-Kenan, 1983 : 111-113). Verskille word genoem ten opsigte van:

- (i) die verslaggewende werkwoord en die voegwoord dat;
- (ii) tyd;
- (iii) persoonlike en besitlike voornaamwoorde;
- (iv) deiksis (dit is demonstratiewe uitdrukkings);
- (v) vrae;
- (vi) vokatiewe, tussenwerpsels, leksikale registers of dialektiese kenmerke.

Bogenoemde numering is in ooreenstemming met die numering gebruik in Tabel 3.1.

TABEL 3.1
VERGELYKING VAN DIE DIREKTE, INDIREKTE EN VRYE INDIREKTE DISKOERS

Direkte diskoers	Indirekte diskoers	Vrye indirekte diskoers
(i) Die verslaggewingswerkwoord is aanwesig of geïmpliseer, maar die aangehaalde uiting is nie sintakties ondergeskik daaraan nie. Die voegwoord dat is afwesig, byvoorbeeld:	Die verslaggewingswerkwoord word altyd gegee en die aangehaalde uiting is ondergeskik hieraan. Die voegwoord dat is opsioneel, maar word logies geïmpliseer wanneer afwesig,	Afwesigheid van verslaggewingswerkwoord en die voegwoord dat, byvoorbeeld: Hy het haar lief.

Hy het gesê: "Ek is lief vir haar."	byvoorbeeld: Hy het gesê dat hy haar lief het.	
(ii) Indien die direkte rede in die teenwoordige tyd is, byvoorbeeld: Hy het gesê: "Ek is lief vir haar."	dan is die indirekte rede in die verlede tyd, byvoorbeeld: Hy het gesê dat hy vir haar lief was.	en die vrye indirekte rede in die verlede tyd, byvoorbeeld: Hy was lief vir haar.
Verlede tyd Hy het gesê: "Ek was lief vir haar."	Voltooide verlede tyd Hy het gesê dat hy vir haar lief was.	Voltooide verlede tyd Hy was lief vir haar.
Toekomende tyd Hy het gesê: "Ek sal altyd vir haar lief wees."	Verlede toekomende tyd Hy het gesê dat hy altyd vir haar lief sou wees	Verlede toekomende tyd Hy sou altyd vir haar lief wees.
(iii) Indien persoonlike en besitlike voor- naamwoorde eerste of tweede persoon is, byvoorbeeld: "Ek is lief vir haar."	dan word beide derde persoon, byvoorbeeld: ... hy vir haar lief was.	ook derde persoon, byvoorbeeld: Hy was lief vir haar.

(iv) Deiktiese woorde nou Hy het gesê: "Ek woon nou in Pretoria."	toe Hy het gesê dat hy toe in Pretoria gewoon het.	nou Hy woon nou in Pretoria.
vandag	daardie dag	vandag
môre	die volgende dag	môre
hier	daar	hier
(v) Vrae Werkwoord+onderwerp Sy het gevra: "Is jy lief vir my?"	Onderwerp+werkwoord Sy het gevra of hy vir haar lief was.	Werkwoord+onderwerp Was hy lief vir haar?
(vi) Vokatiewe, tussenwerpsels, leksikale registers of dialektiese kenmerke Toelaatbaar	Ontoelaatbaar	Toelaatbaar

Net soos by die indirekte rede is daar ook 'n terugskuiwing van tyd by die vrye indirekte rede, maar die deiktiese elemente bly dieselfde, soos by die direkte rede. McHale (1978 : 252) som die kenmerke van die vrye indirekte rede soos volg op:

"It resembles ID (indirect discourse) in person and tense, while it resembles DD (direct discourse) in not being strictly subordinate to a 'higher' verb of saying/thinking, and in deictic elements, the word-order of questions, and the admissibility of various DD features."

By die vrye indirekte rede is dit dikwels moeilik om die oorsprong van 'n uiting vas te stel, dit wil sê of dit die woorde van die verteller of 'n karakter is (vergelyk Rimmon-Kenan, 1983 : 113, asook McHale, 1978). Hierdeur word die meerstemmigheid asook verskillende gesigspunte in die vertelling beklemtoon.

3.1.2.2 Plek

Die enkodering van ruimtelike liggings ten opsigte van die ligging van verankeringspunte in die taalhandeling geskied deur middel van die deiktiese kategorie plek. Levinson (1983 : 79) wys daarop dat daar twee basiese maniere is om na voorwerpe te verwys, naamlik:

- (i) deur dit te beskryf of by die naam te noem, of
- (ii) om hulle ligging aan te dui.

Ligging kan gespesifiseer word in verhouding tot ander voorwerpe of vaste verwysingspunte, byvoorbeeld:

3.15 Die stasie is 200m vanaf die kerk.

Ligging kan ook deikties gespesifiseer word in verhouding tot die ligging van deelnemers aan die taalhandeling (Levinson, 1983 : 79), byvoorbeeld:

3.16 Hy woon 200m van hier af.

(Vergelyk ook Afdeling 3.1.)

By die vertelling word onder die kategorie ruimte egter meer ingesluit as slegs bogenoemde. Die uitgangspunt wat Venter (1982) in sy

proefskrif, **Ruimte as epiese kategorie**, volg, is deels ook van toepassing op die vertelling. Hy wys daarop dat in die ouer epiese paradigma die ruimtebeelding gereduseer is tot 'n bespreking van ruimte as agtergrond of **setting** (Venter, 1982 : 14). Aan hierdie agtergrond is 'n referensiële of mimetiese funksie toegeken. Hy wys egter ook daarop dat ruimtevulling hinderlike vulling is as beskrywings te selfstandig word en die aandag van die handeling aflei. Hy is dit daarmee eens dat ruimte as agtergrond dien vir die persone en die gebeure, en dat ruimtelikhede tematiese, simboliese of metaforiese waardes dra, maar wys ook daarop dat dit nie nêr dit is nie (Venter, 1982 : 21).

Die ruimtelike aspek van die epiese diskoers word bestudeer met die oog op fokalisasie (wie sien), fokus (wat gesien word en die ruimtelike afstand tussen waarnemer en objek) en die posisie van die waarnemende subjek (Venter, 1982 : 19). Die fokaliserende karakter of verteller kan naby of ver staan van dit wat hy fokaliseer of hy kan binne of buite die gefokaliseerde ruimte staan (Venter, 1982 : 90).

By die vertelling, net soos by die epiese werk, kan die vertelde ruimte as 'n woordruimte gesien word. Die vertelde ruimte dui op die plek waar die gebeure afspeel en die fisiese, sosiale of kulturele omstandighede wat hierdie plek kenmerk (Venter 1982 : 209). Venter wys daarop dat die begrip *mimesis* ten grondslag lê van die vertelde ruimte. Die leser stel hom die vertelde ruimte voor op grond van sy eie werklikheidswetes en daarom berus die skepping van die vertelde ruimte op die beginsel van herkenbaarheid. In al sy fasette het die storieruimte dus 'n referensiële betekenis (Venter, 1982 : 210).

Hierteenoor dui die **vertellersruimte** op die standpunt en die situasie waaruit vertel word, sowel as op die bewussyn agter die vertelde waarneming of belewinge.

Die kategorie **plek** word binne die linguistiese struktuur van die vertelling hoofsaaklik verdiskonteer in die gebruik van adjunkte van **plek**. Plek kan ook aangedui word deur onder andere:

Voorbepalings:

3.17(a) Hierdie man is die skuldige.
teenoor

3.17(b) Daardie man is die skuldige.

waar hierdie dui op in die onmiddellike omgewing van die spreker terwyl daardie verwyderheid van die spreker aandui (vergelyk Ponelis, 1979 : 89; Wybenga, 1985 : 209; De Villiers, 1975 : 138).

Werkwoorde:

3.18(a) Kom klim in.
teenoor

3.18(b) Gaan kombuis toe.

Kom word in hierdie geval gebruik met die betekenis

"beweeg na 'n bestemming, naamlik die deiktiese sentrum" (Combrink, 1981 : 93),

terwyl gaan hier gebruik word met die betekenis

"beweeg na 'n bestemming, naamlik nie die deiktiese sentrum nie" (Combrink, 1981 : 94).

Voorsetsels:

3.19(a) Hy klim in die motor.
teenoor

3.19(b) Hy klim uit die motor.

By die interpretasie van hierdie adjunkte, byvoorbeeld hier, daar, ensovoorts, moet die deiktiese sentrum ter sprake eers bepaal word, met ander woorde verwys die spreker na 'n ligging binne die fiktiewe deiktiese sentrum of is die ligging gespesifiseer ten opsigte van die

werklike deiktiese sentrum. Die antesedente waarna adjunkte van plek anafories verwys, is dus bepaalbaar met in agneming van die deiktiese sentrum ter sprake. Die kategorie plek/ruimte vind 'n linguistiese neerslag in byvoorbeeld adjunkte, voorbepalings, werkwoorde en so meer.

3.1.2.3 Tyd

Tyd is een van die struktuurelemente van die vertelling. Vir die vertelling is dit nodig om kennis te dra van hoe tyd, in die ruimer sin van die woord, in die vertelling vergestalt word asook kennis aangaande die sistematiese tydsverskille soos wat dit in die werkwoord uitgedruk word, dus tempus (tense). Comrie (1985 : 1) definieer tyd (tempus/tense) as

"the grammaticalization of location in time",

maar hy sê dat daar ook ander tydsuitdrukkings in taal voorkom.

Alle tale van die wêreld druk tyd grammaties op een of ander wyse uit (vergelyk in hierdie verband Comrie, 1985 : 7). Volgens die tradisionele standpunt word tyd deur die werkwoord vergestalt aangesien handeling met duur gekoppel word en duur altyd in tyd veranker is. Oor hierdie wanopvatting laat Lyons (1977 : 678) hom soos volg uit:

"Traditional doctrine is also misleading in that it tends to promote the view that tense is necessarily an inflectional category of the verb."

Hy sien tydsvergestalting in tale as 'n deiktiese kategorie (Lyons, 1977 : 676). Hiermee stem Wybenga (1983 : 20) saam op grond daarvan dat tyd egosentries is en ruimtelik belewe word. De Villiers (1968 : 14) verwys in hierdie verband na egosentriese of fatiese tydservaring aangesien


"die ek die sentrum is en die uitgangspunt, die nou is die tyd wanneer die spreker (ek) praat".

Die tydstep waarop die uiting gemaak word, is een van die elemente van die deiktiese sentrum. Gebeure wat voor hierdie punt plaasgevind het, behoort tot die verlede en gebeure wat na hierdie punt moontlik gaan plaasvind, tot die toekoms. Weens sy deiktiese aard, kan tyd soos volg ingedeel word:

- (i) uitingstyd, die teenwoordige tyd,
- (ii) tyd wat die uitingstyd vooraf gaan, die verlede tyd en
- (iii) tyd wat volg na die uitingstyd, die toekomstige tyd.

Comrie (1985 : 2), soos ook Lyons (1968 : 305) en Wybenga (1983), stel tyd diagrammaties as 'n reguit lyn voor waar die teenwoordige tyd (uitingstyd) as 'n punt gemerk 0 op die lyn aangedui word met die verlede tyd links hiervan en die toekomstige tyd regs hiervan.

FIGUUR 3.4



Stellings wat in die taal gemaak word aangaande tyd, kan hierop diagrammaties voorgestel word, byvoorbeeld deur te sê dat een gebeurtenis ná 'n ander plaasgevind het, kan dit diagrammaties aangetoon word dat dit na regs ten opsigte van die ander gebeurtenis op die tydslyn geleë is; om te sê dat een gebeurtenis gedurende 'n ander proses plaasvind, kan diagrammaties getoon word dat dit binne die tydspan van die ander val. Aangesien 'n proses 'n sekere tydsduur het, word dit nie as 'n punt op die tydslyn aangedui nie, maar dit beslaan 'n gedeelte daarvan.

Ponelis (1979 : 261) wys daarop dat tyd as verwysing na die verlede, die hede en die toekoms in Afrikaans werkwoordelik deur **medewerkwoorde** (soos *sal*, *gaan* en *het*) en **adjunkties** (deur tydsadjunkte soos *nou* en *gister*) uitgedruk word. In Afrikaans bestaan daar 'n sistematiese

werkwoordelike tydskategorie of tempusstelsel in die onderskeid tussen die presens en die preteritum (Ponelis, 1979 : 263).

3.20	Presens	Preteritum
	gee	het gegee
	is gewillig	was gewillig

Die presens word aangedui deur die ongemerkte patroon (die hoofwerkwoord alleen, byvoorbeeld gee) of in die omskrywingspatroon deur die werkwoord word (byvoorbeeld: Daar word gesing), terwyl die gemerkte patroon met het by die oorweldigende meerderheid werkwoorde vir die preteritum gebruik word (Ponelis, 1979 : 264).

In 'n uiting word tyd nie slegs deur die werkwoord uitgedruk nie, maar die uiting in sy geheel dra by tot die tydsoriëntering soos Comrie (1985 : 12) dit stel:

"While much traditional grammar regards tense as a category of the verb on the basis of its morphological attachment to the verb, more recently it has been argued that tense should be regarded as a category of the whole sentence, or in logical terms, of the whole proposition, since it is the truth-value of the proposition as a whole, rather than just some property of the verb, that must be matched against the state of the world at that appropriate time point." (Vergelyk ook Lyons, 1977 : 678.)

Comrie (1985 : 12) verwys na meer onlangse ondersoeke waarin die moontlikheid genoem word dat die siening waarvolgens tyd met die werkwoord verband hou dalk wel korrek mag wees op grond daarvan die NS-argumente van die werkwoord dikwels buite die bestek van tyd val terwyl die werkwoord binne die bestek van tyd val. In die analise waar tyd as 'n sinskategorie beskou word, moet die neiging vir tydsaanduiders om die werkwoord aan te hang, gesien word in terme daarvan dat die spelwerkwoord die hoofelement van die sin vorm. Volgens die analise waar tyd egter as 'n kategorie van die werkwoord gesien word, hoef geen

verdere verduideliking vir die verkleefdheid van tyd met die werkwoord gegee te word nie.

In sy studie ten opsigte van tydsvergestalting in Afrikaans, onderskei Wybenga (1983 : 206) tussen 'n gewete en 'n waargenome wêreld. Op grond van die wyse waarop die mens die wêreld in taal vergestalt, blyk dit of hy reeds oor kennis beskik aangaande dit wat hy meedeel en of hy mededelings maak op grond van wat hy waarneem. In eersgenoemde geval bestaan daar 'n afstand van wete tussen die talige uiting en die wêreld en in laasgenoemde geval is die afstand so klein dat dit vanuit die spreker se waarneming gelyktydig is. 'n Tipiese voorbeeld van laasgenoemde is die weergawe van 'n radiokommentator van 'n sportwedstryd. By die vertelling kom laasgenoemde selde ter sprake aangesien die gelyktydige vertelling seldsaam is in Afrikaans.

In hierdie verband onderskei Prince (1982 : 27) tussen:

- (i) Posterieure vertellings wat die algemeenste voorkom en in welke geval die vertelling in tyd volg op die gebeure waaroor dit handel.
- (ii) Anterieure vertellings of die sogenaamde voorspellende vertellings wat baie selde voorkom en waar die vertelling die gebeure voorafgaan.
- (iii) Gelyktydige vertellings waar die vertelling en gebeure gelyktydig plaasvind.

Prince wys ook daarop dat dit soms moeilik is om te bepaal of 'n vertelling posterieur, anterieur of gelyktydig is ten opsigte van die vertelde gebeure aangesien die grammatiese tyd in die vertelling nie direk hiermee verband hou nie. Die teenwoordige tyd kan byvoorbeeld afwisselend met die verlede tyd in dieselfde vertelling gebruik word om na afgehandelde gebeure te verwys. Die gebruik van die historiese presens word later in Afdeling 3.1.2.3.4 breedvoerig bespreek.

Met die deiktiese sentrum as oriënteringspunt word daar onderskei tussen die verlede, teenwoordige en toekomstige tyd. Ten opsigte van die vertelling laat Bellos (1980 : 77) hom as volg uit:

"It has long been recognized that the tenses used in narrative are often anomalous."

Alhoewel nie verpligtend nie, is die gebruik van die historiese presens eie aan die vertelling waar van die presens gebruik gemaak word om na gebeure te verwys wat ten opsigte van die deiktiese sentrum, tot die verlede behoort. In hierdie studie oor die struktuur van die mondelinge vertelling moet hierdie anormale tydsverwysingsmetode ook ontleed word met die oog op die invloed wat dit uitoefen op die struktuur van die vertelling. Bellos (1980 : 77) sê voorts ten opsigte van die historiese presens dat

"(it) can be accounted for in a theory of narrative that attributes a special pragmatic status, but not a special tense-system, to narrative utterances".

Die historiese presens word breedvoerig in Afdeling 3.1.2.3.4 bespreek.

3.1.2.3.1 Die teenwoordige tyd

Volgens die diagrammatiese voorstelling, soos in Afdeling 3.1.2.3, word die teenwoordige tyd as 'n enkele punt op die tydas voorgestel wat saamval met die huidige moment. Dit gebeur baie selde dat 'n situasie met die uitingsmoment saamval. 'n Voorbeeld hiervan is performatiewe sinne, dit wil sê sinne waar die daad wat deur die sin beskryf word, uitgevoer word deur die uiting van die sin, soos:

3.21(a) Ek belowe om jou te vergoed.

3.21(b) Ek doop jou Jan Frederik.

'n Soortgelyke geval is 'n verslag/kommentaar wat gelyktydig met die gebeure verskaf word, byvoorbeeld waar 'n kommentator by 'n perdewedren sê:

3.22 Politician steek die wenstreep eerste oor.

Alhoewel so 'n uiting as gelyktydig met die handeling ervaar word deur die hoorder, vind dit in werklikheid nie gelyktydig plaas nie aangesien die kommentator eers die gebeure moet waarneem alvorens hy dit kan beskryf. Daar is dus 'n tydsverloop tussen die handeling en uitingsmoment (die beskrywing).

In geval van 'n performatiewe uiting/'n verslag/kommentaar, soos in Voorbeeld 3.21(a), 3.21(b) en 3.22 word vereis dat die uitingsligging en die handelingsligging moet saamval wat weergegee kan word as:

$$\left[\begin{array}{l} + \text{handeling} \\ + \text{S-teenwoordigheid} \\ + \text{uiting} \\ + \text{presens} \end{array} \right] \quad \equiv \quad \begin{array}{l} \text{performatiewe uiting/} \\ \text{verslag/kommentaar} \end{array}$$

Waar die teenwoordige tydsvorm andersins gebruik word, geld:

$$\left[\begin{array}{l} + \text{handeling} \\ + /-\text{S-teenwoordigheid} \\ + \text{uiting} \\ + \text{presens} \end{array} \right]$$

Waar daar byvoorbeeld kommentaar gelewer word oor 'n resies kan die kommentator sê:

3.23 Windell hardloop in die 800m vir vroue.

In hierdie geval sal die uitingsmoment en die duur van die handeling slegs gedeeltelik saamval. In Afrikaans vereis die gebruik van die teenwoordige

tydsvorm nie dat die handeling voltrek moet word gedurende die uitingstyd nie (vergelyk ook Cooper, 1986 : 28, 30).

Die gebruik van die presens in 'n taal dek 'n baie wyer veld as slegs in performatiewe, verslae of kommentaar. Bogenoemde geval waar van die presens gebruik gemaak word om na situasies te verwys wat 'n langer tyd duur as slegs die uitingsmoment, maar waarby die uitingsmoment ook inbegrepe is, is 'n meer algemene gebruiksvorm. Die presens word gebruik om na toestande of prosesse te verwys wat op die huidige moment geld, maar wat lank voor hierdie tydstip 'n aanvang geneem het en nog lank hierna gaan voortduur (vergelyk in hierdie verband ook Ponelis, 1979 : 261 ten opsigte van atemporele sinne), byvoorbeeld:

- 3.24(a) Die Voortrekkermonument staan in Pretoria.
- 3.24(b) Die skrywer is besig met die tweede hoofstuk van sy nuwe boek.

In albei gevalle geld die situasie op die uitingsmoment, maar is nie hiertoe beperk nie (Comrie, 1985 : 38). In ooreenstemming hiermee wys Wybenga (1983 : 74) daarop dat die oomblik van spreke nie as 'n eendimensionele snit op die tydas gesien moet word nie. Hoe nader die gebeure of toestand waaroor die spreker praat aan die oomblik van spreke lê, hoe nader sal die tydsafstand wees wat in die taal weergegee word. Daarom kan sake as behorende tot die oriëntering van die deiktiese sentrum gesien word selfs al verskil dit in tyd van die uitingsmoment, byvoorbeeld:

- 3.25 Dit hael nou baie.

In hierdie uiting hoef nou nie noodwendig na die uitingsmoment te verwys nie. Binne 'n bepaalde konteks kan die spreker byvoorbeeld na die heersende weerstoestand van die afgelope tyd en in die voorsienbare toekoms verwys.

Die presens verwys dus na 'n situasie wat op die huidige moment geld, maar hierdie situasie mag deel wees van 'n groter tydspan. Ander tydsadjunkte kan gebruik word om die duur van die groter eenheid uit te druk, byvoorbeeld:

3.26 Die skrywer werk aan hoofstuk twee van sesuur tot twaalfuur vandag.

Comrie (1985 : 39) onderskei ook 'n derde gebruikskategorie vir die presens, naamlik vir die weergawe van gewoontes (vergelyk ook Ponelis, 1979 : 261), byvoorbeeld:

3.27 Jan vertrek soggens om agtuur na sy werk.

In hierdie verband laat hy hom soos volg uit:

"Sentences with habitual aspectual meaning refer not to a sequence of situations recurring at intervals, but rather to a habit, a characteristic situation that holds at all times."

Hierdie gewoonte geld op die huidige moment en daarom is die presens 'n geskikte tydsvorm vir die beskrywing van gewoontes. Ponelis beskou hierdie tipe sinne sowel as dié waarin algemene uitsprake voorkom byvoorbeeld:

3.28 Sout los op in water.

as atemporeel (Ponelis, 1979 : 261). Ter staving voer hy aan dat hierdie sinne oor stabiele of herhalende situasies handel en daar nie aangedui hoef te word dat die tyd van hierdie situasies verskil van die uitingstyd nie. Die ongemerkte werkwoordpatroon, dit wil se hoofwerkwoord alleen (oplos in die voorafgaande voorbeeld) word hier gebruik.

Die presens dui dus nie sonder meer die uitingstyd aan nie (vergelyk ook Lyons, 1968 : 306), maar is die tyd wat deur die deiktiese sentrum

sonder ander tydsverwysingspunte georiënteer word (Wybenga, 1983 : 74).

3.1.2.3.2 Die verlede tyd

Daar moet gelet word op die feit dat Ponelis die term preteritum in sy boek *Sintaksis* (1979) gebruik om na verlede tydsvorme te verwys. (Vergelyk p.263 - 272.) Hy sê dat:

"'n Sistematiese werkwoordelike tydskatêgorie of tempusstelsel bestaan in Afrikaans in die onderskeid tussen presens en preteritum."

"Die preteritum (wat verwys na die tyd voor uitingstyd) kan deur die ongemerkte patroon uitgedruk word..."

"In tekste doen die ongemerkte vorm eweneens diens as preteritum, waar van die historiese presens gepraat word,"

"By die oorwegende meerderheid werkwoorde word die preteritum gevorm op het werkwoord..."

Hierteenoor sê De Villiers (1968 : 47):

"Ons kan die perfek egter as saaklike vorm vir die aanduiding van die verlede tyd beskou."

In hierdie werk sal die term preteritum in ooreenstemming met Ponelis gebruik word om na werkwoorde te verwys wat op hulle beurt na die tyd voor uitingstyd verwys. (Vergelyk ook Le Roux en Le Roux, 1975 : 144.)

In die lig van Comrie se definisie en diagrammatiese voorstelling van tyd (vergelyk Afdeling 3.1.2.3), kan die verlede tyd omskryf word as

"location in time prior to the present moment" (Comrie, 1985 : 41).

Diagrammaties word die verlede tyd dan links van die punt wat die hede aandui, voorgestel.

Die uitdrukking van die verlede tyd berus op wetes gebaseer op verwerkte ondervinding (Wybenga, 1983 : 22). 'n Verwysingspunt na die verlede moet gekies word, hetsy deur middel van 'n eksplisiete verwysingspunt, byvoorbeeld die adjunk gister, of deur middel van die samehang binne die bepaalde konteks. Vanaf die tydsverwysingspunt ontvou die tyd dan chronologies sodat die verwysingspunt saam met die opeenvolging van gebeure aanskuif indien nie anders aangedui nie. Aangesien die verledetydsuitdrukking berus op wetes aangaande ondervinding wat reeds opgedoen is, sal dit meer gedetailleerd wees.

Comrie (1985 : 41) wys daarop dat die verledetydsvorm slegs aandui dat die situasie tot die verlede behoort, maar nie dat die situasie tot die hede of selfs in die toekoms sal voortduur nie, byvoorbeeld:

3.29 Dit het Woensdagoggend begin reën.

waar nie afgelei kan word of die handeling voltooi is of nog voortduur nie. Hier geld 'n gespreksimplikasie (vergelyk Afdeling 3.2) dikwels waaronder dan verstaan word dat die situasie nie voortduur tot die hede of daarna nie. Die gespreksimplikasie ten opsigte van relevansie stel dat indien nie anders aangedui nie, uitinge oor die hede meer relevant is as die oor ander tye sodat die gebruik van 'n vorm wat 'n situasie eksplisiet as behorende tot die verlede aandui, veronderstel dat die situasie nie op die huidige moment meer geld nie, aangesien die teenwoordige tydsvorm in so 'n geval gebruik sou word.

Ponelis (1979 : 265) wys daarop dat die preteritum (wat verwys na die tyd voor die uitingstyd) in Afrikaans deur die ongemerkte patroon van die werkwoord uitgedruk kan word, soos byvoorbeeld in tydsinne met toe:

3.30 Toe die skoot klap, het die bok geval.

By die vertelling gebeur dit dikwels dat die ongemerkte vorm eweneens diens doen as preteritum waar die historiese presens gebruik word (vergelyk Afdeling 3.1.2.3.4).

By die oorweldigende meerderheid werkwoorde word die preteritum gevorm deur die gebruik van het + werkwoord, byvoorbeeld het gery (Ponelis, 1979 : 265). Daar bestaan egter ook 'n geringe aantal subpatrone waarvolgens die preteritum aangedui kan word.

Anders as in bogenoemde voorbeelde waar het in die spilposisie optree, kan hierdie hulpwerkwoord van tyd ook in die sentrumgrens, dit wil sê na die hoofwerkwoord, optree, byvoorbeeld:

3.31 Dit is so dat hy gegaan het.

By die lydende en onpersoonlike vorm waar die presens word is, word die preteritale vorm is van wees gebruik.

3.32 Presens	Preteritum
word geslaan	is geslaan

Onpersoonlik

3.33 Daar is heel toevallig op dié leidraad gedurende die ondersoek afgekóm.

Passief

3.34 Gisteroggend is die verdrag onderteken.

In hierdie gevalle kan was naas is as preteritumvorm gebruik word.

Onpersoonlik

3.35 Nadat met die eksperiment begin was, het nuwe feite aan die lig gekóm.

Passief

- 3.36 Die knapste chirurg **was** deur die ouers
genader om die operasie uit te voer.

'n Faktor wat 'n rol speel in die keuse van **was** naas **is**, is die gebruik van **was** in plegtige skryftaal om die voorverledetyd uit te druk (Ponelis 1979 : 267). Hierdie gebruik is vreemd aan die spreektaal aangesien uit die konteks afgelei kan word dat na 'n voorverledetyd verwys word.

Die preteritale vorm vir rigtingadjunkte word gevorm deur **is**.

- 3.37(a) Hy **is** gister huis toe.
3.37(b) Hy **is** vanoggend terug Engeland toe.

Daar bestaan geen regstreekse presenspendante vir hierdie preteritale vorme nie.

- 3.38 * Hy **word** vandag huis toe.

Die presenspendant is:

- 3.39 Hy **gaan** vandag huis toe.

By die koppelwerkwoord **wees** en 'n geringe aantal modale hulpwerkwoorde kom preteritale fleksie nog voor. Die volgende patrone word aangetref in koplakonstruksies met **wees**.

- | 3.40 Presens | Preteritum |
|--------------------------|---|
| (a) Piet is siek. | (b) Piet was siek. |
| | (c) Piet was siek gewees . |
| | (d) Piet is siek gewees . |
| | (e) Piet het siek gewees . |
| | (f) Piet kon siek gewees het . |

Die tweede konstruksie naamlik, **was** teenoor **is**, is die formeelste van die preteritumvorme terwyl die derde konstruksie die meeste in omgangstaal aangetref word (Ponelis 1979 : 269). Die vyfde konstruksie met **het** as spil kom in omgangstaal voor, maar teen 'n baie lae frekwensie.

By modale hulpwerkwoorde kom ook flekterende preteritale vorme voor, byvoorbeeld waar die preteritale modaal saam met 'n hoofwerkwoord gebruik word.

3.41		kon	
		moes	
	Hy		gaan.
		sou	
		wou	

Die volgende variasies is ook moontlik:

Preteritale modale hulpwerkwoord + hoofwerkwoord + **het**

3.42 Ek **moes** dit ook maar **geneem** **het**.

Het + modale hulpwerkwoord + hoofwerkwoord

3.43 Sy **het** dit nie **durf** **weier** nie.

In Afrikaans word bysinne in die omgewing van 'n preteritum nie preteritaal gemerk nie alhoewel preteritale assimilasië wel kan plaasvind.

3.44 Ek **het** **geglo** dat dit Jan is wat die daad gepleeg **het**.

3.45 Ek **het** **geglo** dat dit Jan was wat die daad gepleeg **het**.

By die mondelinge vertelling word tydsgegewens egter dikwels deur die konteks verskaf.

3.1.2.3.3 Die toekomstige tyd

Volgens Comrie se diagrammatiese voorstelling van tyd (vergelyk Afdeling 3.1.2.3) word die toekomstige tyd aangedui as geleë regs van die hede, dit wil sê in die teenoorgestelde rigting as die verlede tyd. In Afrikaans bestaan daar 'n wesenlike verskil tussen die verlede tyd en die hede aan die een kant teenoor die toekomstige tyd aan die anderkant. Die teenwoordige tyd verwys na 'n stand van sake wat voorhande is (Ponelis, 1979 : 248) terwyl die verlede tyd 'n feitelike weergawe is van afgehandelde gebeure. Die toekomstige tyd is egter meer spekulatief van aard en staan in verband met potensialiteit of moontlikheid. Die volgende sinne wat onderskeidelik in die presens en preteritum is, is albei feitlik aangesien beide op die uitingstyd waar of vals kan wees.

3.46 Die trein vertrek/is aan die vertrek.

3.47 Die trein het vertrek.

Wanneer hierdie sin in die toekomstige tyd gestel word, naamlik:

3.48 Die trein sal vertrek.

is dit nie-feitlik aangesien dit op die uitingstyd slegs 'n moontlikheid is. Lyons (1968 : 309) wys daarop dat modaliteit en toekomsverwysing baie nou verbonde is. Hierdie ongerealiseerde stand van sake of modaliteite, word in Afrikaans deur middel van modale hulpwerkwoorde weergegee.

Die funksie van modale hulpwerkwoorde is om die ingesteldheid van die spreker te beklemtoon. Wybenga (1983 : 226) sê dat die toekomstige tydsuitdrukking berus op 'n wete van voorneme of waarskynlikheid ten opsigte van moontlike aanleidende handeling. In ooreenstemming met Ponelis sê hy dat hierdie moontlikheid van gebeure deur middel van die modale hulpwerkwoord en ander modale woorde uitgedruk kan word of deur die samehang geïmpliseer kan word. Terwyl die voorneme of

moontlikheid tot die deiktiese hede behoort, lê die handeling, gebeure of toestand waarna verwys word in die toekoms. In 'n sin soos:

3.49 Ek sal môre vertrek.

dui sal op die ingesteldheid van die spreker op die uitingsmoment, naamlik dat daar 'n voorneme by hom bestaan tot die uitvoering van die handeling. Môre dui die tydsoriënteringspunt in die toekoms aan. Modale hulpwerkwoorde word dus gebruik om nie-feitelikhede soos moontlikheid, waarskynlikheid, noodsaaklikheid en verpligting uit te druk.

Ponelis (1979 : 246) onderskei vier hoofipes modalehulpwerkwoordsvorme:

(i) Durf, kan, mag, moet, sal en wil..

Hierdie vorme verbind direk met die hoofwerkwoord:

durf/kan/mag/moet gaan.

Afgesien van durf het almal preteritale fleksie:

kan, kon;
moet, moes;
sal, sou;
wil, wou.

Mog is egter ongebruiklik naas mag.

Aangesien die preteritale vorme verlede tyd verwysend optree, het dit temporele waarde, asook hipotetiese waarde.

Temporeel:

3.50 Gedurende die groot droogte wou niemand vee aankoop nie.

Hipoteties (teenfeitelik):

3.51 As ek kon, **sou** ek die byeenkoms bygewoon het.

De Villiers (1968 : 17) onderskei die verlede toekomstige tyd wanneer iemand vanuit 'n tydstop in die verlede na die toekoms kyk, byvoorbeeld:

3.52 Hy het nagedink oor wat hy **sou** doen.

Dit is steeds 'n modale begrip aangesien dit aandui dat iemand in die verlede voornemens, verwagtings, wense, beloftes, ensovoorts gehad het. Die implikasie van onvervuldheid (onwerklikheid) gaan ook hiermee gepaard.

(ii) **Behoort** en **hoef**.

Albei verbind met **te**:

3.53(a) Hy behoort **te** gaan.

3.53(b) Hy **hoef** nie **te** gaan nie.

(iii) Die modale partikel **te**.

Te wat net in die sentrumgrens en nooit as spil optree nie, tree op in verbinding met **behoort** en **hoef** en in infinitiefsinne met en sonder **om**.

Infinitiefsin sonder **om**:

3.54 Dit is **te** hope dat hy sal kom.

Infinitiefsin met **om**:

3.55 Haar hande jeuk **om** te skilder.

(iv) **Blyk**, **skyn**, **dien**, **meen** en **wens**

Hierdie vorme tree in plegtige styl as modaalagtige werkwoorde op (Ponelis, 1979 : 248).

- 3.56 Hy dien geluk gewens te word met sy verkiesing as voorsitter.

In Afrikaans kan die volgende konstruksies, afgesien van die modale hulpwerkwoordkonstruksie, toekomsverwysend gebruik word.

- (i) Die ongemerkte patroon van die werkwoord tesame met 'n tydsadjunk:

3.57(a) Ek maak nou-nou tee.

3.57(b) Die trein vertrek oor 'n halfuur.

- (ii) Skakelwerkwoorde en verwante vorme

3.58 Ek gaan die boek koop.

Alle uitings is veranker in die deiktiese sentrum. In teenstelling met die teenwoordige tyd wat geen tydsverwysingspunte nodig het nie aangesien dit deur die deiktiese sentrum georiënteer word, het die toekomstige tyd sowel as die verlede tyd oriënteringspunte nodig wat die tydsafstand ten opsigte van die deiktiese sentrum bepaal.

3.1.2.3.4 Die historiese presens

Die historiese presens is nie 'n vierde tyds Kategorie in Afrikaans nie, maar is eie aan die vertelling en vervul ook 'n funksionele rol in die struktuur van die vertelling. Wolfson (1978 : 215) definieer die historiese presens as

"the use of the present tense to refer to past events".

Dit kom in baie tale en in verskillende genres voor wat elk sy eie reëls vir die gebruik daarvan het en is die konvensionele tydsvorm vir die vertelling in sommige tale, byvoorbeeld Afrikaans en Engels. Die gebruik van die historiese presens is egter opsioneel en daar bestaan geselsvertellings waar slegs van die verlede tydsvorm gebruik gemaak is. Empiriese ondersoeke het getoon dat waar die historiese presens wel in die geselsvertelling voorkom, dit afwisselend met die preteritum gebruik word (Wolfson, 1981 : 228). Bellos (1980 : 79) toon dat waar daar in die vertelling afwisselend van die historiese presens en die preteritum gebruik gemaak word, dit nie die spreker of skrywer se bedoeling is nie en ook nie deur die leser of hoorder verstaan word as 'n afwisseling in die tydswantskap tussen uiting en verwysing nie. Hierdeur verloor die

"explanation by vividness" (Bellos, 1980 : 79)

sy krag, dit wil sê die siening waarvolgens 'n vertelling lewendiger en dramatiser voorgestel word deur gebruikmaking van tempusverwysing. In hierdie verband kan verwys word na die bespreking van die voorbeeldvertelling in Afdeling 4.2. Daar kom 'n hele aantal tempusverwysings voor, maar dit word nie deur die hoorder ervaar as 'n afwisseling in die tydswantskap tussen uiting en verwysing nie (vergelyk in hierdie verband Afdeling 3.1.2.3.4). In Hoofstuk 5 word 'n volledige ontleding ten opsigte van tyd, waaronder ook tempusverwysing, gedoen.

Soos reeds genoem (vergelyk Afdeling 3.1.2.3.1), veronderstel die gebruik van die presens nie 'n ooreenkomst tussen uitingstyd en verwysingstyd nie aangesien die ongemerkte werkwoordsvorm soos wat dit gebruik word om die teenwoordige tyd aan te dui ook:

(i) atemporeel gebruik kan word, byvoorbeeld om algemene feite aan te dui, soos:

3.59 Die aarde is rond.

(ii) saam met 'n tydsadjunk om die toekomstige tyd aan te dui,
byvoorbeeld:

3.60 Die trein vertrek oor 'n uur.

(iii) die preteritum aan te dui, byvoorbeeld:

3.61 Toe die skoot val, het die motor weggejaag.

Dit is dus 'n funksie van die presens om 'n neutrale verwantskap van tyd tussen uiting en verwysing aan te toon (Bellos, 1980 : 80). Waar die historiese presens in die vertelling gebruik word, het dit dus nie die funksie om gebeure wat tot die verlede behoort lewendiger voor te stel nie. Die reeks vertelde handeling word van 'n bepaalde tydsverwantskap met die vertelling losgemaak. (Vergelyk ook Schiffrin, 1981 : 46.)

Wolfson (1981 : 228) onderskei twee eienskappe wat eie is aan die gebruik van die historiese presens in die mondelinge vertelling, naamlik dat die gebruik van die mondelinge historiese presens beperk is tot die gebruik daarvan in die geselsvertelling en dat die mondelinge historiese presens afwisselend met die preteritum gebruik word op so 'n wyse dat die preteritum vervang kan word deur die mondelinge historiese presens sonder enige verandering in die verwysingsbetekenis. Die mondelinge historiese presens word ook nooit aangetref by al die werkwoorde waar dit gebruik kan word nie.

Wetenskaplikes is dit eens dat tempusverwysing binne die vertelling funksioneel is en dus 'n strukturelement is. (Vergelyk onder andere Wolfson, 1978 en 1981; Schiffrin, 1981; De Villiers, 1951; Du Piessis, 1983; Bellos, 1980). Wolfson (1981 : 229) verwerp die siening dat die gebruik van die historiese presens slegs 'n dramatiese middel is aangesien die dramatiese hoogtepunt deur die preteritum en nie deur die historiese presens nie, beklemtoon word. Die opvatting dat die gebruik van die teenwoordige tyd die uitwerking op die hoorder of leser het dat die gebeure op die uitingstyd plaasvind asook die siening dat die spreker

deur sy vertelling so betrokke raak by die vertelde gebeure dat hy hom verbeel dat hy die gebeure herleef en dit weergee asof hy hom op die handelingstoneel bevind (Schiffrin, 1981 : 46), word verwerp aangesien dit nie rekenskap gee van die heen-en-weerskakeling van tydsforme wat kenmerkend is van die geselsvertelling nie (Schiffrin, 1981 : 227).

Tempusverwisseling word as organisatoriese middel gebruik om die vertelling in episodes af te baken (Wolfson, 1981 : 230) en dus ook die vertelling te orden. Aan die hand van die Labov-analise sal later aangetoon word dat tempusverwisseling om verskillende redes op bepaalde gebiede in die vertelling gebruik word. (Vergelyk Afdeling 4 3.)

3.1.2.3.5 Tyd ten opsigte van die vertelling

Alhoewel daar meestal funksionele tempusverwisseling binne vertellings voorkom, word die vertelde gebeure nogtans ervaar as opeenvolgende handelingse in die vertelling. Hier kom die onderskeid tussen verteltyd, vertelde tyd en verwysingstyd ter sprake. Verteltyd sluit die hede, dus die uitingstyd, in terwyl die vertelde tyd van 'n clause dié tyd is waaroor iets gesê word. Nerbonne (1986 : 84) definieer vertelde tyd soos volg:

"The event time of a clause is the time it purports to say something about."

en verwysingstyd as:

"Reference time is the time from whose vantage point the event is viewed."

In 'n uiting soos:

3.62 Nadat hy alles geëet het, het hy gegroet.

word die gebeure in die eerste clause, naamlik dat hy alles geëet het, beskryf vanuit die tydswaarnemingspunt of verwysingstyd van sy groet.

Op grond daarvan dat verwysingstyd nie altyd in die voorafgaande diskoers verstrekkend word nie, onderskei Nerbonne (1986 : 85) tussen (tyds-)gebonde diskoers en (tyds-)vrye diskoers. (Vergelyk ook Labov se onderskeid tussen vrye en gebonde clause in Afdeling 4.1 en 4.4.)

Gebonde diskoers

3.63 Bets het na Parys gegaan. Die ander was ook daar.

Vrye diskoers

3.64 Bets het na Parys gegaan Die ander was voorheen ook daar.

Terwyl tydsgebonde diskoers voortdurend oor dieselfde tyd handel, is dit nie die geval by tydsvrye diskoers nie. Daar is tydsordening in gebonde diskoers wat nie in vrye diskoers voorkom nie. Gebonde diskoers is gebruiklik by die vertelling. In die vertelling word handelingsreekse egter nie altyd in dieselfde gebonde volgorde as in bogenoemde voorbeeld weergegee nie. Vergelyk byvoorbeeld:


3.65 Bets het na Parys gegaan. Denise het vir haar 'n kamer gehuur. Sy het dadelik soontoe gegaan.

Die tyd waarna in die laaste uiting verwys word, is egter nie die handelingstyd van die vorige sin nie, naamlik die tyd toe Denise die kamer gehuur het nie. Dit is dus duidelik dat gebeure nie streng in tydsvolgorde weergegee is nie, nogtans word die gevoel verkry dat hierdie reeks uitings tydsgeorden is. Nerbonne (1986 : 86) sê dat die misleidende beginsel van ordening gebaseer is op verwysingstyd. Alhoewel die tweede uiting in die voorafgaande voorbeeld se handelingstyd die van die eerste uiting voorafgaan, is sy verwysingstyd vas en nie voorafgaande ten opsigte van dié van die eerste nie. Dit is die verwysingstyd wat in die derde uiting ter sprake is.

Bogenoemde diskoers kan skematies ten opsigte van tyd soos in Figuur 3.5 weergegee word. Die tweede uiting weergegee deur B, verwys na

die voorverlede tyd terwyl A en C na die verlede tyd verwys. Die tydstruktuur in die vertelling is egter meestal ingewikkelder van aard.

FIGUUR 3.5



By die interpretasie van tyd in die vertelling speel die grammatiese tydstruktuur 'n funksionele rol ten opsigte van die afbakening van episodes in 'n vertelling, maar ten opsigte van die vertelling in sy geheel speel die verwysingstyd, wat semanties van aard is, 'n belangrike rol by die plasing van die vertelling in sy geheel in tydsverband.

3.2 BETEKENIS

3.2.1 Implikasie

Wanneer die uiting bestudeer word, kan Nijhoff se woorde,

"Lees maar. Er staat niet wat er staat",

dikwels hierop toegepas word aangesien die betekenis van die sin nie gelyk is aan die somtotaal van die leksikale elemente waaruit die uiting bestaan nie. Daar is dikwels 'n leemte tussen die taalaanbod en dit wat die hoorder begryp, dit wil sê die illokutiewe taalhandeling is in disjunksie tot die lokutiewe. De Villiers (1975 : 6) sê dat daar 'n gaping of afstand bestaan tussen taal en bedoeling en dat die hoorder in hierdie geval heelwat moet bydink. Implikasie, wat deel vorm van die komplekse begrip betekenis, vul hierdie leemte. By implikasie moet woord- en sinsbetekenis as 'n eenheid beoordeel word aangesien daar in die enkel, alleenstaande woord self geen sprake van geïmpliseerde taalgebruik kan

wees nie (Snyman, 1983 : 8). Implikasie vereis die sin wat op sy beurt woorde vereis. Binne die taalhandelingsteorie moet die sin gesien word as deel van 'n spreeksituasie (Snyman 1982 : 205).

Daar bestaan nie 'n een-tot-een-verhouding tussen 'n woord en die saak waarna dit verwys nie (Lyons, 1979 : 177-197). Verwysing kan regstreeks of nie-regstreeks geskied per woord of uiting. Alhoewel implikasie nie deur middel van verwysing verklaar kan word nie, vorm die referensies van die woord tog die brug tussen betekenis en implikasie en die

"effe suinige taalaanbod wat sekere gegewens verswyg. Die implikasie lê op die grense van die 'duister woorde', en dit is wesenlik deel van die betekenis van die betrokke taalhandeling, maar op sigself is dit 'n abstraksie, in uiterlike sin 'n 'hiaat'" (Snyman, 1983 : 3).

Dië hiaat word nie aangetref in referensie nie, want dan sou dit, soos Snyman dit stel, 'n konkreetheid veronderstel wat sonder meer ingelees kan word om die ontbrekende geheel mee te voltooi.

By implikasie is die beeld wat die woord oproep sowel as die nuwe moontlikhede wat deur die woordgebruik daargestel word van belang. Deur komponentanalise kan implikasie ontrafel word. Die woord hen kan byvoorbeeld ontleed word as:

3.66
$$\left[\begin{array}{l} + \text{dierlik} \\ + \text{lewend} \\ + \text{vroulik} \\ + \text{volgroeid} \end{array} \right]$$

Die ontkenning van die tradisionele, die woordsoortlike en kategoriale aard van woordbetekenis is na aan die wesenlike van implikasie. Woordbetekenis kan egter nie ontkoppel word aan sinsbetekenis nie aangesien die twee interafhanklik is.

Ten opsigte van implikasie is dit belangrik om daarop te let dat sinsbetekenis verband hou met 'n korresponderende en kontroleerbare

werklikheid en dat daar 'n logiese verhouding bestaan tussen woord- en sinsbetekenis. Blote kennis van woord- en sinsbetekenis is egter onvoldoende wanneer implikasie ter sprake kom aangesien laasgenoemde juis bestaan in die afwyking van die bekende, die oortreding van sinsbetekeniskenmerke binne 'n bepaalde taalhandeling. Die uiting moet dus gesien word as deel van 'n spreeksituasie. Indien implikasie binne die taalhandelingsteorie beoordeel word, hou dit volgens Snyman (1983 : 11) in dat:

- (i) die implikasie beoordeel word binne 'n bepaalde situasie,
- (ii) indien die spreekhandeling en bedoelingshandeling, of die spreekhandeling en die trefhandeling 'n sekere disjunksie vertoon, veronderstel dit 'n vorm van implikasie.

Deur middel van die taalhandelingsteorie, waarby inbegrepe is die idee van presupposisie of vooronderstelling, kan die implikasieverskynsel taalkundig beskryf word.

3.2.2 Presupposisie

De Bruyn (1984 : 177) wys daarop dat segging en implikasie maniere is om te kommunikeer - direk en indirek onderskeidelik, maar dat presupposisie, dit wil sê die vooronderstelling van iets, nie 'n poging is om te kommunikeer nie.

Alhoewel daar verskillende sienings omtrent presupposisie bestaan (vergelyk in hierdie verband De Bruyn, 1984 : 166-167), is almal dit eens dat dit primêr gaan om gegewens wat ter sprake kom by die uiting van sinne. Verskillende tipes presupposisie kan ook onderskei word (vergelyk De Bruyn, 1984 : 186-187), maar almal kom neer op wat die spreker aanvaar as gedeelde kennis. Die spreker kies die taalitems wat die presupposisies dra. Hoe en wat 'n persoon met sy gespreksgenote kommunikeer word grootliks beïnvloed deur wat hy vermoed hulle weet of dink. De Bruyn (1984 : 187) sê dat die taalhandeling wat uitgevoer word, gebaseer word op presupposisies wat gemaak word oor die kennis

wat vermoed word die gespreksgenote het. Sekere dinge word dus vooraf aanvaar en vorm essensiële voorwaardes vir kommunikasie.

3.2.2.1 Gespreksaannames

Die gespreksaannames vorm deel van die voorafaanvaarde voorwaardes vir suksesvolle kommunikasie. Grice (1975) het 'n belangrike rol gespeel in die formulering van die gespreksvoorwaardes.

Gedurende 'n gesprek kan aanvaar word dat die spreker se bydrae relevant is. In hierdie verband kom die inhoud sowel as die uitingskrag ter sprake. Die volgende geld ten opsigte van uitingskrag.

Volgorde: Die tipe illokusie wat die spreker op 'n bepaalde tydstip maak, is geskik vir die stadium van die gesprek.

Opregtheid: Die bydrae van die spreker gee die houding weer wat hy deur middel van taal uitdruk.

Indien die tipe illokusiehandeling geskik is vir die tydstip in die gesprek, word sekere dinge aanvaar wat relevant is vir die inhoud, byvoorbeeld die kategorieë kwantiteit en kwaliteit.

Kwantiteit: Die spreker se uiting voorsien slegs die verlangde hoeveelheid inligting.

Kwaliteit: Die uiting moet waarheidsgetrou wees.

Die aanvaardings in verband met die wyse waarop die uiting gemaak word, is:

Wyse: Die uiting wat die spreker maak is duidelik, sonder enige dubbelsinnigheid.

Moraliteit: Die spreker maak nie geheime inligting bekend nie en probeer ook nie inligting verkry wat vir hom 'n geheim behoort te wees

nie. Die spreker reik ook nie bevele uit wat die hoorder genoodsaak om te doen of te sê wat hom nie veroorloof is nie. Die spreker onderneem ook nie om iets vir die hoorder te doen wat hy nie gedoen wil hê nie.

Normaalweg word hierdie beginsels in 'n gesprek gehandhaaf. Deur die oortreding van hierdie gespreksaannames kan inligting indirek oorgedra word, dit wil sê iets kan gesuggereer of geïmpliseer word sodat die hoorder 'n totaal nuwe verhouding waarneem tussen woord- en sinsbetekenis. Die normale vooronderstellings word deur implikasie weerspreek.

beskrywing van die linguistiese middele wat die verteller aanwend en die beskrywing van die funksie daarvan by die interpretasie van die vertelling. Die ses elemente wat deur Labov onderskei word, is:

- (i) Uittreksel (opsomming van die gebeure).
- (ii) Oriëntasie (plasing van die tyd, ruimte, persone, hul aktiwiteite of die situasie).
- (iii) Verwikkelde handeling (die gebeure self).
- (iv) Evaluering (hoekom die storie belangrik is).
- (v) Resultaat (wat uiteindelik gebeur).
- (vi) Coda (oorbrugging van die fiktiewe na die werklike).

Ingewikkelde ineenkamelings van hierdie elemente is moontlik, maar in hierdie studie sal op eenvoudiger vertellings gelet word.

4.2 DIE ANALISE VAN 'N VOORBEELDVERTELLING AAN DIE HAND VAN DIE SES ELEMENTE DEUR LABOV ONDERSKEI.

In hierdie afdeling word Vertelling 1.1 (Bylae) volgens die Labov-metode geanaliseer. Hierdie vertelling is 'n spontane geselsvertelling (vergelyk Afdeling 2.2), met ander woorde 'n vertelling soos wat dit voortvloei uit die spontane verloop van 'n gesprek. Die spreekster, 'n vier-en-sewentigjarige dame, was heeltemal onbewus daarvan dat 'n bandopname van die gesprek gemaak word en daar bestaan dus geen moontlikheid dat sy haar eie taalgebruik as gevolg hiervan kon monitor nie. Aangesien hierdie spontane geselsvertelling deel vorm van 'n diskoers, bevat dit ook kenmerke wat eie is aan die diskoers, byvoorbeeld onderbrekings, versprekings, ensovoorts. Hierdie vertelling is op 24 Februarie 1985 op band opgeneem.

Die ses elemente wat Labov onderskei vir 'n goed gevormde vertelling, word al ses in die voorbeeldvertelling aangetref soos wat aangetoon sal word.

4.2.1 Uittreksel

Soms gee die verteller vooraf 'n opsomming van die gebeure in een of twee clause wat dan die uittreksel vorm. In die geval van 'n spontane geselsvertelling verskaf die verloop van die gesprek dikwels voldoende aanleiding vir die vertelling en is 'n aanloop tot die vertelling binne die gesprekskonteks onnodig.

Die voorbeeldvertelling is 'n spontane voortvloei uit die gespreksverloop en binne hierdie bepaalde gesprekskonteks is 'n uittreksel eintlik onnodig aangesien die onderwerp van die vertelling reeds 'n deel vorm van die onmiddellike gesprekskonteks. Tóg verskaf die vertelster 'n opsomming van die vertelling in die eerste clause, naamlik:

4.2 Die twee ... was ok gedurag altyd aan mekaar,
Annatjie en Baas.

In hierdie vertelling is die uittreksel nie van so 'n aard dat dit die verwikkelde handeling grootliks vervang nie. Onmiddellik na die uittreksel volg 'n breedvoerige weergawe van die verwikkelde handeling.

4.2.2 Oriëntasie

Labov beskou die oriëntasie as 'n noodsaaklike element in die goedgevormde vertelling aangesien dit die storiëkonteks verskaf. Dit stel ten aanvang die tyd, ruimte, persone en hul aktiwiteit of die situasie. Die sinne waardeur die oriëntasie verskaf word, kan, maar hoef nie noodwendig nie, aan die begin van die vertelling geplaas te word. Die oriëntasie kan in die eerste aantal narratiewe clause verskaf word, maar oor die algemeen bestaan die oriëntasie uit vrye clause.

In die voorbeeldvertelling oorvleuel die uittreksel en oriëntasie gedeeltelik aangesien die uittreksel, wat 'n vrye clause is, reeds inligting aangaande die persone verskaf, naamlik Annatjie en Baas.

Die eerste gedeelte van hierdie clause verskaf inligting aangaande hul aktiwiteite, naamlik was ok gedurag altyd aan mekaar.

Die daaropvolgende clause wat ook 'n vrye clause is, verskaf 'n beskrywing van die situasie, naamlik:

4.3 Dis ok so 'n vreeslike droogte gewees.

Die eerste twee clause van die vertelling is vrye clause en is grammatikaal as verlede tyd gemerk waardeur gestel word dat na afgehandelde gebeure verwys word. Dit dien ook as referensiële merker en stig die fiktiewe deiktiese sentrum. (Vergelyk Afdeling 3.1.1.)

In reël 3 word oorgeslaan na die geselshistoriese presens wanneer die sekondêre vertellingshandelinge (vergelijk Afdeling 4.3) 'n aanvang neem. Hierdie narratiewe clause erken die pasgestigte fiktiewe deiktiese sentrum aangesien dit as presens ten opsigte van hierdie sentrum aangebied word. Reël 6 is 'n vrye clause en is grammatikaal as verlede tyd gemerk. Hierdie tempusverwisseling is funksioneel van aard aangesien die vertellingshandelinge hierdeur onderskei word.

Die algemene patroon vir die verlede toekomstige tyd is die modale hulpwerkwoord **sou** gevolg deur die hoofwerkwoord, maar in reël 7 word van hierdie patroon afgewyk deurdat **sal** in plaas van **sou** gebruik word binne 'n verlede tydskonteks. Na hierdie gebruik **sal** verwys word as die historiese toekomstige tyd. Hierna word weer oorgeslaan na die historiese presens wanneer die vertelling voortgesit word.

In reël 9 tree die spreekster buite die fiktiewe vertellingsruimte met 'n niksseggende opmerking waarin die modale hulpwerkwoord **sal** voorkom. Ek verwys hier na die vertellende ek. In reël 10 word die vertelling voortgesit in die historiese presens. Wanneer daar in reël 11 inligting verskaf word wat nie direk op die vertellingshandeling betrekking het nie, word oorgeslaan na die verlede tydsvorm. Daarna word weer oorgeslaan na die historiese presens in reël 12 tot 16 wanneer met die vertelling voortgegaan word. In hierdie gedeelte verwys ek na die

belewende ek. Reël 15 bevat 'n presensvorm en dit verwys na 'n algemene feit wat voor en na die uitingsmoment steeds geldig bly. Die vertelling word dan voortgesit met reël 17 in die verlede toekomstige tyd, reël 18 en 19 in die historiese presens en 'n direkte aanhaling in reël 20. In reël 21 wat in die verledetydsvorm is, word aangedui dat 'n ruimteverandering volg. In hierdie geval is dit dus weer 'n funksionele tempusverwisseling.

Reël 22 word deur 'n evaluerende uitdrukking ingelei, naamlik gits wat gevolg word deur 'n modale hulpwerkwoord in die historiese toekomstige vorm, naamlik wil en gevolg word deur 'n negatief. (Vergelyk die bespreking in Afdeling 4.2.4.2 ten opsigte van die rol van modale en negatiewe in verband met evaluering.) Deur middel van evaluering en tempusverwisseling word hierdie reël gemerk waar 'n nuwe verwickeling in die vertelling voorkom. Hierdie evaluerende uitdrukking dui ook daarop dat die spreekster dit wat volg as belangrik ag met die oog op die res van die vertelling.

Reël 24 wat in die verledetydsvorm is, bevat inligting wat eerder as agtergrond tot die vertelling gegee word. Reël 25 is in die presensvorm en stel 'n feit wat voor en na die uitingstyd geldig is. Reël 26 tot 30 is in die historiese presens en het betrekking op die vertelling.

In die oriëntasie is tempusverwisseling funksioneel aangewend. Feitlik al die narratiewe clause is in die historiese presens terwyl die vrye clause wat nie direk by die vertellingshandeling betrokke is nie, geen een in die historiese presens is nie. Die preteritum is vir feitlik al die vrye clause gebruik en in enkele gevalle die presens. In die oriëntasie word van tempusverwisseling gebruik gemaak om die vertelling in eenhede af te baken wat telkens met fokusverskuiwing gepaard gaan.

In die oriëntasie word ruimte-aanduidings verskaf deur middel van die adjunkte van rigting, naamlik kom en gaan. Alhoewel kom meer dikwels voorkom in die oriëntasie, word dit in reël 4 en 16 met die betekenis van beweging in die rigting van die oorspronklike spreker gebruik waardeur die fiktiewe ruimte gepresiseer word. In hierdie geval word die inligting deur middel van 'n indirekte aanhaling oorgedra. Dat hierdie ruimte die

primêre ruimte in die oriëntasiegedeelte is, word bevestig deur die adjunk gaan in reël 20 en 21 wat in hierdie gedeelte gebruik word met die betekenis van beweging in die rigting van die primêre ruimte deur kom gepresiseer. Op grond van gedeelde kennis, was dit vir die hoorder moontlik om uit hierdie ruimte-aanduikers te kon aflei dat hier na Johannesburg verwys word.

In reël 31 van die voorbeeldvertelling kom die clause:

4.4 Git man, en ons was skaars by die huis...

voor wat nie slegs dien as inleiding vir die verwickelde handeling nie, maar ook die tyd en ruimte ten opsigte van die verwickelde handeling presiseer, naamlik terug op die plaas.

4.2.3 Verwickelde handeling

In hierdie afdeling word op die gebeure van die vertelling self gekonsentreer. Die verwickelde handeling vorm die kern van die vertelling en is volgens Labov die enigste essensiële element van 'n vertelling.

In die voorbeeldvertelling bestaan die verwickelde handeling slegs uit narratiewe clause sodat 'n hegte struktuur gevorm word waarna Labov (1976 : 360) verwys as temporal juncture.

Die eerste reël van die verwickelde handeling, naamlik reël 31, dien as oriëntasie vir die verwickelde handeling daar dit die ruimte aandui waar die gebeure in die verwickelde handeling afspeel. Die preteritum word in hierdie reël gebruik en verwys na 'n tydstop wat die res van die gebeure in die verwickelde handeling voorafgaan. Die res van die verwickelde handeling is in die historiese presens met direkte aanhalings.

Aan die begin van reël 31 kom die evaluerende uitdrukking git man voor wat suggereer dat hierdie deel van die vertelling as belangrik beskou word. In reël 32 kom die anafoor hy voor waarvan die antesedent, naamlik

Baas, reeds in die eerste reël genoem is. Indien daar nie 'n voorafgaande heroriëntering in reël 31 was nie, sou die antesedent waarna hierdie anafoor verwys moeilik bepaalbaar gewees het. Duidelikheidshalwe sou antesedentherhaling in hierdie geval wenliker gewees het. (Vergelyk in hierdie verband Prinsloo, 1982 : 35.) In reël 36 kom antesedentherhaling wel voor. Die spreekster gebruik deurgaans in die vertelling die voornaamwoord ek of soms ons wanneer sy deel van 'n groep vorm, om na haarself te verwys, maar wanneer sy haarself aanhaal waar sy iemand anders aanspreek, verwys sy na haarself deur middel van die selfstandige naamwoord Ma. Die verwantskap tussen die spreekster en die aangesprokene word hier op linguistiese wyse vergestalt.

Die direkte aanhalings in hierdie vertelling staaf Partee (1973) se bevinding dat in mondelinge aanhalings die patroon, inleidende frase gevolg deur die direkte aanhaling, meestal voorkom aangesien al die direkte aanhalings hiervolgens geskied. Die nou in reël 34 hou verband met die uitingstyd van die oorspronklike uiting. Afgesien daarvan dat die direkte aanhalings die vertelling lewendig van aard maak, het dit ook die effek van nabyheid tot gevolg. Spreker en hoorder belewe as't ware die gebeure.

In reël 44 word van die normale afhanklike volgorde van bysinne (vergeelyk Ponelis, 1979 : 516) afgewyk. Volgens die normale gebruik verskyn het na die hoofwerkwoord in die sentrumgrens. In hierdie geval waar het direk na wat verskyn, is dit 'n verspreking wat eie is aan die spontane geselstrant.

Deur die gebruik van die historiese presens en direkte aanhalings verkry hierdie vertelling 'n flinke lewendige verteltrant.

4.2.4 Evaluering

Naas die verwickelde handeling, is die evalueringsgedeelte vir Labov die belangrikste element van die vertelling. In hierdie gedeelte word aangedui waarom die vertelling gaan en waarom dit vertel word. Hierdeur verskaf die verteller ook die antwoord op die hoorder se moontlike vraag: Nou

wat daarvan? Evaluatiewe uitdrukkings kom nie op 'n bepaalde plek in die vertellingstruktuur voor nie, maar kom verspreid in die vertelling voor (Labov, 1976 : 369).

Dieselfde vertelling kan op verskeie maniere aangebied word om verskillende argumente te staaf en die evalueringsgedeelte speel in hierdie verband 'n belangrike rol. In die voorbeeldvertelling kom die volgende evaluerende uitdrukkings onder andere voor:

4.5 Toe't hy gedink dis nou darem glad nie ...

'n vreeslike lelike vloekwoord nou.

en

4.6 Sò hierdie vloekery van Lukas is ook dalk maar so
iets van die aard.

As die gesprek byvoorbeeld gehandel het oor die wyse waarop kinders woorde vertolk, sou dieselfde vertelling paslik gewees het, maar deur 'n ander evaluatiewe uitdrukking te gebruik, sou 'n ander aspek beklemtoon word, byvoorbeeld:

4.7 So dit is nie die woorde nie, maar die


gepaardgaande emosies wat vir die kind betekenis dra.

Die evaluasie is die spreker se waardeoordeel oor die vertelde gebeure.

Wanneer evaluering in 'n vertelling ontbreek, ontstaan 'n betekenislose ongeordende geheel (Labov, 1976 : 367). Hierteenoor kan 'n vertelling só gestuktureer wees dat feitlik elke sintaktiese element daartoe bydra om dit waarom dit in die vertelling gaan te beklemtoon. Al die elemente in 'n vertelling kan byvoorbeeld van so 'n aard wees dat een persoon in 'n uitermate goeie lig gestel word en 'n ander in 'n baie swak lig.

Volgens Labov (1976 : 369) vertoon 'n volledig gestruktureerde vertelling die volgende bou wat skematies saamgevat word in Figuur 4.1.

FIGUUR 4.1



Die vertelling begin met die oriëntasie, gevolg deur die verwikkelde handeling, word onderbreek deur evaluering voor die resultaat, kom tot 'n slotsom in die resultaat en bring die hoorder terug tot die werklikheid deur middel van die coda. Die evaluering van 'n vertelling vorm 'n sekondêre struktuur wat hoofsaaklik in die evalueringsgedeelte sentreer, maar verskillende vorms van evaluering kan op talle plekke in die vertelling voorkom.

Die struktuur van die voorbeeldvertelling stem primêr met Labov se skema ooreen, maar voor die resultaat kom slegs 'n evaluatiewe uitdrukking voor, naamlik **git** in reël 45 terwyl die hoofevalueringsgedeelte setel in reël 55 tot 60. Reël 60 is beide evaluering en coda.

4.2.4.1 Tipes evaluering

Om die evalueringsgedeelte van 'n vertelling te kan onderskei, is dit nodig om te weet waarom 'n vertelling as vertellenswaardig bestempel word. Wanneer 'n gebeurtenis so algemeen voorkom dat dit nie meer as 'n verbreking van 'n gedragsreël bestempel kan word nie, word dit nie meer as vertellenswaardig beskou nie. Evaluatiewe middele word aangewend om te sê dat iets buitengewoon, eenaardig of ongewoon is.

In die voorbeeldvertelling setel die amusante, die buitengewone, daarin dat 'n alledaagse woord as gevolg van misinterpretasie bestempel en gebruik word as 'n vloekwoord.

Eksterne evaluering

'n Verteller kan 'n vertelling onderbreek, hom tot die hoorder wend en aan hom sê waarom dit in die vertelling gaan. In die voorbeeldvertelling draai die vertelster in reël 55 tot 59 na die hoorder en stel onomwonde waarom dit in die vertelling gaan met die hoogtepunt in reël 57.

'n Ander manier van eksterne evaluering kom voor wanneer 'n verteller in die loop van die vertelling 'n evaluerende opmerking aan homself maak.

Ingebedde evaluering

'n Manier waarop evaluering in die vertelling kan geskied sonder om die kontinuïteit van die vertelling te onderbreek, is deurdat die verteller 'n gedagte kan aanhaal asof iets hom op daardie oomblik byval eerder as om die hoorder buite die vertelling aan te spreek.

'n Tweede manier van interne evaluering ontstaan wanneer die verteller homself aanhaal asof hy iemand anders aanspreek.

Daar kan ook van 'n derde persoon wat die antagonis se handeling vir die verteller evalueer, gebruik gemaak word. So 'n opmerking, komende van 'n onpartydige waarnemer, het groter dramatiese waarde.

Die struktuur van die voorbeeldvertelling is van so 'n aard dat talle van hierdie evaluatiewe middele wat op verskeie plekke in die vertelling ingebed is en meewerk om die hoofevalueringsgedeelte in reël 56 en 57 te versterk, aangetref word. So dien reël 38 tot 44 waar die spreekster haarself aanhaal asof sy iemand anders toespreek, byvoorbeeld as versterking vir reël 56 en 57. Die dramatiese waarde van die vertelling word ook heelwat verhoog deur van 'n derde persoon gebruik te maak wat die sogenaamde vloekwoord weergee.

Evaluerende handeling

'n Verdere stap tot die dramatisering van die evaluering van 'n vertelling is om te vertel wat mense gedoen het eerder as wat hulle gesê het.

Evaluering deur onderbreking van die handelingsweergawe

Die evalueringsmiddele tot dusver genoem, het meestal 'n onderbreking van die handelingsweergawe in die vertelling tot gevolg. Die emosies ondervind, mag momenteel of gelyktydig met die handeling plaasgevind het, maar die weergawe daarvan geskied in afsonderlike clause wat 'n vertraging van die handelingsbeskrywing tot gevolg het. Op hierdie manier word die hoorder se aandag ook onderbreek sodat die resultaat met heelwat meer krag gegee word.

4.2.4.2 Die rol van sintaksis by evaluering

Labov (1976 : 378) sê dat die perspektief van die verteller dikwels deur middel van sintaktiese elemente in die narratiewe clause weergegee word. Hierdie elemente wat 'n rol by evaluering speel, deel hy onder vier hoofde in, naamlik intensiveerders, vergelykers, korrelate en verklarende beskrywings.

Intensiveerders

Labov gebruik onderstaande skema ter verduideliking van die rol wat intensiveerders speel. Figuur 4.2(a) stel 'n lineêre reeks gebeurtenisse

voor wat in die vertelling op dieselfde wyse gerangskik is as die volgorde waarin hulle plaasgevind het.

FIGUUR 4.2(a)



Deur middel van 'n intensiveerder word een van hierdie gebeurtenisse versterk en kan soos volg voorgestel word:

FIGUUR 4.2(b)



Versterking kan op een van die volgende maniere geskied:

- (i) Gebare vergesel gewoonlik 'n deiktiese hierdie of daardie. Gebare vervang dikwels geluide.
- (ii) Fonologiese klem byvoorbeeld deur die verlenging van vokale of ander verbale geluide.
- (iii) Kwantifiseerders: Heeltemal word dikwels as intensiveerder aangewend.
- (iv) Herhaling waardeur 'n bepaalde handeling geïntensiveer word.
- (v) Konvensionele uitdrukkings wat op die oog af niksseggend is, maar op spesifieke plekke gebruik word om 'n situasie te merk en te evalueer.

In reël 46 kom die demonstratief so voor wat gepaard gaan met 'n stamp van die voet. Hierdie nabootsende gebaar het 'n versterking van die handeling tot gevolg. Hierdie gebaar en die daaropvolgende "vloekwoord"

word ook versterk deur klemplasing op die vokale, naamlik stámp en Cornélius.

Die uitdrukkings gits in reël 22, git man in reël 31 en git in reël 45 is op die oog af niksseggende uitdrukkings, maar hulle is op strategiese plekke geplaas om telkens 'n nuwe verwikkeling in die vertelling in te lui. Hiermee gaan ook telkens 'n ruimteverandering gepaard. Vergelyk ook Afdeling 4.2.3 in verband met tempusverwisseling op hierdie strategiese punte.

Vergelykers

Die gebruik van die negatief by die weergawe van afgehandelde gebeure in die vertelling is ongerymd in die sin dat ontkenning nie verband hou met iets wat gebeur het nie, maar eerder verwys na 'n onbevredigde verwagting dat iets sou gebeur het. Hierdeur ontstaan 'n manier van evaluering van gebeure deur hulle te plaas teen die agtergrond van ander gebeure wat moontlik kon plaasgevind het, maar nie plaasgevind het nie. Uit Labov (1976 : 381) se ondersoek blyk dat negatiewe en modale woorde dikwels voorkom by evalueringsgedeeltes.

Vrae is dikwels geïmpliseerde dreigemente wat in die woorde van karakters ingebed is. Vrae wat openlik evaluerend van aard is, word tot die hoorder gerig.

Die imperatief is ook 'n vergelyker aangesien die bevel in die vertelling dikwels 'n dreigement inhou, naamlik: "Jy doen dit of ..." Labov (1976 : 386) wys op die ooreenkoms tussen imperatiewe en toekomsverwysings aangesien albei verwys na onverwese handeling.

Die volgende konstruksies berus dikwels op vergelyking, naamlik negatiewe, toekomsverwysings, modale, vrae, imperatiewe, of-clause, die oortreffende trap en die vergrotende trap.

In die vertelling kom in reël 51 en 52 'n bevel voor wat ook 'n dreigement impliseer, naamlik "... of daar is moeilikheid". Hierdeur word die konteks

waarin die "vloekwoord" oorspronklik voorgekom het, gegee wat bydra tot die versterking van die hoefevalueringsgedeelte in reël 56 en 57.

Korrelate

Deur middel van 'n vergelyker word weg beweeg van die narratiewe gebeure om oorweging te skenk aan ongerealiseerde moontlikhede en hulle te vergelyk met gebeure wat wel plaasgevind het. Korrelate bring twee gebeurtenisse wat wel plaasgevind het bymekaar in 'n enkele onafhanklike clause, byvoorbeeld waar handeling gelyktydig plaasvind of voortduur, soos by clause met terwyl. Dit kom veral in die oriëntasie voor. Hierdeur word 'n gebeurtenis in 'n narratiewe clause uitgelig en geëvalueer.

In die volgende voorbeeld word die handeling in die evalueringsgedeelte onderbreek, 'n wyer reeks van gebeurtenisse wat gelyktydig plaasvind, word gegee terwyl die hoorder wag vir die hoogtepunt:

- 4.8 Hy het opgewonde geraak,
ek kon dit sien,
hy het opgewonde geraak.

'n Ander tipe korrelaat is die gebruik van verskillende naamwoordstukke met dieselfde verwysing, byvoorbeeld:

- 4.9 Hulle het vir hom 'n mes gegee, 'n lange, 'n dolk
en ek het baklei
ek het teen hom baklei daarmee.

In hierdie verband kan die gebruik van dubbele attributiewe ook genoem word. Hierdie twee komplekse sintaktiese verskynsels kom volgens Labov (1976 : 389) selde in vertellings voor en kom ook nie in die voorbeeldvertelling voor nie. Daar is dus duidelikheidshalwe van alternatiewe voorbeelde gebruik gemaak.

Verklarende beskrywings

Evaluering en beskrywing in 'n vertelling word soms in afsonderlike clause gedoen wat dan by die hoofnarratiewe clause gevoeg word of by 'n eksplisiete evalueringsclause, byvoorbeeld waar die kwalifiserende beskrywing verbind met voegwoorde soos terwyl, alhoewel of waar aangesien of omdat as inleiding voorkom. Waar dat voorkom, kan 'n gebeurtenis verklaar word deur na gebeure te verwys wat lank voor of lank na die tyd plaasgevind het. Verklarende beskrywings het tot gevolg dat die handeling in 'n vertelling onderbreek word, maar die aandag van die hoorder word nie behou op hierdie punt in tyd nie - dit mag teruggeplaas word of vooruit verskuif word of vasgevang word in 'n abstrakte spekulasie.

Verklarende beskrywings is 'n inherente kenmerk van die narratiewe situasie en kan 'n evaluerende funksie vervul, byvoorbeeld om te verduidelik waarom iemand bang was of hoe groot iemand was. In die voorbeeldvertelling kom daar byvoorbeeld in reël 58 en 59 'n verduidelikende beskrywing voor wat evaluerend van aard is. Hierdie beskrywing verduidelik waarom dié spesifieke woord as 'n vloekwoord bestempel word.

Verklarende beskrywings kan ook vereis word slegs om handeling en gebeure te beskryf wat nie heeltemal bekend is aan die hoorder nie. In die voorbeeldvertelling kan reël 23 tot 25 as 'n sodanige verklarende beskrywing bestempel word wat slegs gegee word om gebeure wat nie aan die hoorder bekend is nie, te beskryf.

Labov (1976 : 392) sê dat sommige van hierdie sintaktiese verskynsels in clause verskyn wat bloot 'n referensiële funksie het: hulle verklaar aan die hoorder die eenvoudige feitelike omstandighede wat die vertelling omring. As voorbeeld hiervan kan verwys word na reël 5 tot 11 in die oriëntasie wat slegs 'n referensiële funksie het. In die meeste gevalle waar hierdie verskynsels egter voorkom, staan dit in verband met evaluering: hulle intensiveer sekere narratiewe gebeurtenisse wat relevant is vir die hoofgedagte; hulle vergelyk die gebeurtenisse wat

plaasgevind het met die wat moontlik kon, maar nie plaasgevind het nie; hulle korreleer die lineêre dimensie van die vertelling deur een gebeurtenis op 'n ander te laat volg; en hulle verklaar die hoofgedagte van die vertelling in soveel woorde.

Labov (1976 : 396) beweer dat

"the most highly evaluated form of language is that which translates our personal experience into dramatic form"

- 'n stelling wat in Hoofstuk 5 ondersoek sal word.

Met hierdie uiteensetting is Labov se bewering dat in 'n goeie vertelling feitlik elke element in die vertelling meewerk om die hoofgedagte te versterk, bewys.

4.2.5 Resultaat

Labov (1976 : 363) definieer die resultaat as

"the termination of the series of events".

Die vraag na wat uiteindelik gebeur het, word in die resultaat beantwoord. Die volgende gedeelte vorm die resultaat in die voorbeeldvertelling (reël 45 tot 47):

4.10 Git in uh... in sy sê
 hy stámp so met sy voet op die grond
 dan sê hy vir haar "Cornelius!"

Die hoogtepunt van die vertelling word in reël 47 gevorm en op hierdie punt word die vertellingshandeeling ook beëindig. Reël 48 tot 54 word ter verduideliking van die konteks waarin hierdie uiting vertolk moet word, gegee en kan as evaluasie bestempel word. Die naam Cornelius word met woede geassosieer en daarom word dit as 'n vloekwoord bestempel.

Behalwe vir die direkte aanhaling, is hierdie gedeelte slegs in die historiese presens. Die gebruik van die historiese presens, direkte aanhaling, die nabootsing van die voetstampgebaar, klem en die gebruik van die evaluerende uitdrukking git, maak hierdie gedeelte baie lewendig van aard en verhoog ook die dramatiese effek daarvan. Hierdie vertelling wyk af van Wolfson (1981 : 229) se bevinding dat die dramatiese hoogtepunt gewoonlik in die preteritum weergegee word. Dit wil egter nie die siening staaf dat die gebruik van die historiese presens 'n dramatiese middel is nie aangesien nie slegs die hoogtepunt nie, maar met uitsondering van die eerste clause, word ook die hele verwickelde handeling in die historiese presens weergegee.

4.2.6 Coda

Deur middel van die coda dui die verteller aan dat sy vertelling beëindig is. Die coda kan byvoorbeeld gevorm word deur:

- (i) vrye clause aan die einde van die vertelling,
- (ii) algemene waarnemings en
- (iii) 'n aanduiding van die uitwerking van die gebeure op die verteller.

Die algemene funksie van die coda is om 'n reeks opeenvolgende verwickelde handeling af te sluit en aan te dui dat geen van die daaropvolgende gebeure belangrik is vir die vertelling self nie. Labov (1976 : 366) bestempel 'n reeks opeenvolgende handeling as die opeenvolgende antwoorde op die vraag: **Wat het toe gebeur?** Na die coda is hierdie vraag volledig beantwoord ten opsigte van 'n bepaalde reeks handeling. Die tydsverwysing van die diskoers is dan verskuif na die teenwoordige; daar word met ander woorde teruggekeer na die werklike deiktiese sentrum. Labov (1976 : 365) wys daarop dat:

"Some codas which strike us as particularly skillful are strangely disconnected from the main narrative."

Hierdie codas oorbrug die gaping tussen die vertelde tyd en die verteltyd en bring die verteller en die hoorder terug na die punt van waar met die vertelling begin is.

Die vertelling onder bespreking bevat 'n goeie voorbeeld waar daar 'n oorbrugging van die fiktiewe na die werklike plaasvind deur middel van die coda. Die sin:

4.11 Só hierdie vloekery van Lukas is dalk ook maar so
iets van die aard.

bind die fiktiewe aan die teenwoordige en rond die reeks handeling in die vertelling af sodat die behoefte om die vraag: Wat het toe gebeur? te stel na die coda nie meer bestaan nie.

Die onderwerp van die uiting wat die coda vorm, naamlik vloekery, hou verband met die gebeure in die onmiddellike werklikheid en bind die fiktiewe aan die werklike deur middel van sinonieme onderwerpe. Die laaste gedeelte van die coda, naamlik so iets van die aard het as antesedent die voorafgaande gebeure in die verwickelde handeling. Op vernuftige wyse word hier 'n uiters suksesvolle coda geskep.

Die presensvorm van die werkwoord wat hier gebruik word, dui aan dat daar terugkeer is na die werklike deiktiese sentrum.

4.3 BESPREKING

Die ses struktuurelemente wat deur Labov onderskei word, word soms almal in 'n enkelvoudige vertelling aangetref. Sodanige vertelling is dan goed gestruktureer en vertoon 'n hegte bou. Die enkelvoudige vertelling bestaan uit een handelingsreeks en kan, maar hoef nie noodwendig nie, al ses struktuurelemente te bevat. Daar sal later bepaal word watter elemente noodsaaklik is vir die vertelling. By die meervoudige vertelling wat bestaan uit 'n primêre handelingsreeks waarby sekondêre handelingsreekse ingebed is, byvoorbeeld Vertelling 1.26, kom duplisering van struktuurelemente voor.

Labov onderskei naas die verwikkelde handeling, wat die basis van enige vertelling vorm, ook die element oriëntasie waarin die tyd, ruimte, persone en hul aktiwiteit of die situasie geskets word. In hierdie verband moet daar onderskei word tussen primêre en sekondêre handelinge, persone, tyd en ruimte. Eersgenoemde vorm die essensie van die verwikkelde handelingsgedeelte en is dus van primêre belang vir die vertelling. Laasgenoemde word vervat in die element oriëntasie en is van groot belang om die primêre handelingsreeks in perspektief te plaas. In die voorbeeldvertelling is daar 'n duidelike onderskeid tussen hierdie elemente, naamlik die sekondêre gegewens in die oriëntasie, dus die droogte wat aanleiding gee daartoe dat die man in die stad gaan werk, die vrou en kinders se besoek aan familie in die stad en die kinders se optrede. In die verwikkelde handelingsgedeelte word die primêre gegewens verskaf, naamlik terug op die plaas, die spel van die kinders, dreigement van vloekery en die vloekwoord. Op grond hiervan sou 'n hiërargie van handelinge daargestel kon word wat sy ontstaan in die oriëntasie het (dit was baie droog) en sy hoogtepunt in die resultaat (die vloekwoord).

Die situasie vorm 'n belangrike aspek van die element oriëntasie aangesien dit die agtergrond verskaf waarteen die verwikkelde handelingsgedeelte afspeel. Naas die verwikkelde handelingsgedeelte vorm die oriëntasie 'n belangrike strukturelement in die vertelling.

Labov onderskei tussen 'n narratiewe en 'n vrye clause op grond daarvan dat narratiewe clause tydsgeorden is en dus nie willekeurig verskuifbaar is binne die vertelling nie terwyl 'n vrye clause volgens Labov (1976 : 361) op enige ander plek in die vertelling geplaas kan word sonder om enige uitwerking op die tydsvolgorde van die vertelde gebeure te hê.

In ooreenstemming met Labov onderskei Du Plessis (1983 : 93) ook tussen vrye en narratiewe clause, maar hy wys daarop dat die vrye clause nie slegs vry is ten opsigte van tyd nie, maar ook vry is ten opsigte van die ruimtelike.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat dit teoreties moontlik is om 'n vrye clause na enige ander plek in die vertelling te verskuif sonder om enige invloed op die tydsgang van die vertelde gebeure te hê. 'n Vrye clause is egter semanties en anafories gebonde aan bepaalde gedeeltes van die vertelling, byvoorbeeld aan die oriëntasie of verwickelde handelingsgedeelte. Die vrye clause:

4.12 Dis ok so 'n vreeslike droogte gewees.

en

4.13 Toe was die goed nog nie so duur nie.

kan albei sinvol na enige plek binne die oriëntasiegedeelte verskuif word, maar wanneer hierdie clause binne die verwickelde handelingsgedeelte verskuif word, is dit nie meer 'n sinvolle verskuiwing nie aangesien die inhoud van die vrye clause nie aanpas by die inhoud van die bepaalde gedeelte nie. Op hierdie wyse ontstaan vertellingseilande wat gevorm word sodat vrye clause binne hierdie eilande verskuifbaar is, maar nie van een eiland na 'n ander nie. (Vergelyk Prinstoo, 1986b.) Die oriëntasie en verwickelde handeling vorm byvoorbeeld elk so 'n eiland.

Die verwickelde handelingsgedeelte wat die kern van die vertelling vorm, is volgens Labov (en in aansluiting hierby ook volgens Du Plessis, 1983), daardie gedeelte waar die verteller op die gebeure van die vertelling self konsentreer. Hierdie gedeelte word egter in Labov se artikel baie vaag omskryf. Die inhoud van hierdie gedeelte stem ooreen met Rumelhart (1975 : 214) se siening van episode, naamlik:

"The episode consists merely of the occurrence of some event followed by the reaction of the hero of the episode to the event."

In die verwickelde handelingsgedeelte is daar sprake van handeling waarop die hoofkarakters reageer op so 'n wyse dat dit die hoogtepunt van die verwickelde handeling vorm. Die onderskeid tussen stof wat as 'n vertelling geklassifiseer kan word al dan nie, lê daarin dat daar by die vertelling sprake is van tydsgoordende handelinge wat uitloop op 'n hoogtepunt of klimaks terwyl dit andersins slegs 'n reeks tydsgoordende

sinne vorm. Die hoogtepunt van die verwickelde handeling vorm 'n essensiële element van die vertelling. In die voorbeeldvertelling val die hoogtepunt van die verwickelde handeling en die element resultaat saam.

Die evaluering gedeelte is belangrik aangesien dit die vertellersperspektief aan die hoorder oordra, dit wil sê die waardeoordeel van die verteller word oorgedra aan die hoorder. Hierdie element is nie gebonde aan 'n bepaalde plek in die vertelling nie. In 'n goed gevormde vertelling is die struktuur van so 'n aard dat feitlik alles in die vertelling daartoe bydra om die hoofgedagte te steun, byvoorbeeld onder andere deur eksplisiete uitings, die sintaksis en die verwysingsmeganisme.

Die coda wat gewoonlik aan die einde van die vertelling verskyn, is belangrik aangesien dit die opheffing van die fiktiewe deiktiese sentrum aandui, maar is nie 'n essensiële element nie.

Die voorbeeldvertelling bevat dus al die elemente wat deur Labov onderskei word en is ook 'n goeie voorbeeld van waar evaluerende middels aangewend word om die hoofgedagte te steun. Daar word verkies om 'n addisionele element, naamlik hoogtepunt van die verwickelde handeling in te voer. Hierna sal slegs verwys word as hoogtepunt. Hierdie element vorm 'n essensiële deel van die vertelling aangesien daar dan nie slegs sprake kan wees van handeling nie, maar wel van handeling wat tot 'n hoogtepunt lei.

HOOFSTUK 5

BEVINDING

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings weergegee waartoe gekom is nadat gegewens uit die vorige hoofstukke op die vertellings in die Bylae toegepas is.

5.1 DIE LABOV-METODE

Elke vertelling bevat 'n hoofgedagte, dit waarom 'n storie vertel word. Hierdie hoofgedagte word soms eksplisiet in 'n vertelling weergegee, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.1, reël 60. Die hoofgedagte hoef nie noodwendig eksplisiet weergegee te word nie, maar kan deur die vertelling geïmpliseer word, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.23 waar geïmpliseer word dat om 'n leeu te jag dapperheid verg. 'n Goeie vertelling is so gestruktureer dat al die elemente in die vertelling daartoe bydra om die hoofgedagte te steun en te beklemtoon. Die sintaksis speel in hierdie verband 'n belangrike rol. Die hoofgedagte hou direk verband met evaluering en word daarom as deel van die element evaluering bestempel.

Die element evaluering is baie omvattend, maar val uiteen in twee primêre gedeeltes, naamlik:

- (i) die hoofgedagte van die vertelling en
- (ii) die middele wat die spreker aanwend om hierdie hoofgedagte te steun.

Laasgenoemde is breedvoerig bespreek in Afdeling 4.2.4. Tesame met die genoemde sintaktiese middele wat aangewend kan word om die hoofgedagte te steun, kan ook nie-linguistiese prosesse vir hierdie doel aangewend word, byvoorbeeld **fokalisasie**. Deur op bepaalde komponente in 'n vertelling te fokus, kan die hoofgedagte gesteun word. In Vertelling 1.25 is die hoofgedagte van die vertelling dat Phillander 'n dapper man was wat aan eendrag geglo het. In plaas van op die optrede van die dertien

dapper manne te fokus, word op die optrede van die een lafaard gefokus waardeur die hoofgedagte gesteun word.

Die keuse van 'n vertelinstansie hou ook verband met die hoofgedagte van die vertelling. In Vertelling 1.17 is die hoofgedagte dat Jakkals baie slinks is. In hierdie vertelling word van 'n heterodiëgetiese verteller op die ekstradiëgetiese vlak gebruik gemaak. Hierdeur kan van Jakkals se innerlike gevoelens weergegee word (reël 27) wat onmoontlik sou wees indien een van die karakters in die vertelling as verteller sou optree. Die keuse van die vertelinstansie steun in hierdie geval die hoofgedagte.

Die vertellersteenwoordigheid in die vertelling is ook 'n aspek wat op strategiese plekke in die vertelling kan voorkom en evaluerend van aard kan wees. Daar kan byvoorbeeld gebruik gemaak word van direkte aanspreekvorme, byvoorbeeld Vertelling 1.7, reël 27; indirekte aanspreekvorme, byvoorbeeld Vertelling 1.8, reël 44 en Vertelling 1.10, reël 23 en 51; bevele aan die hoorder, byvoorbeeld Vertelling 1.4, reël 3; vrae aan die hoorder, byvoorbeeld Vertelling 1.4, reël 6; en tussenwerpsels wat direk tot die hoorder gerig is, soos onder andere in Vertelling 1.24, reël 23:

5.1 jy weet mos,

ook Vertelling 1.7, reël 51 en Vertelling 1.15, reël 12.

Alhoewel hierdie spore van die verteller in die vertelling evaluerend van aard is, het dit ook nog 'n verdere funksie, naamlik om kontak met die hoorder te bewerkstellig. Op hierdie wyse word die hoorder se aandag behou.

Evaluering hoef nie noodwendig verbaal te wees nie. Paralinguistiese faktore speel hier 'n baie belangrike rol. Die spreker kan byvoorbeeld deur middel van stemtoon, klem, gebare, gesigsuitdrukkings, tempo, ensovoorts evaluering toepas. In Vertelling 1.27 word byvoorbeeld dikwels van klem gebruik gemaak as evaluerende middel, soos byvoorbeeld in reël 60 en 95.

Na bestudering van die vertellings is besluit om die term uittreksel waaronder verstaan word dat 'n kort opsomming van die gebeure in die vertelling vooraf gegee word, te vervang met die term aankondiging. Dikwels word 'n vertelling nie ingelui deur 'n uittreksel nie, maar deur 'n aankondiging, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.3, reël 1.

5.2 Ek wil julle hierdie een vertel.

Vergelyk ook verder onder andere Vertelling 1.4, reël 1 en Vertelling 1.6, reël 1. Onder aankondiging word dan verstaan dat daar ten aanvang van die vertelling 'n opsomming van die gebeure in die vertelling gegee word of 'n aankondiging van wat volg. Die element aankondiging is nie 'n verpligte element by vertellings nie. Soms verskaf die konteks aanleiding daartoe dat vertellings spontaan sonder enige aankondiging voortvloei, soos byvoorbeeld onder andere Vertelling 1.2, 1.20 en 1.21.

Die element oriëntasie is myns insiens 'n verpligte element by enige vertelling aangesien dit die karakters en situasie waarin die handeling plaasvind, stel. Die element oriëntasie is dikwels nie volledig en duidelik gespesifiseer ten opsigte van al sy onderafdelings, naamlik persoon, tyd, plek en situasie nie. Die enigste tydsaanduiding in die oriëntasiegedeelte van Vertelling 1.9 is byvoorbeeld die preteritale werkwoordsvorm wat binne hierdie konteks aantoon dat na gebeure verwys word wat die uitingstyd voorafgegaan het. In Vertelling 1.3 word in die eerste reël 'n fiktiewe deiktiese sentrum gestig deur die uiting:

5.3 Ek wil julle hierdie een vertel.

Die res van die vertelling het hierdie fiktiewe deiktiese sentrum as oriëntasiepunt en is in die historiese presens. Dat hierdie gebeure die werklike uitingstyd voorafgaan, blyk uit die gebruik van die tydsadjunk toe.

Uit die ondersoek blyk dit dat by fiktiewe spontane geselsvertellings die elemente tyd, plek en persoon 'n baie minder prominente rol vervul as by die voorkoms hiervan by ware (feitelike) vertellings. By fiktiewe

spontane geselsvertellings word tyd in die oriëntasie dikwels slegs gespesifiseer as eendag soos byvoorbeeld in Vertelling 1.2, 1.5, 1.6, 1.20 en 1.23 of dit bevat dikwels geen eksplisiete tydspesifikasie nie, soos in Vertelling 1.3, 1.9 en 1.17.

Ten opsigte van persoon is gevind dat by ware vertellings deur middel van eiename na referente verwys word, byvoorbeeld in Vertelling 1.1, 1.7, 1.8, 1.26 en 1.30. Hierdeur is die referent dan identifiseerbaar. By fiktiewe spontane geselsvertellings is deur middel van naamwoordstukke na referente verwys en is eiename nooit gebruik om na menslike referente te verwys nie, byvoorbeeld in Vertelling 1.2, 1.3, 1.5, 1.6, 1.7, 1.9, 1.20 en 1.23.

By ware vertellings hou plekverwysings verband met kontroleerbare werklikhede, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.1, 1.4, 1.7, 1.8, 1.10, 1.25, 1.26, 1.27, 1.28 en 1.30. By die fiktiewe vertellings is plekverwysings vaag en ongespesifiseerd, byvoorbeeld in Vertelling 1.2, 1.3, 1.5, 1.6, 1.9, 1.17, 1.20, 1.22 en 1.23.

Uit hierdie gegewens blyk dit dat die verwysingsstelsel van die ware spontane geselsvertelling verskil van die van die fiktiewe spontane geselsvertelling. Dit hou verband daarmee dat ware vertellings met 'n kontroleerbare werklikheid korrespondeer terwyl dit nie die geval is met fiktiewe vertellings nie.

Uit die navorsing blyk dit dat 'n derde tipe vertelling onderskeibaar is, naamlik *liegstories*. Hierdie tipe vertellings word aangebied as ware gebeure en die bou van hierdie vertellings stem ook ten opsigte van die voorafgaande ooreen met ware vertellings. Vertelling 1.24 begin byvoorbeeld met eendag, maar in die vyfde reël word die tyd gespesifiseer as in die oorlogtyd. Eiename word gebruik om na referente in die werklike lewe te verwys en in reël 9 word die plek ook gespesifiseer en is korreleerbaar met die werklikheid. Vertelling 1.14, 1.18 en 1.19 is *liegstories* waarvan die bou ten opsigte van verwysing gedeeltelik ooreenstem met die van ware vertellings. Vertelling 2.2 is ook 'n *lieg storie* wat struktureel ten opsigte van verwysing ooreenstem met ware

vertellings, maar dat dit nie 'n spontane geselsvertelling is nie, blyk uit die weldeurdagte, gedetailleerde oriëntasiegedeelte. Vergelyk byvoorbeeld reël 1 en 2 waar tyd gespesifiseer word:

5.4 My storie begin doer in die jare
sestig, eintlik die laat vyftigs.

In reël 3 en 4 word die plek ook duidelik gespesifiseer.

By liegstories word een van die gespreksvoorwaardes oortree, naamlik die van kwaliteit. Volgens hierdie gespreksvoorwaarde moet slegs die waarheid gepraat word en net dinge gesê word waarvoor die spreker bewyse het. Hierdie tekortkoming by liegstories word beklemtoon deurdat die spreker hom dikwels op 'n getuie beroep om die waarheid van sy vertelling te staaf, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.18, reël 26, of die spreker beklemtoon self die waarheid van sy vertelling, soos in Vertelling 1.24, reël 44 en 45.

In hierdie verband kan ook verwys word na drome wat ooreenstem met fiktiewe vertellings daarin dat albei verband hou met alternatiewe wêreldes. By die weergawe van fiktiewe vertellings het die verteller egter beheer oor die gebeure wat in die vertelling plaasvind terwyl die verteller van drome slegs gebeure in 'n droom weergee en geen beheer daaroor uitoefen nie. By vertellings wat verband hou met die werklikheid is daar ook 'n weergawe van gebeurtenisse, maar diegene betrokke by die oorspronklike handeling het beheer daaroor gehad terwyl die verteller ook beheer het oor watter handeling weergegee word en die wyse waarop hulle weergegee word. Die strukturering van die droomvertelling is dus nie 'n funksie van die spreker nie aangesien hy slegs die droom weergee en op grond hiervan word drome as semi-vertellings bestempel. (Vergelyk byvoorbeeld Vertelling 1.11 en 1.12.)

Soos reeds genoem, bestaan die **verwikkelde** handeling uit 'n hiërargie van handeling wat soms reeds hulle oorsprong in die oriëntasie het. Om as 'n vertelling geklassifiseer te word, moet hierdie handelingstruktuur uitloop op 'n **hoogtepunt**. Die hoogtepunt van 'n vertelling moet duidelik

onderskei word van die hoofgedagte van die vertelling aangesien dit twee heeltemal verskillende begrippe is. Die hoogtepunt van die verwickelde handeling is 'n essensiële element in die struktuur van die vertelling.

Die meeste vertellings bevat 'n oriëntasiegedeelte aan die begin van die vertelling wat die breë agtergrond verskaf waarteen die vertelling afspeel. Binne die verwickelde handeling kom meestal 'n heroriëntasie voor wat dan spesifiek as agtergrond vir die verwickeldehandelingsgedeelte dien. In Vertelling 1.1 verwys reël 4 na Johannesburg terwyl reël 31 die agtergrond vir die verwickelde handeling verskaf, naamlik terug op die plaas. In Vertelling 1.27 word die tyd aanvanklik in reël 1 en 2 as onlangs gegee. In die verwickelde handeling word dit nader gespesifiseer as die tyd van oorlog in reël 30 en in reël 32 gepresiseer as die nag.

Die naamwoordstukke wat 'n spreker vir verwysing gebruik, verskaf leidrade aangaande sy agtergrond. In ware vertellings kan die verhouding tussen die spreker en referente afgelei word uit die naamwoordstukke wat gebruik word. In Vertelling 1.30, reël 25, verwys die spreekster na haarself as Ouma waaruit afgelei kan word dat die aangesprokene 'n kleinkind is. Ander voorbeelde in hierdie verband is Vertelling 1.18, reël 2, Vertelling 1.13, reël 6 en Vertelling 1.7, reël 7, 18 en 49. Die sosiale stand van die spreker blyk duidelik uit Vertelling 1.5, reël 10, 37 en 39, Vertelling 1.23, reël 29 en Vertelling 1.28, reël 24. In Vertelling 1.20 verwys die spreekster aanvanklik na 'n/die boer_i, die man_i, hy_i, maar later wanneer die vertelling goed op dreef is na die baas_i. Hieruit kan afgelei word dat die spreekster se sosiale status sodanig is dat sy na die boer opsien as die baas.

Die element resultaat moet van die hoogtepunt onderskei word. Die resultaat beantwoord die vraag na wat uiteindelik gebeur het terwyl die hoogtepunt die klimaks van die primêre handelingsreeks in die vertelling vorm. Daarna mag nog handeling volg, maar hulle dra nie meer by tot die opbou na 'n hoogtepunt nie. Hierdie handeling wat volg na die hoogtepunt, is dikwels verduidelikend van aard. Vergelyk byvoorbeeld Vertelling 1.1 waar die hoogtepunt gevorm word in reël 47 en die

daaropvolgende reëls as verduideliking toegevoeg word. Dieselfde geld byvoorbeeld ook vir Vertelling 1.7 waar die hoogtepunt in reël 50 gegee word en die res van die vertelling verduidelikend van aard is.

Die resultaat en hoogtepunt val dikwels saam in vertellings, maar aangesien hulle ook kan verskil, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.5 waar reël 64 die hoogtepunt vorm en reël 78 tot 80 die resultaat, is dit nodig om hierdie twee elemente te onderskei. Die hoogtepunt is 'n noodsaaklike element in enige vertelling en waar die resultaat en die hoogtepunt nie saamval nie, is laasgenoemde nie 'n verpligte element nie.

Die coda is ook nie 'n verpligte element nie en ontbreek by sommige van die vertellings, soos byvoorbeeld by Vertelling 1.17, 1.4, 1.9, 1.20, 1.22 en 1.27.

Codas kom in verskillende vorms voor. By ware vertellings is die coda dikwels van so 'n aard dat dit as oorbrugging tussen die fiktiewe en die werklikheid dien deurdat die vertelde handeling verbetreklik word op gebeure in die werklikheid wat verband hou met die gespreksdeiktiese sentrum, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.1.

Codas kan ook voorkom as vrye clause wat algemeen geldende uitsprake bevat, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.28. Soms kom die coda voor as 'n samevatting van vertelde gebeure, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.16 en 1.10.

By fiktiewe vertellings is die coda meestal van 'n heel eenvoudige aard in die vorm van 'n cliché-geworde uitdrukking of 'n niksseggende uitdrukking, soos byvoorbeeld:

- 5.5(a) Fluit-fluit my storie is uit. (Vertelling 1.2.)
- (b) Ja baas, a. (Vertelling 1.5.)
- (c) Nee wat. (Vertelling 1.8.)
- (d) Ja. (Vertelling 1.14.)
- (e) Fluit-fluit die storie is uit. (Vertelling 1.21.)
- (f) Hy's klaar daai ene. (Vertelling 1.23.)

Waar codas by ware vertellings voorkom, is dit ook meestal evaluerend van aard, byvoorbeeld Vertelling 1.1 en 1.10, terwyl dit nie die geval is by fiktiewe vertellings nie, soos blyk uit bostaande gegewens. Dit is in ooreenstemming met Labov se stelling dat vertellings waarin persoonlike gegewens weergegee word, die hoogsgeëvalueerde vorm van taal is. (Vergelyk Afdeling 4.2.4.)

5.2 POUUSERING

Pouusering is kenmerkend van die spontane mondelinge vertelling en moet onderskei word van wat Labov as sinnelose uitdrukkings wat evaluerend van aard is, bestempel (vergeelyk Afdeling 4.2.4). Pouusering het nie 'n evaluerende funksie nie, maar het eerder 'n ordeningsfunksie. Onder pouusering word verstaan uitdrukkings soos onder andere in Vertelling 1.6, reël 52, Vertelling 1.1, reël 9 en Vertelling 1.4, reël 7 waar daar 'n onderbreking in die vertelling voorkom in die vorm van 'n niksseggende uitdrukking waartydens die spreker sy gedagtes orden. Hierdie "talige" onderbreking gaan dikwels gepaard met 'n werklike vertraging in die verteltempo, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.6, reël 52:

5.6 Ah ... wat wou ek sê ...

Daar bestaan geen verband tussen hierdie pouserende uitdrukking en die vertelde handeling nie en pouusering kan op enige plek in die vertelling voorkom. Dat dit 'n kenmerkende eienskap van die spontane mondelinge vertelling is, blyk daaruit dat geen sodanige pouserings in Vertelling 2.1 en 2.2 wat weldeurdagte mondelinge vertellings is, voorkom nie.

Pouusering verskil van verspreking daarin dat versprekings nie 'n ordeningsfunksie het nie en ook meestal gevolg word deur regstellings direk daarna, byvoorbeeld Vertelling 1.1, reël 14 en Vertelling 1.16, reël 15.

Uit die navorsing blyk dit dat die historiese presens by uitstek dié tydsvorm is wat by Afrikaanse mondelinge vertellings gebruik word. Nie een van die vertellings wat bestudeer is, bevat slegs werkwoorde wat almal in die preteritale vorm is nie. Daarenteen is enkele vertellings wat slegs in die historiese presens is, waargeneem, byvoorbeeld Vertelling 1.3 en 1.13.

Ten opsigte van die historiese presens moet die volgende in aanmerking geneem word. De Villiers (1968 : 23) gebruik die term presens om spesifiek na 'n bepaalde werkwoordsvorm te verwys. Wanneer die presens in alle soorte sinne (die gebruik van die presens in bysinne waar die perfek óf die imperfek in hoof- of bysinne die verlede tyd aandui, uitgesluit) in 'n vertelling gebruik word om die verlede tyd aan te dui, word dié gebruikswyse die historiese presens genoem (De Villiers, 1968 : 61). Hy gebruik dus as kriterium vir die bepaling van die historiese presens slegs die werkwoordsvorm. Hy sê ook dat daar soms in die taal aanduidings is dat na die verlede tyd verwys word, byvoorbeeld deur die gebruik van die tydsadjunk toe (De Villiers, 1968 : 63). Dit word as onafhanklike tydsaanduiding gebruik en is nie bepalend ten opsigte van die werkwoordsvorm nie. In aansluiting by wat in Afdeling 3 1.2.3.4 oor die historiese presens gesê is, kan De Villiers (1968 : 68) se siening gevoeg word, naamlik:

"Die historiese presens se krag lê in kontraswerking met die perfek en dat volgehoue vertelling met die presens die effek verswak."

'n Empiriese ondersoek het getoon dat die voorkoms van vertellings wat slegs in die historiese presens is, seldsaam is. Wolfson (1978) het byvoorbeeld geen sodanige vertellings gevind nie terwyl Schiffrin (1981) wel een só 'n vertelling aangetref het. In eie data is enkele vertellings wat ten volle in die historiese presens (volgens De Villiers se kriteria) vertel word, aangetref. Volgens Schiffrin (1981 : 52) is hierdie tipe vertellings bondig, soos ook blyk uit Vertelling 1.3 en 1.13.

Uit die ondersoek het geblyk dat tempusverwisseling nie beperk is tot 'n bepaalde gebied in die vertelling nie, maar dit kan op enige plek in die vertelling voorkom. Soos reeds in Afdeling 3.1.2.3.4 genoem, is tempusverwisseling funksioneel, naamlik om die vertelling in episodes of fases af te baken.

Daar is gevind dat met uitsondering van die aankondiging en meestal ook die oriëntasie, die historiese presens in die res van die vertelling dikwels onderbreek word deur direkte aanhalings. In Vertelling 1.3 word slegs die historiese presens gebruik met direkte aanhalings in reël 5, 6, 8, 10, 12, 14, 16, 18, 20 en 21. Die volgende vertellings is onder andere hoofsaaklik in die historiese presens met talle direkte aanhalings: Vertelling 1.1, 1.5, 1.7 en 1.9. In Vertelling 1.2, 1.4, 1.6, 1.8 en 1.10 word die historiese presens en preteritum funksioneel afgewissel en daar kom ook talle direkte aanhalings in voor. Dit is waarskynlik hierdie gebruik van die historiese presens tesame met talle direkte aanhalings wat tot die foutiewe aanname, naamlik dat die gebruik van die historiese presens daartoe lei dat 'n vertelling lewendig en dramaties van aard is, aanleiding gegee het. Waar slegs die historiese presens of die historiese presens afwisselend met die preteritum gebruik word, het dit nie hierdie uitwerking nie. Waar die historiese presens egter tesame met talle direkte aanhalings gebruik word, maak dit 'n vertelling lewendig van aard en het dit 'n dramatiese effek. Hierdie feit word gestaaf deur die bevinding dat die hoogtepunt van die verwikkelde handeling of die resultaat en die hoogtepunt van die verwikkelde handeling dikwels in die direkte rede weergegee word, byvoorbeeld in Vertelling 1.1, 1.2, 1.3, 1.4, 1.5, 1.6, 1.7, 1.9, 1.17, 1.20, 1.27, 1.29 en 1.30. Vertellings waar hierdie tendens nie voorkom nie is dikwels ware vertellings wat handel oor diere en laasgenoemde nie tot spraak in staat is nie, byvoorbeeld Vertelling 1.8, of vertellings waar die klem op die handeling of gebeure val, byvoorbeeld onder andere Vertelling 1.10, 1.18, 1.28 en Vertelling 2.1. Waar die historiese presens en preteritum afwisselend gebruik word, baken dit die vertelling in episodes of fases af.

Die gebruik van die presens in vertellings is seldsaam. Dit word soms in die coda gebruik, byvoorbeeld in Vertelling 1.21 en 1.23 of waar die

verteller buite sy vertelling tree om 'n evaluerende opmerking te maak, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.24, reël 44 en 45.

In vertellings wat hoofsaaklik in die historiese presens is, vervul die preteritum dikwels die funksie om na handeling wat ander voorafgaan, dit wil sê die voorverledetyd, te verwys, soos byvoorbeeld in Vertelling 1.5, reël 16.

Die werkwoordvorm het nie as funksie om handeling in tyd te plaas nie. Hierdie funksie word in die vertelling deur die verwysingstyd vervul. (Vergelyk Afdeling 3.1.2.3.5.)

In die oriëntasie word die vertelling in 'n breë tydsraamwerk geplaas deur middel van tydsadjunkte of tydsomskrywings, byvoorbeeld:

- 5.7(a) Eendag (wat dikwels in fiktiewe vertellings gebruik word),
- (b) op die Dorslandtrek (Vertelling 1.4, reël 5),
- (c) Maandag (Vertelling 1.15, reël 2) en
- (d) daãrdie jare (Vertelling 1.8, reël 3).

Dit is slegs in hoogs uitsonderlike gevalle, soos byvoorbeeld Vertelling 1.3, waar die konteks die gebrek aan tydspeksifikasie aanvul dat 'n vertelling nie in 'n tydsraamwerk geplaas word nie. Deur in die eerste reël van Vertelling 1.3 te sê:

5.8 Ek wil julle hierdie een vertel.

stig die spreker 'n fiktiewe deiktiese sentrum wat verband hou met 'n gewete wêreld waarna verwys word. Die hoorder is dadelik daarvan bewus dat 'n fiktiewe tyd ter sprake is.

Die vertelde handeling word weergegee in die vorm van narratiewe clause waar tydsopvolging die bindingsmiddel is. Tydsverwysingspunte ontstaan in die loop van die vertelling van waar tydswaarneming geskied. Sekere handeling word dan as voorafgaande ten opsigte van hierdie punt

waargeneem of ander ontvou van hierdie punt af. Soos wat die vertelling vorder, verskuif hierdie tydsverwysingspunte ook van tyd tot tyd. In Vertelling 1.24 word die tyd in die oriëntasie gespesifiseer as eendag (reël 1) en in reël 5 verder as innie oorlogtyd. Reël 9 bevat 'n tydsverwysingspunt terwyl reël 10 na 'n toestand verwys wat reeds voor hierdie tyd 'n aanvang geneem het en op die uitingstyd nog geldig was terwyl die handeling in reël 11 as opvolgend ten opsigte van reël 9 ervaar word. In Vertelling 1.7 vorm die volgende reëls teikens tydsverwysingspunte vanwaar die daaropvolgende gebeure beskryf word, naamlik reël 7, 14, 18, 27, 34 en 40.

Tempusverwisseling dien as 'n organisatoriese middel in die vertelling terwyl verwysingstyd verband hou met die plasing van vertellingshandelinge in 'n breër tydsraamwerk.

5.4 DIE VERTELLER EN VERTELVLAK

In hierdie ondersoek is gekonsentreer op eenvoudige vertellings. As gevolg hiervan is al die vertellings met die uitsondering van Vertelling 2.1, op die ekstradiëgetiese vlak. In al hierdie vertellings is dit die primêre verhaal wat vertel word. In Vertelling 2.1 bly dieselfde verteller aan die woord, maar in reël 23 gaan hy oor tot die vertel van 'n verhaal van een van die karakters. In hierdie geval is dit dus 'n heterodiëgetiese verteller op 'n intradiëgetiese vlak. Aangesien die karakter nooit self aan die woord kom om sy eie verhaal te vertel nie, ontstaan hier nie 'n hipodiëgetiese vlak nie.

Wanneer 'n verteller deel vorm van die storie, met ander woorde as die verteller as karakter in sy storie voorkom, is dit 'n homodiëgetiese verteller. Wanneer die verteller slegs sy rol as verteller vervul en nie betrokke is as 'n karakter in die storie nie, is die verteller heterodiëgeties. Spore van die verteller in die vertelling, byvoorbeeld in die vorm van kommentaar, soos in Vertelling 1.1, reël 6 en 25, of deur middel van 'n opmerking waardeur kontak met sy gehoor gemaak word, byvoorbeeld Vertelling 1.6, reël 37 en 38, het geen invloed op die

vertellerstatus nie en het nie tot gevolg dat 'n andersins heterodiëgetiese verteller verander na 'n homodiëgetiese verteller nie.

In die ondersoekte vertellings kom nêrens 'n vertelling op die hipodiëgetiese vlak voor nie. Die verteller bly steeds self aan die woord, hetsy as karakter in die vertelling of slegs as waarnemer. Daar word dikwels van direkte aanhalings gebruik gemaak, maar nêrens gaan 'n karakter self oor tot die vertel van 'n verhaal nie.

5.5 SPRAAKWEERGAWE

In die ingeslote vertellings is daar nie gevalle waargeneem waar die vrye indirekte rede sonder enige twyfel voorkom nie. Hiermee wil nie te kenne gegee word dat hierdie vorm van spraakweergawe nêrens in gesproke taal voorkom nie. Alhoewel die vertellings mondeling van aard is, kan die rol van die transkribeerder vergelyk word met die van die implisiete outeur by geskrewe literêre vertellings aangesien dit die transkribeerder is wat bepaal waar leestekens soos kommas, punte en aanhalingstekens geplaas word. Aangesien die voorkoms al dan nie van die vrye indirekte rede in 'n mate hiervan afhanklik is, speel die transkribeerder hier 'n belangrike rol en is spraakweergawe dus gedeeltelik subjektief van aard.

5.6 DIE VERTELLING AS TAALHANDELING

In Afdeling 2.4.3 is die vertelling gekarakteriseer as 'n doelgerigte taalhandeling. Vertelling 1.1 tot 1.30 in die Bylae kom voor in die normale diskoersverloop waar daar 'n spreker en hoorder(s) aanwesig is. Wanneer die vertellings binne die diskoerskonteks geanaliseer word, kan bepaal word met watter doel 'n vertelling geuit word asook die bedoeling daarmee. Die konteks waarin 'n lokusie voorkom, is bepalend vir die aard van die illokusiehandeling. Wanneer een passasier byvoorbeeld gedurende 'n treinrit aan 'n ander vra: "Hoe laat is dit?" kan die illokusie letterlik wees:

5.9 Ek vra jou...

Die spreker stel dan regtig in die tyd belang. Indien 'n dosent egter dieselfde uiting maak teenoor 'n student wat laat by 'n klas aankom, kan die uiting 'n verskuilde illokusie bevat, naamlik bestraffing en kan die perlokusie wees om die student skaam te maak of hom te stimuleer om betyds te kom. Op dieselfde wyse kan die diskoerskonteks 'n aanduiding verskaf van die aard van 'n illokusiehandeling. Vertelling 1.15 het binne die bepaalde diskoerskonteks waarin dit voorkom 'n inligtingsfunksie, maar indien die gesprek byvoorbeeld gehandel het oor gevare verbonde aan byekorwe in die onmiddellike omgewing van woonhuise, kon hierdie vertelling as 'n waarskuwing gedien het.

Die illokusie kan eksplisiet van aard wees, byvoorbeeld:

5.10 Ek vertel jou/julle (nou hiermee) ...

Vergelyk byvoorbeeld Vertelling 1.3, 1.5 en 1.17.

Die illokusie kan ook verskuild voorkom, byvoorbeeld waar die vertelling dien as 'n bestraffing, dreigement of waarskuwing. Vertelling 1.10 en 1.29 bevat albei verskuilde illokusies wat herlei kan word na:

5.11 Ek waarsku jou hiermee ...

Lokusie word as voorwaarde vir illokusie gestel. Die illokusie veronderstel dat die spreker deur middel van die uiting wat hy voortbring, 'n handeling uitvoer wat 'n bepaalde seggingskrag het. Die vertelling dien byvoorbeeld as 'n waarskuwing of 'n bestraffing.

Met sy vertelling beoog die verteller om 'n bepaalde effek op die hoorder te hê. Word die illokusie begryp, slaag die taalhandeling. Daar moet onderskei word tussen bedoelde en werklike perlokusies. Die spreker beoog om 'n bepaalde effek by 'n hoorder te bewerkstellig, maar soms verskil die werklike effek van die bedoelde effek. Die werklike perlokusie is nie altyd agterhaalbaar binne die diskoerskonteks nie. Die bedoelde perlokusie kan dikwels afgelei word uit die strukturering van die vertelling. In hierdie verband speel evaluering 'n belangrike rol.

In Vertelling 1.29 kom die verskuilde illokusie:

5.12 Ek waarsku jou hiermee ...

voor. Die spreker se bedoelde perlokusie is om vrees/ontslag vir 'n leeu by die hoorder in te boesem. Die bedoelde perlokusie blyk uit die strukturering van die vertelling. Die aankondiging bevat 'n verskuilde waarskuwing:

5.13 Nee leeu is geen grap nie.

Later fokus die verteller op die optrede van sy oom wat 'n leeujaagter is. In reël 5 word sterk klem geplaas op die feit dat sy oom 'n leeujaagter is:

5.14 Maar 'n oom van my is 'n lééujagter.

Deur middel van die klempatroon word geïmpliseer dat 'n leeujaagter dapper is. Vanaf reël 14 fokus die verteller op die optrede van hierdie leeujaagter. In reël 14 word klem op die handeling geplaas deurdat die onderwerp uit sy eerste sinsposisie verskuif word. Uit sy handeling en uit die direkte woorde van die oorspronklike spreker wat hierna weergegee word (reël 17 tot 21), word die vrees wat hierdie man vir 'n gekweste leeu het, getoon. Hierdie strukturering is in ooreenstemming met die bedoelde perlokusie.

Uit die navorsing blyk dit dat die ondersoekte vertellings voldoen aan Van Dijk (1975 : 277) se vereistes ten opsigte van 'n handeling (vergelyk Afdeling 2.4.3). Met sy vertelling het die spreker 'n bepaalde doel voor oë waardeur hy 'n toestandsverandering by die hoorder teweeg wil bring, hetsy dit byvoorbeeld is om hom te amuseer, bang te maak of kennis te deel.

Tussen die mondelinge vertelaanbod en die betekenis daarvan bestaan daar dikwels 'n gaping wat deur implikasie gevul word. Om implikasie te kan verklaar, is meer as net 'n kennis van leksikale betekenis nodig. Om die betekenis van 'n vertelling reg te kan interpreteer, moet die

hoorder in staat wees om verbande wat die spreker in sy vertelling lê te kan snap. By die vertelling word die hoofgedagte selde eksplisiet gegee, maar meestal geïmpliseer.

5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die struktuur van die spontane geselsvertelling geanaliseer aan die hand van die vertellings in die Bylae. Die spontane geselsvertelling bevat kenmerke wat eie is aan hierdie tipe vertelling, naamlik pousering en versprekings. Die vertelling is as taalhandeling ontleed en aangesien die vertelling 'n doelgerigte taalhandeling is, is die strukturering daarvan in ooreenstemming hiermee. Die kriterium vir 'n goeie/geslaagde vertelling is in watter mate 'n vertelling in sy doel geslaag het en nie hoe volledig die vertelling gestruktureer is nie. 'n Goed gevormde spontane geselsvertelling is 'n vertelling wat volledig gestruktureer is. Sommige vertellings is eenvoudig van aard en bevat 'n beperkte handelingsreeks, maar kan nog steeds as 'n goeie vertelling bestempel word indien dit in sy doel slaag (vergelyk Vertelling 1.13). Die volgende elemente is in die goed gevormde spontane geselsvertelling onderskei, naamlik aankondiging, oriëntasie, evaluering, verwickelde handeling, hoogtepunt, tempusverwisseling, resultaat, coda, pousering en verspreking. Ten opsigte van die element oriëntasie bestaan daar verskille in die struktuur van die fiktiewe teenoor die ware vertelling.

HOOFSTUK 6

TOEPASSING

In hierdie hoofstuk word Vertelling 1.6 (Bylae) ontleed aan die hand van die gegewens uit die vorige hoofstukke. Aangesien Vertelling 1.1 wat in Hoofstuk 4 ontleed is, 'n ware vertelling is, is besluit om Vertelling 1.6 wat 'n fiktiewe vertelling is, in hierdie hoofstuk te ontleed. Uit die aard van die saak was dit onmoontlik om een vertelling te vind waarin al die teoretiese gegewens verantwoord is. Die teoretiese uiteensetting is noodsaaklik sodat bepaal kan word watter faktore 'n rol speel in die strukturering van 'n vertelling en waarom 'n verteller bepaalde linguïstiese middele aanwend in die strukturering van sy vertelling.

Vertelling 1.6 is 'n spontane geselsvertelling wat op band opgeneem is tydens 'n gesprek met oom Jan Tieties op 24 Oktober 1985 te Rietfontein in die Mieromgewing. Uit die sinsbou blyk dit dat die spreker substandaardafrikaans besig.

6.1 DIE VERTELLING

Ter wille van gemakliker kontrole word Vertelling 1.6 uit die Bylae hier weergegee.

Neeja ek moes eendag 'n grap vertel daarso virrie
léraars en daaroor
so 'n klomp was.
Mja. Dit was uh,
5 dit is ok nog nie daarie vrý tyd
toe het hulle jag
wanneer hulle wil
en kóm wanneer
hy wil
10 en skiët
wat hulle wil.
Nouja, dat is nou daardie predikant die

sendeling en die boer by toe. Ja.
 Nou gejág,
 15 kry niks.
 Hónger geword
 én, skiet daar 'n man korhaan, láát agtermiddag.
 Die korhaan móoi skoongemaak
 en gebéwerk
 20 en gaargemaak
 is nou die aand, by die jagvuur
 waar hulle nou sit.
 Nou die korhaan is nou so min
 en die manne is al drie
 25 en 'n korhaan is die maar 'n klein ding.
 Hy's amper kleiner as 'n hoender.
 Uh, nee maar hulle sal nou kýk
 kyk dat die korhaan nou net gereed
 hy's nou gaar
 30 en hy nou net so sit.
 Dié mán wat vanaand die móoiste droom, droom
 hy eet móre die korhaan.
 In die nag oop, heeltemal innie nag,
 want hy's tog te min vir twee moeë manne.
 35 Maar hulle moet wag
 tot móre.
 Kom ons kyk
 wat is die gevolge van die drome.
 Die boer het die aand opgestaan
 40 terwyl die sendeling en die leer... en
 die predikant slááp,
 die korhaan opgeéet, daardie áánd ál
 en weer gelê
 en geslaap.
 45 Opgestáán
 dan nou bietjie uh anner gemaak mekaar
 vuurgemaak
 uh, terwyl hulle nou langs die jagvuur sit,

toe moet hulle nou eintlik hulle se drome
 50 uitbring,
 maar hulle gee die predikant eerste kans.
 Ah... wat ek wou sê...
 die predikant sê, vir hulle:
 "Ek het gedroom,
 55 ek het gedroom
 dat ek, soos, Elia van ouds, hemelvaart."
 Hulle't ou kórt droompies gehad,
 kórt droompies het hulle gehad.
 In die sendeling sê:
 60 "Ek het gedroom,
 ek volg jou na."
 Innie boer sê:
 "Ek het gedroom
 julle kom nóóit weer terug nie.
 65 Toe staan ek gisteraand op
 en ek eet die korhaan op." (Lag.)
 Ja.

6.2 METODE

In Afdeling 2.5 is 'n vertelling gedefinieer as 'n intensionele taalhandeling wat uit ten minste twee tydsgeordende clause met 'n sentrale onderwerp bestaan. In ooreenstemming met hierdie definisie word die vertelling eerstens as taalhandeling geanaliseer. Uit hierdie analise sal die doel van die spreker met sy vertelling blyk. Vervolgens sal dan gelet word op watter middele die spreker aanwend om sy doel te verwesenlik.

6.3 VERTELLING 1.6 AS TAALHANDELING

Van Rensburg (1982 : xxiv) sê dat taalhandelinge verband hou met die "nou" van segging en daarom kan taalhandelingswerkwoorde nie in 'n verledetydsvorm voorkom nie. Uit die aankondiging van hierdie vertelling,

6.1 ... ek moes eendag 'n grap vertel
daarso virrie leraars...

blyk dit dat na 'n ander deiktiese konteks verwys word wat in tyd (eendag) en plek (daarso) verwyderd is van die gesprekskonteks.

Direk na die aankondiging gaan die spreker voort met sy vertelling. Uit die lokusie van die aankondiging volg die verskuilde illokusie:

6.2 Ek vertel vir jou...

In die aankondiging sê die spreker pertinent dat hy 'n grap wil vertel waaruit sy bedoelde perlokusie blyk, naamlik om die hoorder te amuseer. Die gelag aan die einde van die vertelling dui aan dat die bedoelde perlokusie en die werklike perlokusie in ooreenstemming met mekaar is. Hierdie vertelling kan as geslaagd bestempel word aangesien die verlangde effek verkry is.

6.4 STRUKTURERING VAN VERTELLING 1.6

Die bedoeling van die spreker met hierdie vertelling is om die hoorder te amuseer en die strukturering van hierdie vertelling is sodanig dat dit meewerk om die bedoelde effek te verkry.

Vertelling 1.6 word as 'n posterieure vertelling aangebied waarin die spreker as verteller en fokalisator optree. Hier kom dus 'n heterodiëgetiese verteller op 'n ekstradiëgetiese vlak voor. Hierdie eksterne fokalisasie is ook voortdurend van buite. Innerlike gevoelens van die karakters is nêrens ter sprake nie. In hierdie vertelling gaan dit om die handeling van die karakters en word meestal hierop gefokus.

Deur middel van narratiewe clause, dit wil sê clause waarin tydsopeenvolgende handelinge uitgedruk word, word 'n hegte bou verkry. Verskillende elemente word vir analitiese doeleindes onderskei, maar hulle is nie oral in die verdeling skerbaar nie. In hierdie analise

word getoon hoe die onderskeide elemente saamwerk om die vertelling in sy doel te laat slaag.

'n Struktuuranalise van hierdie vertelling toon dat die volgende elemente daarin voorkom, naamlik aankondiging, oriëntasie, tempusverwisseling, evaluering, verwickelde handeling, hoogtepunt, pousering, verspreking, resultaat en coda. In vergelyking met Figuur 4.1 word hier meer elemente onderskei en gaan die element evaluering ook nie die resultaat direk vooraf nie.

In hierdie vertelling word die aankondiging (reël 1 tot 3) in die vorm van vrye clause gegee. Dit hou dus nie verband met die tydsopenvolging van die vertelde gebeure nie en kan net sowel na die einde van die vertelling verskuif word.

Deur te sê dat dit 'n grap is wat volg, word eerder 'n aankondiging as 'n opsomming van die gebeure wat volg, gegee aangesien grap 'n algemene term is wat geen aanduiding gee van die handeling of karakters wat in hierdie vertelling voorkom nie.

Die vertelling word ingelui deur die openingsuiting Neeja wat in hierdie posisie 'n inleidende funksie vervul (vergelyk Fourie, 1985 : 147).

Die oriëntasie beslaan reël 4 tot 20 en hierin word die vertelling in 'n vae, breë tydsraamwerk geplaas, naamlik dié tyd toe daar nog geen wetsbeperking op jag was nie. Mja aan die begin van reël 4 word gebruik om die wending wat hier in die vertelling voorkom te markeer. Met reël 4 neem die oriëntasie 'n aanvang en word die fiktiewe deiktiese sentrum gestig. Aan die einde van reël 4 kom die pouserende uitdrukking *uh* voor gevolg deur 'n kort stilte waartydens die spreker sy gedagtes orden. Deur die preteritale vorm was in reël 4 te gebruik, word die fiktiewe deiktiese sentrum gestig. Hierdie sentrum word erken deur die historiese presens in reël 12 te gebruik wanneer die karakters bekend gestel word.

Swak taalbeheersing bemoeilik die interpretasie van die oriëntasiegedeelte, maar daar kan afgelei word dat in reël 5 na die werklike deiktiese sentrum

teruggekeer word en dat die werkwoord in die presens is. Reël 6 tot 11 gee 'n beskrywing van daardie "vry tyd" en is in die vorm van vrye clause. Aan die einde van reël 5 word die uiting vry tyd beklemtoon. Die klempatroon in die daaropvolgende sinne versterk die idee van vryheid. Telkens word wil (reël 7 en 9) asook die daaropvolgende werkwoord (reël 8 en 10) beklemtoon. Die betrokkenes was dus daartoe in staat om hierdie handeling na wense uit te voer.

Die plek waar hierdie gebeure afspeel, word nêrens pertinent genoem nie, maar uit die konteks kan afgelei word dat dit iewers op 'n jagveld afspeel. Dat die plek in hierdie vertelling nie duidelik gespesifiseer is nie, is in ooreenstemming met die bevinding ten opsigte van plekspesifikasie in fiktiewe vertellings.

'n Verdere kenmerk van die ondersoekte fiktiewe geselsvertellings is dat eiename selde hierin voorkom. In ooreenstemming hiermee word die karakters in Vertelling 1.6 slegs gespesifiseer as die boer, die sendeling en die predikant. Die karakters word hier op grond van hul beroepe geïdentifiseer aangesien dit gaan om groepskenmerke en nie om dié van die enkeling nie. Die verwysingsstelsel in hierdie vertelling is funksioneel en sluit aan by die hoofgedagte van hierdie vertelling, naamlik diegene wat eerlik die reguit weg bewandel, soos predikante en sendelinge, trek dikwels aan die kortste end. Die verwysingsstelsel is gekies met die oog op die bedoelde perlokusie. Die hoofgedagte word nie eksplisiet gegee nie, maar geïmpliseer. Gehoorsaamheid, eerlikheid en die waarheid is van die eienskappe eie aan 'n predikant. Die predikant en die sendeling gaan slaap gehoorsaam terwyl die boer skelm die korhaan opeet. In alle eerlikheid gee die predikant later sy droom weer, maar hy word bedrieg wanneer die boer en die sendeling sy droom "steel". Hieruit kan afgelei word dat hy as gevolg van sy eerlike lewenswandel aan die kortste end getrek het.

Reël 12 tot 20 is narratiewe clause wat deel vorm van die opeenvolgende handelingstruktuur en skets die situasie wat aanleiding gee tot die gebeure in die verwikkelde handeling. Met hierdie sekondêre handeling neem die handelingshiërargie reeds in die oriëntasie 'n aanvang. Aan die

begin van reël 12 kom die evaluerende uitdrukking nouja voor om die oorgang te markeer wanneer van die algemene beskrywing oorgegaan word daartoe om die karakters betrokke in die handeling, voor te stel. Ja aan die einde van reël 13 het 'n evaluerende funksie en is strategies geplaas, naamlik direk voordat die verwikkelde handeling 'n aanvang neem. 'n Nuwe wending in die vertelling word hierdeur aangedui.

Detematisering en die opheffing van die V2-beginsel in reël 14 tot 20 het 'n vertelekonomiese funksie tot gevolg waardeur klem op die handeling geplaas word. Die spreker beklemtoon verder die handeling deur klem op die werkwoorde *gejag* en *honger* te plaas. Aangesien die drie karakters in reël 12 en 13 gespesifiseer, die enigste persone in die vertelling is, is die aktiewe onderwerp dus hoogs algemeen (vergelyk Ponelis, 1979 : 414) en is dit nie vir die verteller nodig om dit duidelikheidshalwe weer te noem nie.

Die preteritale werkwoordsvorm in reël 14 en 16 vorm die voorwaarde vir die daaropvolgende sinne wat in die historiese presens is. Nou in reël 14 en vanmiddag in reël 17 dui aan dat verwysing vanuit die fiktiewe deiktiese sentrum geskied. Die fiktiewe deiktiese sentrum dien in hierdie geval as oriënteringspunt. Nou vervul dikwels in hierdie vertelling 'n strategiese funksie, naamlik om die geheel te laat saamhang, soos byvoorbeeld aan die begin van reël 14 waar 'n nuwe wending in die vertelling deur nou voorafgegaan word.

In reël 17 kom daar 'n fynere tydspesifikasie ten opsigte van sommige van die gebeure in die verwikkelde handeling voor, naamlik *laát agtermiddag*. Hierdie tydspesifikasie word deur middel van die *kelmpatroom* beklemtoon.

In reël 19 en 20 word van herhaling gebruik gemaak om die handeling te beklemtoon:

6.3 ... en gebewerk
en gaargemaak.

In reël 21 vind 'n fokusverskuiwing plaas met 'n gepaardgaande tempusverwisseling vanaf die preteritum in die voorafgaande gedeelte wat gebruik word om die voorverledetyd ten opsigte van die daaropvolgende handeling weer te gee, na die historiese presens in reël 21. Aan die begin van reël 21 word nou weer gebruik om die geheel te laat saamhang wanneer dit aan die begin van 'n nuwe wending voorkom. Die nuwe wending gaan ook met tydsverloop gepaard, naamlik van die laat agtermiddag tot die aand. Hier kom nie net 'n tydspesifikasie voor nie, maar ook 'n plekspesifikasie, naamlik by die jagvuur. Reël 21 en 22 dien as heroriëntasie ten opsigte van gebeure in die res van die verwickelde handeling. Nou in reël 23 word gebruik met die betekenis van op die uitingstyd en verwys hier na 'n tydstop. Die voornaamwoord hulle wat in reël 22 voorkom, verwys anafories na die antesedent wat in reël 12 en 13 voorkom. Nou aan die begin van reël 23 word evaluerend gebruik om hierdie reël te markeer wanneer die oorsaak vir die gebeure in die res van die verwickelde handeling genoem word. Reël 23 en 24 word verder gemarkeer deur die gebruik van die kwantors so in reël 23 om te beklemtoon dat die vleis min was en al saam met die telwoord drie om te beklemtoon dat die manne baie was vir die hoeveelheid vleis. Die kwantors word hier as intensiveerders gebruik.

Reël 25 en 26 is in 'n atemporele vorm waar 'n algemeen geldende feit weergegee word. Hierdie vrye clause is nie sinvol verskuifbaar na die aankondiging of eerste gedeelte van die oriëntasie nie. Reël 23 tot 26 waarin die oorsaak vir die gebeure in die res van die verwickelde handeling gegee word, is ook deur middel van tempo gemerk aangesien hierdie reëls teen 'n heelwat vinniger tempo as die res geuiter word.

Aan die begin van reël 27 kom die pouserende uitdrukking *uh* voor gevolg deur 'n kort stilte waartydens die spreker sy gedagtes orden. Die daaropvolgende *nee* is nie 'n ontkenningshandeling nie, maar het 'n verbindingsfunksie wanneer voortgegaan word om die handeling in die vertelling weer te gee (vergelyk Stubbs, 1984 : 77 en Fourie, 1985 : 179). In die daaropvolgende reëls word nou ook as bindingsmiddel gebruik. Deur middel van die modale hulpwerkwoord *sal* word 'n toekomstige voorneme weergegee. Die historiese toekomstige tyd word hier

ook in samehang met die historiese presens gebruik. Die werkwoord kyk word beklemtoon deur herhaling. Die anafoor hy word in hierdie vertelling ook gebruik om na nie-menslike antesedente te verwys soos byvoorbeeld in reël 29 en 30 waar hy gebruik word om na die korhaan te verwys. In reël 30 word die demonstratief so gebruik om na 'n gevaardgaande gebaar te verwys wat nie linguïsties deel van die sin vorm nie. Deur middel van die modale hulpwerkwoord in reël 27, herhaling van die werkwoord kyk en die demonstratief so word beklemtoon dat die korhaan nie op hierdie stadium geëet gaan word nie.

In reël 31 en 32 kom onderskeidelik vanaand en môre voor. Hierdie tydsadjunkte het die fiktiewe deiktiese sentrum as oriënteringspunt. In reël 31 en 32 word klem en sintaksis as releveringsmiddel aangewend. Aan die begin van reël 31 kom die naamwoordstuk dié mán voor wat beklemtoon word en deur die anafoor hy aan die begin van reël 32 te gebruik, word die onderwerp sterk beklemtoon. Reël 31 en 32 verwys na die toekomstige tyd ten opsigte van die fiktiewe deiktiese sentrum deur middel van tydsadjunkte. Hier word verwys na moontlike gebeure wat op die ou end nooit verwesenlik word nie.

Reël 33 bevat 'n tydspeksifikasie vir die daaropvolgende handelinge. In hierdie reël hou herhaling verband met die beklemtoning ter wille van dramatiese effek.

Reël 34 word teen 'n vinnige tempo geuit en beklemtoon weer dat die korhaan te min is, maar in hierdie geval vir twee moë manne. Vroeër was daar sprake van drie manne. Hierdie disjunksie wek die belangstelling van die hoorder. In reël 35 pas die stadige tempo aan by die inhoud van die sin wat verband hou met wag. Die toekomstige tyd word hier vergestalt deur middel van die modale hulpwerkwoord moet en die tydsadjunk môre. Hierdeur word die onvervulde moontlikheid beklemtoon.

By die vertelling bestaan daar twee deiktiese sentrums en verwysing kan te eniger tyd vanuit enige van hierdie deiktiese sentrums geskied. In reël 37 en 38 word die vertelling onderbreek en keer die spreker vir 'n oomblik terug na die werklike gespreksdeiktiese sentrum. Die

presensvorm van die werkwoord kom hier voor. Reël 37 en 38 is 'n voorbeeld waar van 'n bepaalde gesprekstategie gebruik gemaak word om deur middel van taalhandeling die hoorder(s) soveel as moontlik te beïnvloed. Deur die persoonlike voornaamwoord ons aan die begin van reël 37 te gebruik, word die betrokkenheid van die hoorder(s) by die gebeure verhoog.

Reël 39 tot 44 word in die preteritale vorm weergegee en gaan gepaard met 'n groot afstand tussen die fokalisator en die gefokaliseerde. Slegs uiterlik waarneembare handeling word hier weergegee.

In reël 39 tot 41 word twee handeling wat gelyktydig plaasvind, genoem. Deur hierdie twee handeling deur middel van *terwyl* te verbind, word een handeling uitgelig en beklemtoon. Die spreker plaas ook sterk klem op die werkwoord *slaap*. In reël 40 kom 'n verspreking voor, naamlik *leer ...* met 'n regstelling direk daarna. In reël 39 word tematiese prominensie aan die onderwerp verleen deurdat dit in die eerste sinsposisie verskyn. Op hierdie bepaalde plek in die vertelling dien dit as versterking van die hoofgedagte van die vertelling. Die feit dat dit die boer is wat die korhaan opgeëet het, word beklemtoon. In reël 42 word die feit dat die boer die aand al die korhaan opgeëet het, beklemtoon deur herhaling van die woord *aand* wat reeds in reël 39 genoem is. Die spreker plaas ook nog sterk klem op *aand al*. Die gebruik van *daardie* in reël 42 tesame met die gebruik van die werkwoorde in die preteritale vorm in hierdie gedeelte skep 'n gevoel van afstand of verwyderheid van hierdie handeling. As gevolg van detematisering verkry die handeling tematiese prominensie in reël 45.

Reël 46 is onsamehangend en die pouserende *uh* met die gepaardgaande stilte dui aan dat die spreker op hierdie stadium sy gedagtes orden.

Aan die begin van reël 48 kom 'n pouserende uitdrukking voor. In reël 48 word weer oorgeskakel na die historiese presens om 'n nuwe wending in die vertelling aan te dui. Die afstand tussen die fokalisator en gefokaliseerde verklein sodat gehoor kan word wat gesels word en dit word later deur middel van direkte aanhalings weergegee. Deur middel

van terwyl word twee handelinge wat gelyktydig plaasvind, weergegee (reël 48 en 49), maar die handeling in reël 49 word sterk beklemtoon deur die gebruik van toe aan die begin van hierdie reël. In reël 48 en 49 word nou gebruik in die sin van "op dié bepaalde tydstop". Die gebruik van nou in reël 48 en 49 verhoog ook die dramatiese karakter van die vertelling en het die effek van betrokkenheid en wek 'n gevoel van nabyheid by die hoorder.

Reël 52 is 'n tipiese voorbeeld van pousering met 'n gepaardgaande vertraging in die verteltempo. Hierdie uiting staan heeltemal los van die vertelling.

Reël 53 tot 66 is in die historiese presens met direkte aanhalings in reël 54, 55, 56, 60, 61, 63, 64, 65 en 66 waardeur die dramatiese karakter van die vertelling verhoog word. Reël 54 word herhaal waardeur die handeling beklemtoon word, maar terselfdertyd word die handelingsweergawe vir 'n oomblik onderbreek sodat reël 56 meer nadruk verkry.

Reël 57 en 58 is vrye clause wat sinvol verskuifbaar is na enige gedeelte van die verwickelde handeling ná reël 31 of na die resultaat of coda. Dit is egter nie sinvol verskuifbaar na die aankondiging, oriëntasie of eerste gedeelte van die verwickelde handeling nie. Hierdeur word die bestaan van vertellingseilande beklemtoon. Deur middel van hierdie evaluerende gedeelte lewer die verteller kommentaar op die vertelde handelinge. Die handelingsweergawe word deur hierdie vrye clause onderbreek wat spanning by die hoorder verwek sodat die daaropvolgende gedeelte weer klem verkry. Tempo en klem word in reël 57 en 58 funksioneel aangewend deurdát die woord kort vinnig en met sterk klem uitgespreek word sodat die tempo by die semantiese inhoud van die woord aanpas en dit dus meer beklemtoon.

Deur herhaling word die handelinge beklemtoon en die hoogtepunt uitgestel sodat dit groter trefkrag kry, byvoorbeeld:

6.4 Die predikant sê ...

"Ek het **gedroom**,
ek het **gedroom...**"
In die sendeling **sê**,
"Ek het **gedroom ...**"
Innie boer **sê**,
"Ek het **gedroom...**"

Die droom word ook telkens herhaal, maar in 'n gewysigde vorm waardeur die hoogtepunt geïntensiveer word:

6.5 ... ek ... hemelvaart (reël 56).
... ek volg jou na (reël 61).
... julle kom nooit weer terug (reël 64).

Reël 59 tot 61 word teen 'n stadige tempo geuit waardeur die verskaffing van die hoogtepunt vertraag word sodat spanning by die hoorder opgewek word en die trefkrag van die hoogtepunt verhoog word. In reël 64 word nooit met sterk klem uitgespreek waardeur die rede vir die boer se optrede beklemtoon word. Reël 65 en 66, die gevolg van sy droom, word teen 'n vinnige tempo uitgespreek wat die dramatiese aard van die vertelling verhoog. Die dramatiese aard word verder verhoog deurdat die direkte rede gebruik word om die hoogtepunt en resultaat weer te gee.

Die gelag wat op reël 66 volg, toon dat die bedoelde perlokusie in ooreenstemming met die werklike perlokusie is. Die vertelling kan dus as 'n geslaagde vertelling bestempel word aangesien dit in sy doel geslaag het.

In hierdie vertelling is die coda wat die brug vorm tussen die fiktiewe en die werklikheid, eenvoudig van aard, naamlik die uiting, Ja in reël 67. In hierdie geval is ja 'n disjunksiemerker om 'n breuk met wat voorafgegaan het, aan te dui.

6.5 SAMEVATTING

Deur die analise van Vertelling 1.6 is getoon dat verskillende struktuurelemente vir analitiese doeleindes onderskei kan word, maar die vertelling is 'n hegte bousel waarin al hierdie elemente onderling saamwerk om 'n geslaagde vertelling te bewerkstellig.

BYLAE

1. SPONTANE GESELSVERTELLINGS

Vertelling 1.1 (Prinsloo, 1985)

Uittreksel

Lena die twee was ok gedurig altyd aan mekaar, Annetjie en Baas.

Oriëntasie

In dis ok so 'n vreeslike droogte gewees.

In Martiens sê vir Hendrik

hy kan by hom so vier maande of so kom werk

⁵dan kan hy darem weer kunsmis koop vir die volgende jaar.

Toe was die goed nog nie so duur nie.

Hy sal hom nie inskryf nie.

Kyk Martiens is nou van die base.

Hy uh sal ek sê

¹⁰kan werk vir volle betaling.

Hy't hierdie staal diefproof in daai dinge, het hy gemaak.

In uh dit is wat Kotie vreeslik aanhou

ek en Annatjie moe nou

Ba.. uh... Nico gaan skool.

¹⁵Hy's mos nou baie groter as hulle.

In ons moet 'n bietjie kom kuier... vir 'n week vir Hendrik.

In ek wou maar nie,

want dan is Nico en oorlede Ma alleen.

Naderhand sê Ma ok:

²⁰"Ag man gaan kuier julle maar 'n paar dae."

Ons't gaan kuier.

Gits in uh... die Corrie wil nie saans kom bad nie,

want daar's mos nou 'n speelmaat.

Hy en Annatjie het baie lekker gespeel,

²⁵want hy is mos nou net ouer as sy.

Dit is... wat nou

Kotie hom saans so soebat

hy kom net nie bad nie,
maar ek het nou nie eintlik die storie gehoor
30 hoe sy hom dreig nie.

Verwikkelde handeling

Git man en ons was skaars by die huis
is daar 'n uitval tussen hy en Annatjie is
dan waarsku hy haar:
"Ek vloek jou nou."

35 In dan kom vertel sy nou daatlik
Basie dreig haar om haar te vloek
in ek sê:

"Man as hy dit nou weer sê
dan sê jy vir hom
40 nou vloek nou maar,
lat ons darem 'n bietjie hoor.
Ma kan hom mos nie daaroor uittrap
is... is ek nie eers weet
wat het hy gesê nie."

Resultaat

45 Git in uh... in sy sê
hy stámp so met sy voet op die grond
dan sê hy vir haar, "Cornélius!"
Dis wanneer Kotie vir Corrie nou nie by die bad kry nie.
Sy naam is mos Cornelius.

50 Dan sê sy vir hom:
"Cornelius ek sê vir jou
baie gou moet jy in die bad wees,"
maar auntie Kotie doen dit net
wanneer sy kwaad is.

Evaluering

55 verstaan nou mooi.
Toe't hy gedink
dis nou darem glad nie... 'n vreeslike lelike vloekwoord nou.

Auntie Kotie sê dit net
wanneer sy so woedend is.

Coda

⁶⁰ Sô hierdie vloekery van Lukas is dalk maar so iets van die
aard.

Vertelling 1.2 (Klukowski, 1985a)

- En die een ou ook, eendag
hy was 'n ou weduwee gewees, ou boer
en die ou vrou was uh ou weduwee, weduwee
en hy was 'n wewenaar.
- ⁵Okay. Nou elke keer as daar by die ou vrou 'n leeu kom oorgaan,
dan sê sy vir hom
dan loop roep sy vir hom,
dan loop skiet loop skiet hy nou vir haar die leeu.
Okay, eendag vroëmôre kom daai,
- ¹⁰kom daai vrou se volk ok
en sy kom sê vir hom:
"My basie daar't weer leeu ingekom
en oumies roep vir basie."
- En die ou is toe als klaargemaak, gewere skoongemaak
- ¹⁵en, hy is sommer daarie die hotnot saamgevat
en hulle is weg
en hulle het geloop
en hulle het geloop
en hulle het honde saamgehad.
- ²⁰Die oubaas staan en wag nog so anderkant die duin
en die man sal nou met die honde die leeu loop uithaal.
En hy's toe,
die man is toe óm die duin
en die leeu uitgehaal
- ²⁵en maar die kóm
toe sê die oubaas:
"Help!" (Lag.)
Vervlaks want hy kom storm nou op hom af
en hy sê:
- ³⁰"Laat vat,
laat vat,"
maar in die hou wat hy sê:
"Laat vat,

- laat vat,"
- 35 toe dierie geweer so agtertoe en hy't 'n skoot afgetrek.
Toe skiet hy hom móói hierso voor die kop.
Die's nou hy weet nie eers
laat hy die leeu geskiet het nie, die oubaas.
Hy's weg.
- 40 En hy't daar by 'n rivier
toe't hy gek...
Daar by die rivier het hy loop gesit
en sy klere sit en uitgewas.
En toe kom die man
- 45 nadat die leeu afgeslag is
en die vel gevat het.
Die oubaas weet nog nie
laat hy die leeu doodgeskiet het
in die a... in die weghardloophou nie.
- 50 Die afgeslag
en gesê uh:
"Jesie my baas hy skiet hom sommer so uit die hardloop uit,"
sê die ou Hotnot nou.
Toe sê die
- 55 toe sê die baas:
"Ja maar jy moet net nie vir die oumies loop sê
ek het my klere gewas nie."
In hulle is toe, hulle is toe weg.
Hulle is toe weg huis toe
- 60 en toe nou die vel loop gegee
en huis toe gegaan.
Is net na uh, na twee weke
toe kom sê die, die, die volk wêér
laat daar is leeu is.
Toe sê hy:
- 65 "Vrou kan in sy moer in gaan,
leeu kan in sy moer in gaan,
maar in my broek kak ek nie weer nie."
Fluit-fluit die storie is uit.

Vertelling 1.3 (Schutte, 1986)

Ek wil julle hierdie een vertel.

Die.. die ou boy hy's hy pas skape op in die veld
en die dominee kom by hom
en die dominee sê vir hom:

5 "Wat doen jy?

Watse werk doen jy nou?"

Toe sê hy:

"Oubaas ek is 'n skaapherder."

Toe sê die dominee vir hom:

10 "Maar ek is ook 'n skaapherder."

Toe sê hy:

"Hoeveel skape pas jy op my ou boy?"

Toe sê hy:

"Tweehonderd."

15 Hy sê:

"En die oubaas?"

Hy sê:

"Ek het seshonderd."

Hy sê:

20 "Auk my baas, ek kry jou jammer
as dit lamtyd is." (Lag.)

Sê hy net toe vir die predikant.

Vertelling 1.4 (Van der Merwe, 1984)

Nou, uh, het ek 'n baie interessante ding.

Ook hierdie klein familiekompleks.

Onthou,

bottelbabas was daar nie, nie.

⁵Nou wat het hulle nou op die Dorslandtrek gemaak
as die moeder nie melk het nie?

Daar's nie mos nie uh... uh melkpoeier of wat ook al nie,
of gekondenseerde melk of wat ook al nie,
en die koei het byvoorbeeld nie melk nie

¹⁰nou 'n koei wat toevallig melk het of wat ook,
is die baba eenvoudig gegee aan sus Hannie

wat ook 'n kleintjie gehad het
en dan het jou jy maar... in jou w... w... kleintjie maar
gedrink aan sus Hannie vir die wyle

¹⁵sal ek nou maar sê,
maar interessant is dan verder (lag)

eintlik, ek moet eintlik nou bloos

as ek dit vertel,

daar het selfs gevalle plaasgevind

²⁰waar sus Hannie ook nie meer 'n kleintjie... kind gehad het nie
en as my moeder 'n kleintjie gehad het

en dan was ou aia Natie nadergeroep

en moet die kleintjie gedrink het,

en ou aia Natie en so het ons

²⁵in 1953 die fees gehad in Sadavedeio.

Willem de Klerk was saam gewees

en die en daardie... Swerwers in Suidwes in.

Wil jou ook sê W.H. de Klerk is soos Lawrence Green,

hulle dik so aan

³⁰dat jy naderhand nie meer die streep kan trek tussen,

tussen hulle fantasieë en die geskiedenis nie, né.

Ja en uh daar sit ons tussen die hoogste geselskap en wat ook al
en ou aia Natie het gehoor

dat van my moeder se kinders of wat ook al sal daar, sal aankom
35 en nou's ek, wa trek ons nou 'n hoë geëerde gas
jy weet
in die parlement en ek moet toesprake hou
en hier kom aia Natie in die beste geselskap:
"My kleinbasie hoe gaan dit met jou?
40 Jy het nog aan my tet gedrink." (Lag.)

Vertelling 1.5 (Visagie, 1983)

Hier kom die baas
nie om die woord te sny van baas en jy vir jou nie ou swaer.
Maar ek julle vertel
wat lat Ingels eendag gabatekent het.

⁵Daar was twee oues

hulle so geloop
in plaas vir plaas werk in uh,
is hulle by die plaas klaar is
dan gat hulle weer soointoe

¹⁰s-s-skoffel hul vir die nooi daar blomtyne

in natlei so daar aan.

Is hulle klaar
dan gat hulle weer verder.

En op 'n mooi sit hul da by die plaas

¹⁵waar hulle toe klaar is

die baas het hul mos nou petaal die aand,
en uh môre moet hul dan nou weer verder gaan
weer 'n joppie loop soek.

Hulle sit dan lan die vier

²⁰en hul mak hul pappies en hulle se koffetjies

en hulle sit en eet.

In die een ou vra vir die anner ene:

"Jongha wonner

waar sal ons vandag werk kry."

²⁵In in die een ou sê:

"Jong ek gaat hie by die plaas vanmôre werk kry."

Plaas sit net so 'n entjie, omtrent soos Ospoor nou
van daai plaas af

wat hulle nou klaar is.

³⁰In sy maat sê hom:

"Djong ma jy weet

daar bly 'n Ingelsman mos.

Djy kan mos nie Ingelsman, Ingels praat nie."

- "Nee man ek sal ek sal die werk gaan vra.
35 Ek tjen darem vir 'yes' en 'no'." (Lag.)
Sy maat sê vir hom:
"Nouja dan moet jy die baas, uh die sjeld a...a...
ek meen
die werk gaan vra by daai baas.
40 In jy weet
dis Ingelsman daai
en hy's kwaai
man jy moet net gaan reg praat met hom."
Hulle's weg
45 en die ouens mak daar klaar
en hulle stryk toe hie deer daar na die plaas toe.
Kom daar
toe sien hulle
nee daar strykie baas dah buitekant rond, dah
50 by die waenhyse en so
en hulle stryk toe soointoe.
Kom toe dah.
"Môre baas môre baas."
"Morning morning, morning boys," sê die Ingelsman.
55 "Yes boys what dyou want?"
Nou s... staan daai ou medi,
wat nou kan Ingels praat.
"Boeis what you want?"
"No sir." (Lag.)
60 "Boeis what dyou want?
You want to fight
or you want to work?"
In na sy maat so: "Steek hom bietjie met die 'yes'-woord."
"Yes sir I want to fight." (Lag.)
65 Daar agter die kop.
Skoen is oener sy sterre
in sy hoed waai
in die maat hol solank weg.

- Ingelsman het hom daar 'n paar klappe gegee
70 in die ou hol toe ook weg.
Sy hoed lê daar. (Lag.)
Hulle kom daar voor nou ok toe bymekaar
in... h sê:
"Magtag djong ma daai 'yes'-woord is 'n strawwe woord. (Lag.)
75 Wat beteken daai 'yes'-woord?
Djong jy't die Ingelsman gevloek,"
sê sy maat.
In toe da moet die ouens die werk laat staan
en loop,
80 met 'yes' en 'no'.
Dis mos nie Engels 'yes' en 'no' nie.
Is Ingels,
maar jy moet hom net reg gebryk.
Ja baas, ai.

Vertelling 1.6 (Tieties, 1985)

Neeja ek moes eendag 'n grap vertel daarso virrie
léraars en daaroor
so 'n klomp was.
Mja. Dit was uh,
5 dit is ok nog nie daarie vry tyd
toe het hulle jag
wanneer hulle wil
en kóm wanneer
hy wil
10 en skiét
wat hulle wil.
Nouja, dat is nou daardie predikant die
sendeling en die boer by toe. Ja.
Nou gejág,
15 kry niks.
Hónger geword
én, skiét daar 'n man korhaan, láát agtermiddag.
Die korhaan móói skoongemaak
en gebéwerk
20 en gaargemaak
is nou die aand, by die jagvuur
waar hulle nou sit.
Nou die korhaan is nou so min
en die manne is al drie
25 en 'n korhaan is die maar 'n klein ding.
Hy's amper kleiner as 'n hoender.
Uh, nee maar hulle sal nou kýk
kyk dat die korhaan nou net gereed
hy's nou gaar
30 en hy nou net so sit.
Dié man wat vanaand die móóiste droom, droom
hy eet móre die korhaan.
In die nag oop, heeltemal innie nag,

- want hy's tog te min vir twee moeë manne.
- 35 Maar hulle moet wag
tot môre.
Kom ons kyk
wat is die gevolge van die drome.
- 40 Die boer het die aand opgestaan
terwyl die sendeling en die leer... en
die predikant slááp,
die korhaan opgeëet, daardie áánd ál
en weer gelē
en geslaap.
- 45 Opgestáán
dan nou bietjie uh anner gemaak mekaar
vuurgemaak
uh, terwyl hulle nou langs die jagvuur sit,
toe moet hulle nou eintlik hulle se drome
- 50 uitbring,
maar hulle gee die predikant eerste kans.
Ah... wat ek wou sê...
die predikant sê, vir hulle:
"Ek het gedroom,
- 55 ek het gedroom
dat ek, soos, Elia van ouds, hemelvaart."
Hulle't ou kórt droompies gehad,
kórt droompies het hulle gehad.
In die sendeling sê:
- 60 "Ek het gedroom,
ek volg jou na."
Innie boer sê:
"Ek het gedroom
julle kom nóóit weer terug nie.
- 65 Toe staan ek gisteraand op
en ek eet die korhaan op." (Lag.)
Ja.

Vertelling 1.7 (Prinsloo, 1984)

- Haai jislaaik in as 'n mens nou net dink...
uh... jy, mens dink dit nou nie vandag
as jy die besigheid bekyk nie,
maar ons almal se kinders was maar so.
- 5 Ja... uh... Lena, dit is iets
wat altyd by my sal bly... uh.
Van oorlede Pa Prinsloo dood is,
is... wragtie daar is nog 'n vuil bord.
Toe, dan skryf oom Daan altyd vir
- 10 ons het nog nie foon gehad nie
met 'n kaffer 'n briefie,
Hennerik moet sy ma kom haal,
sy's baie siek.
Nouja dan val hy maar dadelik in die pad.
- 15 Ek kan haar tog nie daar gaan oppas nie,
want die kinders gaan skool.
Dan gaan haal hy haar.
In dan sê Ma altyd
hier is ek haar twaalfuurkos vir haar kamer toe vat
- 20 dan sê sy:
"O Anna, dit was weer so 'n héérlike móre, doodse stilte."
Sy sê:
"Maar nou-nou is daai twee woelgatte,"
is hy skoon?
- 25 "As daai twee woelgatte kom,
dan... dan sê ons weer les op."
Haai Lena dan loop ek hulle
daar waar die motorhek vandag is, by daai hek in gemoed,
dan huur ek hulle.
- 30 Hulle moet nou net hulle kos eet.
Die plaas is mos darem nou gróót
hier waar die skaapkraal is.
Dán speel hulle daar, glád nie daar voor Ouma se venster nie.

- In... toe's Ma nou beter,
35 ...in die dag toe sê Ma
Hennerik moet haar nou terug gaan vat huis toe,
sy wil nou ok darem weer gaan kyk.
Dan moet hy eers help kyk
lat hulle kyk of alles daar nog reg is.
- 40 Kom uit die skool
en ek is nie buite nie,
in toe hy kom vóór hy,
toe hy die deur óópdruk,
toe vra hy:
- 45 "Waar is Ouma?
Hoe gaan dit met Ouma?"
Ek sê:
"Nee," sê ek,
"mán, Ouma is vandag huis toe."
- 50 "Annatjie, daar's ek en jy se besigheid nou skoon na die maai."
Haai weet jy
ek sal dit nooit vergeet nie.
Ja die geld is nou op.
Dit was darem 'n lekker...
- 55 jy weet hy is 'n besigheidsman.
Dit was darem nou baie lekker besigheid daai...
In so as jy nou daaroor dink,
Ma is liéf vir hulle,
verstáán.
- 60 Hulle gaan sê Ouma
as hulle kom nou...
in hulle het klaar geëet,
gaan groet hulle haar in die kamer eers
en dan kom hulle, nou maar in die kombuis leer,
- 65 in as hulle nou útspring,
speel,
daai vrééslike
lawaai gebeur maar eers hier by so vieruur middae.

Vertelling 1.8 (Wandrag, 1986)

Toe bly ons hier op hierie Pannetjie nog.

Nouja die eenaar van die plaas was 'n Engelsman gewees,
dáárdie jare met die naam van Marcus.

Die Pannetjie was sy plaas gewees.

⁵Hier kom een aand 'n brief.

Toe's in daai tyd was hier nog nie telephones nie

Nou hier op op die pad hier die kant na

Niekerkshoop se kant toe het oubaas Le Roux gebly

wat nou aan Pannetjie grens, die eerste plaas hierso.

¹⁰Hy't met Afrikanerbeeste geboer.

Hier kom 'n briefie een aand van oubaas Marcus-hulle

dat my pa moet tog die bul laat haal anderkant by ou Le Roux

want hy is die duiwel in daarso

want hy wil nie die Friesbeeste by sy Afrikanerbeeste

¹⁵hé nie.

Nou ry ek die anderdagmôre te perd

nou loop haal ek die ou bul

en toe ek hom nou daar uitkeer daar tussen die beeste

wat hy toe nou daar by loop

²⁰toe's ek nou maar sommer met die perd op die

ou se agterstel met die handsambok

in vir hom nou vuurwarm gemaak.

Nouja dis nou 'n hele vyf myl

wat ek hom nou moet aanjaag Pannetjie toe

²⁵en hier op rooi ou bult toe nou naderhand kwaai

kwaad gewees oor ek natuurlik nou vir hom so

kwaai want kyk ek is ook met die perd op hom

met die handsambok op hom.

Nou moe... hier vlie hy

³⁰net 'n blaas gee

en ek sien nou nog

hoelat hy met die stert hier skop.

Hy... daarie stert was seker dúime van die perd se

ribbes af gewees.

35 Ek was nog amper van die perd af gewees.

In kom tot dáár tot stilstand,
maar toe ek nou dáár stil en ek kyk
toe staan kyk daarie bul vir my met sulke oge.

Nouja ek het al baie gesê: "Dankie Here,"

40 vir daardie geval

want ek sou

daai bul sou vir my met perd en al doodgemaak het.

Hy't hom dan omgegooi.

Jong, toe's daai bul kwáád.

45 Toe kyk hy vir my met sulke oë.

en die kop staan daar bo.

Toe los ek hom maar net so.

Toe's daai bul kwaad.

Hy sou vir my met perd en al doodgemaak het

50 as ek vir hom moet looi daarso

en so't die liewe Vader

het sy hand daar oor my gehou

annerster was ek

dit nie gemaak nie.

55 Nee wat.

Vertelling 1.9 (Anon, 1986)

Het julle gehoor van die ou boer wat met die ossewa
af is see toe?

Hy't hier uit die Transvaal gekom.

Hy't 'n ou sweetpak gehad.

5 Toe vat hy sommer 'n tang

en buig 'n hoek daar van 'n nommer agt draad

en hy't hom voor aan hierdie aan hierdie ossewasweep

en hy's daar af strand toe.

In hy staan daar tussen die ouens

10 wat visvang

en hy gooi ook hierdie ding stuk pap daaraan

en hy gooi hom in

en hier trek hy net so 'n ontsettende vis uit.

In toe hy nou met hierdie vis by die kamp aankom,

15 toe sê sy vrou:

"En die vis?"

En hy sê:

"Ek het hom gevang met daai lang sweep van my."

Sy sê:

20 "Nou wat se soort vis is dit?"

Hy sê:

"Nee ek weet nie

maar toe ek so weg loop

toe hoor ek

25 hulle sê,

'Dis 'n bleddie mirriekel'." (Lag.)

Vertelling 1.10 (Wandrag, 1986)

- So ons het nou vier kinders gehad,
maar so ek nou sê
daardie een bokant die horlosie in uh die seuntjie
wat net na haar gebore is
- 5 hulle... daai dogter het toe nou juis die jaar
nou is, is uh...
Wat maak ek nou die storie lank?
Toe ons nou hier onner op die asbesmyn gaan werk,
toe's sy omtrent agtien, twintig maande oud
- 10 en uh, die stoor die huis wat ek toe nou ons
wat ons die mis uh die kompinie nog vir
my gee
is nou aanie s... asbesstore en goed
wat gewerk worre
- 15 en uh sy't nou
so ek sê agtien twintig maande oud
maar nog het nie
sy was omtrent ag seker net soos hierdie enetjie
ag uh so na twee jaar toe.
- 20 Daar rondgeeloop.
Nou wie nou diê blikkie gekom
met die blikkie met die seepsoda daarin so gesit het
weet die lieue Váder alleen jong.
In elk geval nou sy loop tel nou die blikkie op.
- 25 Ek werk toe nou in die winkel in daar.
Ek werk
my vrou is daar.
Sy hoor naderhand
sy huil so.
- 30 Nouja toe sy nou daar ook kom
waar sy daar huil,
toe gooi sy nou net die ou blikkie daar neer,
en uh ek kom toe nou ook naand daarso

oor sy so huil.
35 Toe sê sy
dit het gebeur, die kind,
toe ek nou daai blikkie vat
toe sien ek
daar's seepsoda in
40 maar wie hom nou daarso sommer so naby
sommer by die huis neergesit.
Nouja het ons nou net daardie tyd al geweet
ons het asyn by ons gehad
en ons moes nou sommer net vir haar 'n lepel asyn
45 nouja toe vat my vrou nou oliërigheid
ek weet nie meer
wat se olie gee nie.
Ek kyk
en dit vat toe nou daardie seepsoda af onder
50 na die k... na die maag se kant toe.
Ag jong en't het daardie stomme kind net vir my 'n
sy't, o sy't darem 'n tyd deurgemaak
met daardie kind en met daardie seepsoda.

Vertelling 1.11 (Schutte, 1986)

Ek het so vreeslik gedroom van die narkose.

Ek lê met die oë toe

en ek droom

ek kom so om die melkkamer,

⁵en toe ek so kyk

toe sien ek

hier lê 'n swart vark se stertjie

kom so uit.

In toe ek so kyk

¹⁰toe sien ek

hier lê 'n dooie vark hier in die melkkamer.

In toe skrik ek net wakker

toe die dooie vark nou daar in die melkkamer is.

Vertelling 1.12 (Schutte, 1986)

En uh toe droom ek
en ek droom
ek sit op die trekker
in ek ploë die grond.
5 Een stuk grond, kan ek nie geploeg kry nie,
die kan ek nie geploeg kry nie
die grond is té hard gewees,
maar ek ry toe met die trekker uit
en sit die,
10 en hak die uh planter
en gaan plant mielies op daarie...
Als wat so in my is,
en ek kom plant die mielies daar,
maar toe ek nou so omkyk
15 toe sien ek
ek het mielies geplant op die grond
wat ek nie geploë het nie,
toe lê die wit pitte sommer so
op die land gesit. (Lag.)
20 Daardie narkosebesigheid.

Vertelling 1.13 (Maree, 1986)

Hier het ek 'n bobbejaan uit klip uit gekap.

My dogtertjie... o die staan hier langs hom.

Neem haar af by die bobbejaan.

Toe die foto nou terugkom,

⁵ toe sê die seun:

"Pappa kyk Maryna se skaduwee!"

Hóé toe's die meisiekind só kwaad. (Lag.)

Dis nou haar skaduwee.

Vertelling 1.14 (Jagers, 1985)

- Ek hoor
hier kom 'n perderuiter aan.
In ek hoor dit dyklik dis 'n perd
wat gekom slaan is.
- 5 In hulle kom hou hierso stil.
Hulle klim so yt
ek het net die kombes so gelig
en nou lê en kyk ek hom.
Hy kom sê naand, naand,
- 10 maar hy praat neks.
"Naand mens, naand."
An ek ken daai witmense boere
wat op Springbokvlei gebly het,
ken ek.
- 15 In lat dis hulle se stem is daarie boere een van hulle.
In uh ek het daai klaar genaand naand
en ek sê later:
"Aag gaat na die hel,"
sê hy vir my
- 20 in hy ry vort. (Lag.)
Annerdagmôre toe ek daar opstaan
toe kyk ek die perd se spoor meneer in sowaar ook,
daar soos hy gekom het
an sos gery het van my af
- 25 waar hy kom stelgehou het
en daar lê nie 'n perd se spoor nie.
Ek sien nie 'n perd se spoor nie.
Toe dink ek ook maar
kyk dit
- 30 moes mos natuurlik 'n spook hierie gewees het. (Lag.)
Ja.

Vertelling 1.15 (Prinsloo, 1985)

Ek het 'n kelemities gehad.

Mm... watter dag was dit wat die bye ... Maandag?

Wat 'n swerm bye, hier by daai hout wou
intrek op die dak.

⁵Háái metééns ek het gestryk Lena

en daar was niks verkeerd nie.

Toe ek klaar gestryk het

toe kom ek daar uit my kamer uit.

Toe's dit net byé teen daai gordyn

¹⁰In toe gaan kyk ek

wat gaan buite aan.

Hoor hier,

toe dréún hulle.

Hulle wil onder die dak in.

¹⁵In toe't ek darem gelukkkig 'n blik spuitgoed gehad.

Ek het hulle toe daar getekkel.

Ek maak hulle nie graag dood nie,

maar wat sal jy nou maak

as hulle wil inkom

²⁰waar hulle nie moet nie.

Vertelling 1.16 (Van der Merwe, 1984)

Nee, wat amper my eint agtergekom het,
was a tier.

Ons hou stil virrie tier n't slagyster twee slagysters,
die klein een wat toe te maak.

⁵Toe gaan hy in die klein slagystertjie in.

In die môre, my geweer het ek nie by my gehad nie,
ek het net 'n kerie by gehad in my lang mes.

Ek sit nog

want ek wil gaan kyk of d...

¹⁰as die tier nie inkom nie

dat ek weer die stopper kan opsit.

In ek het a hondjie gehad,

in toe hy kom,

toe si... ie... toe sit die tier innie slagyster

¹⁵in daar kom die tier.

In galukkag voordat hy my sou kry

soos hier na hierie deer toe,

u...a... die die hak hak innie innie innie

wortels van 'n boom.

²⁰Toe ek dit sien gebeur,

toe slaat ek hom met 'n kerie dood.

Toe die mense kom,

toe sit ek bo-op hom.

Hy't my amper gehad.

Vertelling 1.17 (Jagers, 1985)

Hulle vertel van 'n wolf, van 'n jakkals
en 'n hoenderhaan 'n ou storie.

Hoenderhaan sit bo in die boom
toe kom Jakkals by hom.

5 Dis nou 'n ou storie.

Dan noem ons hom op Nammataal karoebé.

Daar kom sê Hoenderhaan vir Jakkals:

"Môre oom Haan."

Dan sê oom Haan vir hom:

10 "Môre Klaas,"

maar hy's met

stel glad nie belang in Jakkals nie.

Hy sit en kyk maar so diékant toe.

En sê Jakkals vir hom:

15 "Oom Haan kom af

laat ons gesels,

daar's vrede."

Dan sê Hoenderhaan vir hom:

"As ek afklim

20 dan's dit onvrede."

Dan sê Jakkals:

maar Jakkals kyk nou glad nie eens sy kant toe nie.

Jakkals sit en kyk maar so weg.

Dan sê Jakkals vir hom:

25 "Nee oom Haan wragtie dis vrede in die hele land."

Is soos 'n jakkals is

hy, voel sommer ongeduldig

en hy vra vir Haan:

"Wat sit kyk oom Haan dan net diékant toe?"

30 En sê haan vir hom:

"Ek sien dáár

mense oor die rand kom

wat vir my lyk

dis hondejagters."

35 Dan sê Jakkals:

"Nouja oom Haan
dan wil ek maar loop,"
en daar loop hy ook.

En vra Haan hom:

40 "Jy't dan gesê
dis vrede oor die hele land.
Hoekom wil jy dan nou loop?"

Dan sê hy:

"Dis 'n vraag
45 of die verdomde honde daarvan weet." (Lag.)

Vertelling 1.18 (Robbertse, 1986)

Ons het die môre geloop
en daar gestel vir die tiers, ek en my broer.
Hy was 'n tronkbewaarder ou Rolfie,
ken hom ook seker.

5 Lang man gewees,
vreeslike mooi man gewees.
Ons kom daar
en ons sien,
hier was die tiere innie yster

10 en net soos die kërels waar ek 'n soos wild hierie tier
kos kry ek vierduisend vyfhonderd rand voor.
Ons moet die tier innie sak sit.
Ons het 'n wolsak.
Jong daar word die tier gegooi

15 en losgemaak
en kyk so vir hom.
Ons het nog so rondgedraai,
toe kom hier so 'n jong bliksem
en hy storm ons

20 en daar Martiens gryp hom aan sy stert
en nou draai hy hom in die rondte
tot die fokken siel so dronk is
lat hy nie kan opstaan nie in uh...

Maar weet

25 ons het leeus gehad
vra vir Rolfie
en tiers en enige helse ding.

Vertelling 1.19 (Robbertse, 1986)

Ons het daar 'n leeu gehad
en eendag sê hy vir my:

"My ou broer die ding hier om sy nek word nou te nou.

Jy kan hoor

⁵hy kriewelrig

hy, hy verwurg."

Toe sê ek:

"Nou hoe die donner sal ek en jy die ding die
donnerse leeu die ding gaan wyer maak?"

¹⁰Hy sê:

"Ou broer weer die wolsak."

Wolsak oor die leeu se kop.

Toe die wolsak oor is,

toe lê hy doodstil.

¹⁵Hertzog het sy hand ingesteek

en die ding wyer gemaak

en toe ons opstaan

toe staan sy twee oë buitekant sy kop morsdood.

So dood soos 'n mossie!

²⁰(Het jy hom toe toegetrek sy senuwees?)

Van van van kwaatgeit.

Vertelling 1.20 (Klukowski, 1985a)

Eendag was daar ok 'n 'n boer en 'n en en sy vrou.
Hulle was op die trekpad gewees
en hier langs die pad toe't Jakkals net by 'n
bruilof toe't hy toe't hy nou die warm
5 kookwater afgesteel van die vuur af
en nou sit hy langs die pad.
Hy wil nou 'n plan maak
lat hy kan vee in die hande kry,
want die boer tre... hy trek mos nou na
10 n ander plaas toe
en die vee word aangeja
en so gaan hulle nou met die wa saam,
met die koere,
daai tye gewees.
15 In wat ou Jakkals sien
daar kom hulle aan
kom sit hier langs die met die...
Toe loop sny hy so 'n nat stokkie
kom sit hy langs die die pad met die pot saam.
20 Slaa die pot,
"Kook potjie kook."
In so staan daai pot net.
"Kook potjie kook."
In toe kom die,
25 toe kom hulle mos nou op ou Jakkals
en ou Jakkals sê toe nou:
"Wil... wil meneer nie, wil oubaas nie hierdie pot koop nie?
Jy kan hom net water ingooi
en dan slaat jy hom,
30 net 'n lekker stok vir hom aftrek
dan slaat jy hom, vir vet, vet lekker skaap,
vet skaap.
Hy moet nou uitgekeer word."

Toe sê die
 35 toe sê die man
 ja dan sal hy mos nie nodig hê
 om hout en goed bymekaar te maak nie.
 Die vrou, lat sy kan eers dan die water opsit
 lat die water kan kook.

40 Laat daar vir jakkals vet skape uitgekeer, vetste vyf.
 Toe maak hy daarie laat hy wegkom
 en toe daaries m... daarie het met daarie gekookte
 water saam drinkgoed en,
 toe hulle weer is toe

45 toe vat hulle nou weer die pad aan
 en gaan.
 Die ou kêrel is al hóéka weg
 hy't seker al almal opgeëet daai tyd.
 Toe vat hulle weer die pad aan

50 en hulle gaan.
 Toe het hulle nou weer loop uitspan
 so 'n middagdrinkdingetjie wil maak
 weer laat uitspan.
 Die man is toe weg

55 en hy't hierdie ong latte, daai ong latte die
 dikste ene loop afhaal,
 afgesny en,
 en hy't vir hom geslaan,
 geslaan,

60 geslaan.
 Uh uh die pot wil nie kook nie.
 Die baas sê later:
 "Die pot ken seker net vir ou Jakkals.
 Hoekom wil die pot dan nie kook nie?"

65 Hy't geslaan.
 Hy't die stokke breek geslaan,
 maar daardie pot wil nie kook nie.
 Toe sê hy:
 "Ja wragtigwaar hy het my weer 'n streep getrek."

Vertelling 1.21 (Klukowski, 1985a)

En ou Jakkals is toe daarvanaf wat hy daarvanaf
weg is
is hy toe hier by die,
toe skuld hy mos vir ou Koggelmander geld.
5 Toe kry ou Koggelmander mos toe vir hom,
en hy en ou Koggelmander.
Ou Koggelmander sê: "Tsjuut-tsjuut,"
dit nou hier buitekant die bye se nes.
Ou Koggelmander sê: "Tsjuut-tsjuut
10 moenie raas nie.
Nou groot ouens is vandag kwaad
hulle hou kerk."
Dis nou ou Koggelmander wat so sê.
Die ou word,
15 ou Jakkals is heel met die storietjie uit
laat hy nou vir Koggelmander geld skuld
en hy sê vir ou Koggelmander:
"Moenie raas nie man.
Sien jy nie
20 die bye hou kerk nie?"
En is toe hy sê vir ou Koggelmander:
"Sien jy
jy moet in daai kerk ingaan,
maar jy moet nie hier agter maar jy moet nie
25 hier agter loop sit by die grotes nie.
Hulle knyp te veel.
Jy moet daar na die kleintjies toe gaan.
Hulle sal jou niks maak nie."
Hy't mos vir die,
30 hy't mos vir hom geld geskuld
en hy't toe vir ou Koggelmander daar ingestuur
in wat, in wat het daai bye met ou Koggel,
hulle't hom net daar vrek gesteek

en toe's Jakkals uit die kol uit.
35 Fluit-fluit die storie is uit. (Lag.)
Sal nie weer geld skuld nie.

Vertelling 1.22 (Klukowski, 1985b)

Ek ken net van Jakkals
wat vir Leeu sy vrou so pop gemaak het.
Jakkals het mos,
okay Leeu was toe die dag nie by die huis nie
5toe sit hy hóéka hier in die veld
en hy sit en kyk nou
wanneer die ou uitgaan
om te loop jag
en die ou nou teruggekome
10ys... vir hy weg is
toe kom Jakkals toe nou daar
en hy kom sê
hy kom sê nou vir ou Leeu
en nou wil hy ou Leeu se vrou hê
15nou kom sê hy vir ou Leeu se vrou:
"Hê jy het nog nie gesien hoe,
hoe ry ek jou man nie.
Is my óú ryperd daai,
is my óú ryperd daai."
20In toe sê die vrou:
"Man jy lieg.
My man is die sterkste.
Hy is die koning.
Waar kan jy my man ry?"
25Ou Jakkals is toe weg.
Toe gaan hy nou
en hy sê vir haar:
"Kyk sulke tyd net
jy moet net dophou.
30Ek sal nou met hom saam kom my ryperd,
my ou ryperd."
En hulle is toe weg,
hy's toe weg

nou vir Leeu soek, maar hy,
 35 toe loop lê hy nou langs die pad
 wat Leeu nou moet terugkom
 en uh wat Leeu nou kom,
 Jakkals is so siek,
 hy's so siek.

40 O, hy kan nou niks maak nie.
 Ou Leeu moet hom tog net asseblief
 tot by sy huis bring,
 en vir hom sorg daarso,
 want hy kan nou nie

45 hy sal nie tot by Leeu se huis
 moet hom nou bring
 want hy sal nie kan sy huis toe loop nie.
 Leeu nou gesê:
 "Nou hoe moet ek nou vir jou dra?"

50 Toe sê hy:
 "Nee man, laai my,
 help my net
 laat ek op jou rug op kom,"
 en, wat hy nou op die rug is

55 toe sê hy:
 "Aai Leeu gee my tog 'n stokketjie
 die vlieë is so uh orig hier teen my.
 Die vlieë is so orig teen my
 gee my tog net 'n ou stokketjie

60 laat ek die vlieë kan wegjaag."
 En so het hulle aangekom,
 aangekom.
 Wat hulle nou hier, hier uh sien hy kom nou
 huis toe,

65 maak hy nat
 en tjeer ou Leeu het gegaan
 ou Leeu het gegaan!
 Wat ou Leeu het mos verby sy huis gehardloop

en sy vrou het mos gesien
70 hoe spring Jakkals net daar af
en toe's hy,
toe Jakkals van uh ou Leeu se vrou van
bytmekaar, bytmekaar.
En toe ou Leeu van skaamgeit aanhou weggehardloop.

Vertelling 1.23 (Klukowski, 1985a)

Eendag was daar uh,
dit was 'n ou boer
en hy't 'n vrou gehad
en hulle't volk gehad
5 en hulle't daar by die leeuwêrelde gebly
en elke kere word die kalf van die ou vrou gevang
elke kere kom sê die volk vir hom
daar's 'n kalf gevang.
Dan gaan hulle
10 gaan soek maar
kry nie die leeu nie.
Eendag toe kom hy weer
en hy kom sê vir hulle van
daar's weer 'n kalf.
15 Toe gaan hy en die seun met die Landrover
toe gaan hulle.
Hulle't daar by die plek gekom.
Nou kry hulle die plek
waar die kalf gesleep was
20 en toe kry hy die plek
en hulle sien nie die leeu
wat net so agter 'n bossetjie net so 'n
entjie agter 'n bossetjie lê nie.
En hulle't nou daar vinnig rondgekyk.
25 Later toe die seun so opkyk
toe sien
toe sien hy
maar daar lê hy
en die uh die oubaas staan met die geweer
30 in die hand.
Nou toe sê hy: "Pa,"
toe sê die seun nou vir hom:
"Pappa daar lê die,

dáár lê die leeu."

35 Toe sê hy,
toe kyk hy nou daar mos na die leeu.
Toe hou die geweer.
Hy rig ok die geweer op die leeu.
Nou rivirs die ou so agtertoe

40 so so rivirs hy.
Soos hy daar rivirs
so sê hy:
"Geel kroeskop bul, geen kroeskop bul
as ek my rooi lat gehad het
45 sal jy gekak het."
En nou sê die seun:
"Pappa gee
lat ek skiet."
So rivirs hy net na die ka... kar toe.

50 Hy sê:
"Geel kroeskop bul, geel kroeskop bul
as ek my rooi lat gehad het,
sal jy geka... gek... het."
Hy loop klim in

55 sonder om die seun te laai.
Die seun staan nog onner
toe start hy al
om te ry.
Toe moet die seun kom inspring.

60 Toe die seun inkom
in kan nie verstaan
nou wat ruik.
Hy vra
nou vra hy:

65 "Pappa wat ruik dan so?
Is Pappa kwaad
as de... ruik Pa maar so?"
Nou's die ou vuilgemaak.

Nou ry hy
70 dan sê

dan sê die seun nou:

"Nou Pappa wat ruik dan so
as Pappa kwaad is
dan ruik Pa so."

75 Sonder om nog iets te maak,
hy die seun sit en vra hom
te skiet

toe draai hy om

en hy's weg.

80 Hy's toe hy by die huis kom

toe val die ou in die deur flou.

Toe't die vrou hom skoongemaak alles
en hom afgewas.

Toe's hy skoon uit.

85 Van daai tyd af het hy nie weer gegaan alleenag.

Hy't die manne ge... klomp manne bymekaar gebring
om vir die leeus te jag.

Hy's klaar daai ene.

Vertelling 1.24 (Robbertse, 1986)

- Eendag kom ou Jan König
jy weet,
hy's ook al dood - ou Nammakwalander.
In hy't vreeslik donnerse drank innie kar.
- 5^{Is} hier innie oorlogtyd
maar ons het net drie patrone.
Ek het mos daai ou ou ou Buick
wat Brümmer gehad het daai met die seilkap.
In met die Buick daar in Wembley in.
- 10^{Daar} was mos nie 'n draad nie.
Ons het maar begin drink,
en drink
en Hertzog vat die verkyker
en hy sê:
- 15^{"Daar} lê drie leeus onder die bos so."
Ek sê:
"Ou broer dan moet ons hulle gaan skiet.
Ons het mos die patrone." (Lag.)
Kan nou die leeus gaan skiet.
- 20^{Ry} nou nader
en hier lê hulle.
In ou Hertzog is nou 'n man
jy weet mos,
wat goed kon skiet.
- 25^{In} hy kwes al drie die leeus
in hulle sê: "Nou."
Ek sê:
"Wag kêrels
laat ons eers daai vaaljapie in die hande kry.
- 30^{Ek} sal nou vir julle plan gee."
In toe die ou man toe die Dutch karretjie
nou kom
soos hulle sê

- toe sê ek
 35 toe staat ek die leeu
 en ek loop daai mannetjie storm.
 En hy wou nog spring
 toe sak hy.
 Hy't onner die Buick in onner die kar in.
- 40 Hy lig daai spiraner net so hoog
 jy weet
 as jy nou wil.
 Nou steek sy kop hier uit.
 Maar kêrels dit is nou die waarheid.
- 45 Ek is nie 'n man wat lieg nie.
 En uh ons het nie 'n patroon
 in klits ons die leeu nou kopaf.
 Maar Jan König die het daar so 'n lang lever
 en hy begin die leeu slaan, op sy kop,
- 50 maar so goed jy slaan op 'n rubberbal.
 En na 'n tyd toe storm die ander twee.
 En ou Jan Kennedy was amper agter
 en hy sê:
 "Hierts julle donnerse geel katte."
- 55 In ons het maar weer in die kar gesit
 in maar weer die vaaljapie gedrink.
 Ons hoor
 hierdie leeu lê nou dóodstil hier onner.
 Ek sê vir Hertzog:
- 60 "Hertzog hy't net so 'n lang rooi ding né."
 Ek sê:
 "Jy moet nou die leeu -."
 Jong hy trap daar los-
 "Woerts jou donner," sê hy.
- 65 "Hier vat jou vas
 laat ek hom agter sy nek skeer."
 En die leeu het doodstil gelê,
 maar toe ek daai senings begin vang

toe het die leeu nou begin ruk
70 en skuif

in toe ek die laaste steek gee,

toe lê die leeu buitekant.

(Is hy toe darem dood?)

So't ek vannie begin af gesê.

Vertelling 1.25 (Jagers, 1985)

Op 'n nag toe hoor hulle
'n lou brul
na die besigheid nou bietjie stillerig is.
Hulle is mos darem nou so effent terug
5 toe hoor hulle
'n lou brul
en toe hulle die lou brul
hoor
brul
10 het die kaptein sommer die manne gelaat
bymekeer maak.
Toe was hulle veertien manne gewees.
Toe gaan hulle uit
soos hulle nou hier hoor
15 waar die lou brul,
want die bees loop mos nou orals hier rond,
nou hier by Swartbas hierdie groot rivier
hier anderkant langs anderkant die kalk langs,
soos hierdie ou paadjie hier na Bloubos
20 toe loop,
net so oor, hoor hulle
die lou brul
en hulle gaan daarso.
Nou daardie tyd was die bosse goed dik gewees
25 in die gras en goed maar hulle't maar
so gekom
en hulle't so gekom.
Is veertien manne
as dit nou geskiet word,
30 wil al veertien gelyk skiet.
In so gekom.
In toe sien hulle nou
is gelukkig maanlig gewees

toe sien hulle ha
35 nou ytkom so op 'n distansietjie maar nie
juis ver nie.
Toe vat die kaptein voor skoot
en hy skiet hom somer 'n doódschoot.
Daar't nie nog 'n man geskiet nie,
40 skiet hom somer 'n doodschoot.
In loop hom daar by
janeer maar hy is morsdood.
Nou oraaie hy kan nou maar lê.
Nou waar is die manne almal?
45 Toe't een man hulle nie
toe't iemand omgesit
en gekom terughardloop.
"Nee ons was veertien
maar hier is net dertien.
50 Waar's die ander man,
waar's die,
nee is wie?"
Ja die en daarie.
Nou maar hoe kan dit wees?
55 Waar't, het hierdie man geword?
Toe kom hulle terug
kom kyk hulle by die man se huis.
O nee hier is hy.
"Nou hoeseit jong?"
60 "Nee ek het maar omgesit.
Ek het weg huis toe gehardloop."
Toe laat die kaptein ses manne vir hom vat
in hom vat
toe la... die kaptein hom daarie aand op
65 daardie louter vasmaak
en daar't hy gesit
tot die anderdagmôre
en die anderdagmôre toe moes hy hom

nog alleen afgeslag het ok.
70 Dit was die les met daardie kaptein gewees.
Dirk Phillander se monument daar staan.
Toe was hy die wet gewees.
Oor sy weghardloop.
As daar dood
75 dan moet hulle bymekaar dood.
Daar moenie 'n man afbreek nie.
Dit was,
daar moenie 'n man wegstaan
of sy lyf terugtrek.
80 Ons het
is dit dood is
dan moet hulle saam dood,
maar hulle moenie een weghardloop
of twee weghardloop.
85 Toe word hulle
kom vat ses manne
wat hom gevat
en op die lou geloop vasmaak
en daar't hy gesit tot die annerdagmôre.
90 Toe moes hy nog die lou alleen afslag ok
moet die vel daar bring.
Nouja dit was Dirk Phillander se werk
nou gewees.
So het hy hulle die wêreld skoongemaak
95 even selfs hierie plek wat hulle sê Loubos.

Vertelling 1.26 (Jagers, 1985)

Ek sal nou vir meneer 'n plek wys 'n merk
wat my om my geslaan het. Vir my.
Ek sal nou vir meneer,
wag laat ek net hierdie sigrets klaar rook.
5 Nou se kinders moet jy mos.
Partykeer doen hulle nie eers nie.
As hulle een maal gesê het,
loop keer daarie père
of doen daarie dinge,
10 dan moet jy opstaan
en loop
jy kan nie nog daar sit nie.
Hu-hu, sien meneer dis my ma se broer.
Ons het mos so half saam gebly.
15 Kan meneer hierso so 'n merkie sien?
Hierso, sien meneer die merk?
Dis 'n slaanhou.
Hier innie Kalahari lê 'n plek
wat hulle roep Kleinkwas.
20 Ons het daar gebly.
Die Steyns het ook daar gebly.
Elke, Herman Steyn hulle's broers daarie
Jaap Steyn en Herman Steyn en Daan Steyn.
Toe, en hy't ongedierte baie gehad.
25 Toe was hy 'n rou plek gewees.
Die môre ons sit langs die vuur
klaar vuurgemaak
en koffie gemaak
toe skreeu willehonne vannie plaas af
30 so diëkant.
Dan sê om vir my
en ek het bokke opgepas
dan sê die om vir my,

hy hoor
35 daar skreeu die willehonne daarso.
Moenie daarie kant toe gaan nie
maar daar't van die Steyns het 'n wagter
gehad
in uh hy verloor vyf skaap.
40 Dis twee ooie met lammers en nog
'n grys skaap
in die kom terug
in die wagttertjie sê met die annerdagmôre
ek en hy hy moet saam met my die
45 bokke loop oppas in die skaap hy.
In die skaap staat 'n dag oor.
Môre dan kan die skaap hier af water toe.
Dan kan die vyf skaap hier tussen die skaap kom.
Nouja ek en hy's weg.
50 Daar is twee honne
in ons kom stap so lang die bokke uit.
Toe ons daar op 'n dyn ons is so half
'n entjie agterrie ons daar uitkom
toe sien ons
55 daar klim die bokke nou net daarie dyn daarie
oorkantse dyn oorkant die straat.
Toe kom klim ons hierso so Klaas-hulle se spoor
in net toe hulle daarie dyn oorgaan
toe kom daar drie willehonne by die bokke
60 en hulle is daar onner die bokke
daar gevang
en doodgebyt.
In uh toe ons daarie dyn uitkom
toe sien ons
65 daar sit mos 'n blouvalk op 'n kriedoringbos
dan sê ons as 'n kjiind se maniere
dan sê ons
daarie blouvalk het gister 'n haas innie gat gejaag.

Kom lat ons loop
70 loop kyk
hoekom is daar.
Ons staan en kyk net
spoorsny nog daar
om te kyk
75 of ons die haas se spoor sien.
Hier kom draf 'n ratel reguit na ons toe.
In dis 'n táái ding,
in uh die honde sien
toe ons die ratel sien
80 toe sien die honde hom ook
en hulle loop pak toe sommer die ratel.
En met die tjankery blaffery van die honde
toe sit die bokke daar om
en hulle hardloop juis in daardie veld in
85 waar die willehonne vanmôre geskreeu het.
En ons het gesukkel
om die ratel dood te kry.
Dit was nog 'n mannetjieratel.
Naderhand ons het maar één waterbotteltjie
90 in die se water is soutwater.
Ons het met die ratel gespook
lat ons naderhand dors is.
Toe ons die ratel dood het,
toe drink ons die, uh botteltjie uit met
95 die water, uit.
In ons loop dan nou daarie koers
wat die bokke gehardloop het.
In die ho... toe's dit al warm
en die honde bly toe net daar,
100 mar toe ons hulle gesien
toe staan die twee honne op
en hulle hardloop hys toe.
Toe hul twee honne daar by die hys kom,

- toe sien hulle
105 die honde is so stukkend gebyt van die ratel.
Toe meen hulle dis nou willehonne.
In uh ons het net so 'n entjie geloop
toe begin kom ons al die bokke teë
maar daar het niks by die bokke gekom nie.
- 110 Toe kom daar oom van my
daarie Herman Steyn met twee perre by ons.
Hulle kom vra,
die eerste wat hy vra my oom
toe vra hy:
- 115 "Het ek nie vir jou gesê
moenie hierheen gaan nie?"
Toe sê ons
ons het nie eers die kans gekry
om te mooi die storie voortel nie
- 120 toe klim hy daar af
en toe slaat hulle vir ons.
Nadat hulle ons geslaan het
toe vra hulle
wat het die honde so stukkend gebyt.
- 125 Toe sê ons
dis 'n ratel.
Dis omlat die honde met die ratel te doen gewees het
wat die honde kyk
die onkry van die honde en goeters
- 130 wat die honde so stukkend gebyt het
en hys toe gehardloop het.
Hulle het ook net daar gebly.
Ons het nog die ratel bo-op 'n dyn uitgedra
in onner 'n gras se skade neergelê.
- 135 O, in die bokke het niks oorgekom nie
en uh die willehonne het ons glad nie
eers gesien nie.
Ons het hulle die môre net gehoor

skreeu daardie kant toe.

140 (Maar toe't hulle klaar geslaan?)

Ja toe't hulle klaar geslaan.

Vertelling 1.27 (Tieties, 1985)

Ja, nou maar is nou so onlángs meneer,
dis nou so onlángs,
uh nou, my kjinners het vir my 'n bandmasjien
wat ek kan nou sommer dra by my.

⁵Hy werk met 'n battery,
maar hy werk met vier batterytjies
hulle, omtrent so dun soos my vinger
twee batterytjies werk só
en twee batterytjies werk só

¹⁰Nou ek skeer altyd my,
maar uh die ding wil ok nie die slag,
maar hy's nou aangeswits die ding.
Nou moet ek teen sy lyf druk
maar ha.. hy hy's hier

¹⁵bo die is mos nou uh uh vier van hierdie
harde plestiek.
Nou by die warmte dan rek hy 'n bietjie
uh daar wil hy nie aansit nie.
Hy wil nie wêrk nie.

²⁰Nou wil hy nie wêrk nie.
Nouja ongelukkag ek swiet hom nie af nie.
In ek loop bêre hom net so hier in uh
ou handsak van die vrou
loop bêre ek hom.

²⁵Daar's nou weer 'n ondervinding
wat ek gemaak het
en nóú was dit juis al die tyd,
ek dink
ek kan dit so noem,

³⁰die tyd van oorlog wat ek nou van -
van dit en van dat
an die nag toe dit nou koud word,
lat die bootjie van die ding nou weer krimp,

toe begint hy, ah
35 die gelyt maak
wat hy natuurlik maak
as ek hom aangesit het, "mmmmmmmm"
daarie houer gee toe.
An ek word wakker
40 en gedink
wat maak nou so?
Uh later die vrou ook wakker gemaak.
"Jong hier skreeu 'n ding."
Die vrou sê:
45 "Nee jong dis sommer een van hierie ou bantamby
wat nesmaak."
"O."
Slaap uh toe gerus
dis nee dis 'n ou bantamby
50 en ons lê toe maar
uh en toe gewaar ek
ieg moet bang.
Ek sê:
"Jou neef by sal mos nie so aanhou
55 skreeu nie."
Maak weer die vrou wakker,
want die vrou meen
dis die bantamby.
Ek sê:
60 "Jong hiêrie is nie 'n bantamby nie.
Hy's jou te aanhou.
Waarmee tjiert hy?"
Nou hier slaap nog twee hotnoskjinnertjies.
Hulle se ouers is nie hier nie,
65 soek werk
is hier by my.
Die een is 'n Tjertjie
en die Gert is 'n asmabors.

- Ek is nou, hier rond,
70 toe ek baie bang al
ek meen
toe's ek bang.
Hier he'k nou 'n fout met die huis
en die kjinners die slaap in al sovoort
75 in ek word al banger
in ek word al banger en,
ek is nou net in my onnerbroek in.
Nou'sit mos nie meer onnerbroeke nie,
dis iets soos
80 dis nou m... 'n 'pantie'.
Hy is vreeslik effentjies aan jou.
Hy's vreeslik effentjies aan jou
en uh ek is ok in tyd
wat ek maer is.
85 Die 'pantie' se rek is al vréeslik verrék.
Ook met die warm ook met die warmte,
want dis... ook nie slaapklere aantrek nie.
Ek is net met daai 'pantie'.
En met die soek hier
90 en die vrou maak agter my,
toe is nou ook ágter my die kers brand.
Toe sien ek neef
skadu maak hy.
Hierie skade kan nie my skade wees nie. (Lag.)
95 Dis 'n máér mens se skadu.
Lyk as -. (Lag.)
In hier dan't
later die kjind Gert ek dink dis Gert
wat die wat nou al aan dood is moet
100 die asma, Gjert
en, baie gehoor
die ding moet nou net hierrond wees.
Hy moet nou net hierrond wees,

maar nou is die ding bietjie bokant
105 my in 'n handsak.

In toe ek nou opkyk
toe smaak dit my
dis hier.

Ek voel hier innie handsak.

110 Ek sê virrie vrou:

"Ag jou dis sommer hierie ou bandmasjien
wat aan't hardloop geraak het." (Lag.)

Vertelling 1.28 (Tieties, 1985)

- Ah ek het nou
ek was al groot
in toe't ek nog nie 'n leeu gesien nie.
Ek het nou in die agterste jare
5 wat ek nou daar in Etosja-wildtuin gewerk
kamp en gedoen
toe sien ek 'n ding naby, naby.
Ek het hom nog nie eers mooi duidlik
gehoor brul nie.
10 Op 'n sekere Woensdagaand, ons is hier
innie bos,
nou soos dit met 'n draad is
die draad is diékant so 'n pad geskrap
en hy is hier aan die dékant so 'n
15 pad geskrap
van die administrasie wat daar werksaam is.
Nouja ons het dié plek.
Ons maak daar innie pad vuur.
Dis 'n hoë draad.
20 In die Woensdagaand ons het geëet
en gedrink
en gewerskaf
ons het self vir ons kooie gemaak en so
in die baas waar ons vir kamp het gesê:
25 "Kyk julle moet lat die vuur nie,
doodgaan nie.
Die draad is hoog,
maar as die leeu wil by julle wees,
dan sal hy hier kom.
30 Weet julle
wat sal hom reg, weghou?
Als net die vuur wat hom sal weghou.
Die vuur moet nie dood nie."

Ons het nou klaar rede gebring
 35 en gesels oor'ie sk...
 moeg gewerk.
 Ons lê, en,
 en ons het skaars gelê,
 ek lê toe so
 40 in hier lê anner man pure manne
 wat hier lê.
 Dit is eintlik die voorman vir hierdie klomp manne
 in die lê so naby my ou Sjert Matthys
 en ons het gesels
 45 ons lê al self
 dan hou oom Koos nog 'n bietjie,
 maar daar jong 'n lekker hout angesit
 het omtrent so 'n hout in
 nou's die wind
 50 so stoot hy
 brand tot môre.
 Môre word net uh die koffiewater net opgesit
 dan's hy warm.
 Toe hoor ons
 55 dáár brul nou twee verskillende stemme.
 Ah nou wat die tyd wat ek toe moes
 vir eerste, ok leeugebrul hoor,
 maar ek het altyd gevra
 hoe moet jy nou weet
 60 l't dit 'n leeu is.
 Hy sê:
 "Jy s'l in jou maag voel
 dis 'n leeu
 wat daar brul."
 65 Nou daai nag toe gewaar ek
 my maag wil beef
 en dis nog ver
 waar wat ken ek nou doen

ek meen
70 ek lê maar.
Ek lê,
want dis nou reëndrag
so half onner die seil ons lê.
Teen daar druppeltjies
75 toe staan Gert Matthys op, want...
Ek sê:
"Gert moenie vir jou nat maak nie,
lê."
Daar brul die leeus
80 en dit, dit is twee geluite,
daar is twee leeus.
Toe sê ek:
"Sien julle
daarie leeus is mos nou nader
85 as hulle netnou gebrul het."
Ah, die derde maal, toe, toe die leeus wêér brul
toe's hulle naby.
Toe maak hulle net so
laat dit smaak
90 die aarde maak so.
Hulle't net dit so gedril so.
Toe staan Gert Matthys in daai druppels op.
Dit reën so fynweg.
Nou ek lê met die toe kop.
95 Hoor ek
hy die slaan so
hy's die velskoene.
Toe sê ek:
"Gert wat wil jy maak?"
100 Hy sê:
"Oompie moet my velskoene aantrek."
Ek sê:
"En wat wil jy maak

as jy jou velskoene aangetrek het?"

105 Hy sê:

"Laa'k kan my velskoene aan het."

Want dit is ok die aand

wat ek uitgevind het

jou máág sal weet

110 dis 'n leeu daar, so kwaai, baie kwaai ding.

En jou maag vertel jou

dis die leeu daardie.

Nee leeu is geen grap nie.
Hierie poeliese gaan skiet 'n leeu in my broer
wat by die sersant werk
is by.

⁵Maar 'n oom van my is 'n lééujagter.

In hulle kwes die leeu
maar hulle twee sit agterop die bakkie
dis destyds se nege-en-veertig Ford-bakkies
wat die spaarwiel het.

¹⁰En, hulle sit daar,

maar my my my broer is klein
maar hy sit nou voor by sy ma en
nog die ander.

Toe spring die oom agtervanaf

¹⁵en hy sit op die spaarwiel

en hy roep my broer:

"My suster se kind, my suster se kind
laat oom daar sit.

Kom sit jy hier.

²⁰Jy's 'n kind

hy sal jou nie vang nie."

Dis 'n leeujaagter

wat so leeu soek! (Lag.)

Vertelling 1.30 (Prinsloo, 1986a)

Jy is 'n stolie
jy praat so.
Hoor hier Lena
hier langs Marthie het 'n appostolies gebly
5 toe oorlede Nicklaas nog geleef het,
maar uh uh hier van Brakfontein af
het 'n Pieterses daar ge... daar gebly en uh
wat is die Pieterse se naam nou weer
uh, uh... wat met Bets getroud is?
10 Petrus. En uh aan die anderkant langsaan
het nou mense gebly met net so 'n
groot seuntjie is die Jan Pieterse.
Die Petrus-hulle het...
maar hulle twee het altyd met die ou dogtertjie gespeel
15 en uh... hulle het eendag
en dan vertel sy altyd vir hulle
in die hemel,
hulle is appostolies,
ja uh is goue alles van goud goue strate
20 daar speel die kinders mos nou in goue strate
en al daai dinge
en hulle het vol belangstelling geluister.
En die die het sy hulle kwaad gemaak.
Marthie het die hele spul -.
25 Laat Ouma nou vertel,
en uh hulle twee het ok nog maar krom gepraat
ok maar klein
en die ander outjie sê vir Jan:
"Wragtag ath onth vir haar daar kry
30 in daai goue sthraat
laat onth haar daar afval
tho van agter af. (Lag.)
Thtamp onth haar uit uit die goue thtraat."

2. MONDELINGE VERTELLINGS

Vertelling 2.1 (Lemmer, 1986:9)

Jy weet,
'n verleentheid waarin iemand beland,
sal nege uit die tien keer 'n klomp plesier verskaf
aan baie ander mense.

⁵En as ek nou van 'n verleentheid hoor,
dan dink ek onwillekeurig altyd aan ou Dawid.
Ek en so drie, vier ander ouens - en ou Dawid, natuurlik -
sit eendag en gesels oor
verleenthede waarin ons geland het.

¹⁰Nou, ek meen,
jy ken ou Dawid:
so droog soos boerbeskuit.
Elkeen het vertel van 'n groot verleentheid
waarin hy geland het

¹⁵en ou Dawid het so op sy gewone manier
deur sy neus gesit en lag.
Toe in 'n stadium vertel hy
hy het eenkeer so 'n verleentheid beleef.
Ons was almal so half verras,

²⁰want ek het self nooit gedink
ou Dawid het die ondernemingsgees
om in 'n verleentheid te beland nie.
Maar hy sê toe,

janee, hy wás in 'n groot verleentheid.
²⁵Dit was in 'n stadium
dat hy en sy vrou in Oostenryk op 'n ski-vakansie was.
Ek onthou vaagweg iets hiervan.
Dit moes gewees het net ná daai
groot grondboontjie-oes van hom.

³⁰Toe't hulle besluit
om oorsee te gaan,
en so aan, en 'n paar dinge te doen.

Maar ek het nou nie van hierdie insident geweet nie.
In elk geval, toe vertel hy:

35 Hulle was ingeboek in 'n ski-oord in Oostenryk
en hulle besluit
om so 'n bietjie te gaan ski.
Maar van ski weet hulle natuurlik
totaal en al niks en as gevolg daarvan

40 besluit hulle
hulle moet die kat so 'n bietjie uit die boom kyk.
Hulle moet so 'n dag of twee daar bly
en 'n bietjie kyk
wat die mense doen

45 en hoe word dinge in die algemeen
daar gedoen en so aan.
Hulle besluit toe,
nee kyk,
hulle moet wag tot vroeg in die oggend

50 voor hulle opgaan teen die ski-helling.
Dis nou so drie kilometer berg-op,
sien.
Dan kom jy nou
so tussen die trosse dennebome teruggeski

55 tot onder by die oord.
In elk geval, so gesê,
so gedaan,
en hulle het vir hulle ski's gehuur
en toe is hulle op boontoe die volgende oggend.

60 Nou weet hulle
hulle kan rustig afkom
en eksperimenteer
soos hulle afkom
en gewoon raak aan die saak.

65 Hulle het toe bo gekom
en begin afkom, so ewe sukkel-sukkel.
Als het nog goed gegaan
tot so in die helfte van die ski-helling.

Toe kom ou Dawid agter
 70 hy sal taamlik dringend 'n draaitjie moet loop
 en hy besef ook onmiddellik
 hy kan nie wag tot onder by die ski-oord nie,
 dis baie definitief.
 Maar gelukkig, dis vroeg, en 'n mens weet
 75 ook dat van onder af is dit redelik veilig.
 Die plek waarvoor 'n mens moet oppas,
 is van bo-af,
 as 'n mens ander mense nou in aanmerking wil neem.
 En hy sê vir sy vrou
 80 sy moet aan die bokant van so 'n trossie dennebome staan
 en hy sukkel toe so om na die onderkant van die dennebome.
 En om sake so eenvoudig as moontlik te hou,
 sit hy sommer maar so op sy ski's,
 jy sien.
 85 Jong, maar hy het skaars gesit
 toe skree sy vrou van bo af:
 Hier kom 'n lot mense.
 Heng, en ou Dawid weet so min van ski af,
 hy besef nie eens
 90 dat die aksie wat hy toe nou uitvoer,
 deur op te vlie
 en terselfdertyd sy broek te probeer oppluk,
 presies dieselfde aksie is
 wat 'n Olimpiese kampioen blykbaar uitvoer
 95 om 'n wegspring te bewerkstellig nie.
 En ou Dawid vlie weg,
 en hy ski - so skuins oor daardie ski-helling
 en so dertig, vyf-en-dertig treë
 voor die ander skiërs verby seil ou Dawid.
 100 Hy probeer natuurlik eers remme aansit,
 maar die remme wat hy probeer aansit,
 verander net in groter spoed.
 Hy is toe heeltemal in hulle se gesig

en hulle begin toe al juig
105 en fluit
en handeklap,
toe leun hy maar vorentoe
en hy ski dat dit bars vir so 'n stukkie dennebos
wat so honderd treë verder uitsteek.
110 Sy vrou sê
sy het nog vir oulaas so 'n paniekbevange,
bebaarde gesig gesien
wat so terugkyk,
en die volgende oomblik het die wit sitvlak
115 tussen die jong denneboompies verdwyn.
Nou ja, die ongeluk van die saak was
hulle moes toe nog 'n paar dae daar bly,
ek dink 'n week.
Almal het hulle ewe skielik vreeslik gemoedelik gehanteer
120 en dit was duidelik
dat almal gedink het
dat hulle heel groot sportsmakers is,
sien.
Nou ja, ek dink
125 hulle was glad nie sulke slegte ambassadeurs
vir ons land nie,
al was dit nou vir hulle dalk ongerieflik.
Nou wonder ek partykeer of ons politici nie
dalk iets uit hierdie insident behoort te leer nie.
130 Ek is nou nie heeltemal seker
wát hulle behoort te leer nie.

Vertelling 2.2 (Manders, 1986:9)

My storie begin dóér in die jare sestig,
eintlik die laat-vyftigs,
toe die spoorlyn nog daar van naby Komatipoort
af deur die Kruger-Wildtuin geloop het.
5 Daardie jare was dit natuurlik stoomtrein nog.
Nouja, as 'n man met die trein daar
deur is, miskien as drywer of die stoker
of iets van die aard,
dan het jy definitief gesorg
10 dat jy die vuuryster saamvat,
want jy kan dalk iets skiet vir
die pot of vir die kussingslopie.
Ons het toe ook so gery, ek en die stoker.
Sy naam was Gert.
15 En net toe ons so by die wildtuin inkom,
sê ek vir Gert:
"Gert, my skietyster lê daar onder die hoop kole.
Laat ons maar kyk
wat kry ons vir die pot;
20 n man se maag skrou al klaar."
Ons het so 'n ent gery
en daar staan meneer:
'n reus van 'n koedoe.
Ek sê toe vir Gert:
25 "Jong, laat ons stop,
laat ons gaan jag."
Die geskree van die brieke van die trein en so-aan
het die koedoe so 'n bietjie op loop gesit,
maar ons is agterna
30 en ná 'n groot gespook
en gesnork
en gesukkel
het ons die koedoe platgetrek,

dié toe aangesleep
35 en daar by die trein gaan sit.
Voor op die trein -
ek weet nie hoeveel van julle
ken die ou stoomenjins nie,
hulle werk mos nie meer nie -
40 voor aan die stoomenjin het jy 'n buffer,
wat ons genoem het 'n cow-catcher.
Ons het dié koedoe,
wat 'n tamaai ding was,
dwars oor die cow-catcher laat lê,
45 met sy voorpote aan die een kant
en met sy agterpote wat aan die ander kant uitsteek.
Ek en Gert is terug in die enjin in.
Ek sê:
"Gert, nou beter jy kole gooi, jong,
50 ons het nou tyd verloor
met dié gestanery
en gesukkelry en so aan."
Gert gooi kole.
Ek los die briek
55 en ek los die dinge daar,
maar die trein maak net tjoeke-tjoeke-tjoeke-tjoek.
Ek sê:
"Gert, nee, jong, jy moet maar nóg kole gooi.
Lyk my die bok is swaar daar voor."
60 Gert gooi toe maar weer kole.
Binne die trein het jy so 'n termometertjie-ding
wat amper soos 'n veer lyk
en later staan hy toe al na rooi se
kant toe van die temperatuur
60 en die drukking hier binne-in die stoomenjin se pens.
Ek los weer die briek
en ek los weer die dinge
en hy maak weer net tjoeke-tjoeke

tjoeke-tjoek-tjoek-tjoek.

65 Ek sê vir Gert:
 "Oeeee, vandag kom hier 'n ding.
 Gert, jong, gooi een graaf kole nog,"
 en Gert gooi nog een graaf kole
 en ek los weer al daai dinge

70 en hy maak weer net tjoeke-tjoeke-tjoeke-tjoek-tjoek.
 En ek sê vir Gert:
 hier is groot fout.
 Hy moet 'n bietjie daar by sy kant uitkyk
 of hy nie 'n ding sien nie

75 en ek sal hier by my kant uitkyk
 of ek nie 'n ding sien nie.
 Nouja, toe ek hier by my kant uitkyk,
 toe sien ek 'n maanhaar
 wat daar staan

85 en hy rem hier aan die voorpote
 van die bok, al skeef een kant toe.
 En Gert sê vir my:
 "Hei, ou, hier aan my kant staan
 daar 'n leeu

90 en hy's besig om aan die bok
 se pote te rem."
 Nou staan die enjin
 met sy neus hier teen die bok se lyf
 en tjoeke-tjoeke-tjoek-tjoeke

95 en hy kan nie wegkom nie.
 Daai twee leeus het die trein vásgehou:
 die een leeu aan die eenkant
 en die ander leeu aan die anderkant
 en die trein tussen die twee.

100 En bok se kind hou vás daarso.
 Ek het toe maar gegaan
 en ek het die fluitjie getrek
 en toe hy die slag tjoeeeeet maak, ou matie,

toe los daardie
105 en hulle hârdloop.
En ek sal jou sê,
ons was darem baie na aan op tyd gewees
daar by Komatipoort,
want met ou Gert se kolegooi
110 en kolegooi en kolegooi
het ons darem vooruitgetrek.
Daai enjin het gelyk of hy lig voor,
maar ons was darem betyds
daar gewees.

SYNOPSIS

THE STRUCTURE OF THE ORAL NARRATIVE IN AFRIKAANS

There are various opinions as to what can be described as a narrative. In this study the point of departure has been that a narrative can be seen as an intentional linguistic act consisting of at least two time-ordered clauses with a central theme as the cohesive factor. This narrative act has certain conventional objectives of which the immediate objective is to effect a change in the knowledge of the listener. There can also be a number of indirect pragmatic objectives, such as an advisory objective or a warning objective, and in these cases the narrative also has a practical function.

The nature of the narrative demands that two subject disciplines be involved when the narrative is analysed, viz. linguistics and narratology. These two components supplement each other in the narrative so that one can see that a one-sided analysis would be incomplete. Although this study has been done from a linguistic viewpoint, literary-theoretical aspects were involved where necessary.

The narrative is a firm unity in which, for analytical purposes, various structural elements are distinguished. These structural elements are distinguishable but not always divisible, and function in conjunction with each other in the narrative.

This study is aimed at determining which structural elements occur in the narrative and to indicate how these structural elements function in conjunction with each other within the context of the narrative. In this study the linguistic and literary-theoretical aspects complement each other.

A narrative is a form of communication and demands a speaker and a listener, the primary elements in the process of communication. The basic form of communication is speech so that the oral narrative is closer to the speech act itself. Where oral narratives flow from the spontaneous

run of discourse, there is no possibility that the speaker can monitor his language use in advance. In the light of these facts the spontaneous oral narrative was studied in Afrikaans.

Certain structural elements are universal in nature and will function in the same way in all languages, but each language has a unique system according to which it functions, and for that reason the elements which function in a narrative in a specific language will be subject to the principles of that language. The study of the spontaneous oral narrative in Afrikaans falls in a field in which little research has been done to date. Preliminary work in this field was done during 1983 by Hans du Plessis, and this study is an extension of that work.

Spontaneous oral narratives which occurred in the normal course of discourse were studied in this analysis. Tape recordings of conversations were made, narratives were selected and transcriptions made in conventional script so that the original character of the narration could be retained as far as possible. Thirty-two narratives are contained in the thesis in the form of an appendix. Various types of narratives are included, viz. true (factual) narratives, fictive narratives, tall stories as well as two dreams which are classified as semi-narratives. By this means structural differences among the various types of narratives were determined. It was found that the differences were mainly linked with the system of reference in the narratives. Thirty spontaneous oral narratives were analysed while two were oral narratives which were not spontaneous in nature. There are also differences in structure between these two types of narratives.

A survey of literature indicated that a great deal of research has already been done on the narrative from a literary-theoretical point of view. In this regard one could refer to the work of Gérard Genette which was published in the course of 1980 under the title *Narrative Discourse*. There are also many works aimed at some aspects of the narrative, for example at focalization, on space in the narrative and on the rendering of speech.

In the course of 1976 William Labov published research which he had done on narratives. This research is linguistic in nature, but incomplete in the sense that literary-theoretical aspects had been left out of consideration.

The narrative is regarded as a purposeful act and is analysed within the framework of the speech act theory. It is constructed from a series of utterances which are bound deictically. In the narrative there is a doubling of categories, so that, next to the actual speech-deictic centre a fictive deictic centre is created which effects a doubling of the deictic categories of time, place and person. Next to narrative time there is also a distinction of narrated time, next to narrative space there is also narrated space, and next to the experiential I there is also a narrating I. In the course of the narrative, reference/allusion can take place from any of these deictic centres. It can be deduced from the context which deictic centre is involved. If the narrative is analysed within the context of the discourse, the speaker's objective with his narrative can be determined, as well as the intended perlocution. It is sometimes possible to determine the actual perlocution from the context of the discourse, although this is not always the case.

The speaker structures his narrative in terms of the objective of his narrative. In this regard the element of evaluation plays an important role. In each narrative a main idea is discernible, and the structuring of the narrative is such that certain means are applied to support to the main idea, such as, for example, the syntax. In this regard paralinguistic factors, such as tone of voice, stress, tempo and gesture, are very important.

Ten structural elements are distinguished in the well-constructed oral narrative, viz. announcement, orientation, complicating action, climax, evaluation, result, coda, slip of the tongue, pauses and tense switching. These elements are characteristic of the spontaneous oral narrative in Afrikaans.

The announcement replaces the element abstract distinguished by Labov, seeing that it is often true that an announcement is provided of what follows rather than a summary of the events in the narrative. What is ordinarily understood under the term abstract is also included in the term announcement.

The element of orientation is a compulsory element in the narrative, seeing that it provides information on the characters, time and place in which the events take place, and also offers an indication of the situation within which the events take place. For a series of events to be classified as a narrative, it is essential that they should culminate in a climax. The elements of complicating action and climax are therefore essential elements of the narrative.

The complicating action is constructed from narrative clauses, that is, clauses in which time-consecutive actions are rendered, and which lend a tight structure to them. In the narrative free clauses, that is, clauses which are not bound in terms of time and space, also occur. It is theoretically possible to shift these free clauses to any position in the narrative without this having any effect on the passage of time in the narrated action. It is not practically possible, however, to shift these free clauses to any part of the narrative, seeing that they are bound semantically and anaphorically to specific areas in the narrative. In this way anaphoric islands come into being.

It has been found that switches in tense are characteristic of the spontaneous oral narrative in Afrikaans, and that these are functionally applied to delimit the narrative into episodes. A new turn in the narrative is usually linked to a switch in tense. Tense changes do not necessarily indicate changes of time. Actions are anchored in time by means of referential time. It has also been indicated why the form of the verb in Afrikaans cannot be used as indicative of time without more ado. In the following examples the same form of the verb is used to indicate the present (utterance time), the past and the future:

- 1 Die trein vertrek.
- 2 Net toe die trein gister vertrek, storm hy die stasie binne.
- 3 Die trein vertrek om tienuur vanaand.

Where tense switches occur, the preterite and the historic present are used in turn. From the study it emerges that where large segments are in the historic present, especially in the part of the complicating action, many direct quotations occur in these segments.

The elements of slip of the tongue and pausing are characteristic of the oral narrative and do not occur in carefully considered oral narratives. Pausing refers to a verbal interruption in the narrative by means of a meaningless interjection, such as, for example "uh ..." or "wat wou ek sê", and are mostly followed by a short pause. Pausing has an ordering function, that is, the speaker orders his thoughts in the course of this pause. A characteristic of slips of the tongue is that they are usually followed by a rectification immediately afterwards.

The result and the climax of the narrative often go together. This research has indicated that the result and the climax are mostly rendered in direct speech, through which the dramatic nature of the narrative is heightened, and the narrative made more lively.

The coda can vary from a quite simple disjunctive marker to a highly specialised utterance which bridges the gap between fictive and real in masterly fashion.

The element of evaluation is comprehensive in nature, but primarily consists of the main idea as well as all the means applied by the speaker to strengthen the main idea of the narrative. These means are both linguistic and literary in nature, for example by means of syntax, but focalization and the choice of a narrative occasion play an important role here. Shift of focalizer and the choice of narrative occasion manifest themselves in the linguistic system and exert an influence on pronominalization and anaphorics.

Where there is a gap between the narrative offer and the meaning of the narrative, this gap is filled by implication. Attention was also given to the role of presupposition and conversational conditions relating to the narrative.

In Chapter 6 it was indicated, by means of analysis of one narrative, that the structural elements cohere to make the narrative successful in toto.

BIBLIOGRAFIE

- ALSTON, W.P. 1965. *Philosophy of language*. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- AUSTIN, J.L. 1975. *How to do things with words*. London : Oxford University Press.
- BAL, M. 1980. *De theorie van vertellen en verhalen*. Muiderberg : Dick Coutinho.
- BAL, M. 1981. The laughing mice or: on focalization. *Poetics today*, 2(2):203-210, Winter.
- BAL, M. 1983. The narrating and the focalizing: a theory of the agents in narrative. *Style*, 17(2):234-269, Spring.
- BANFIELD, A. 1973. Narrative style and the grammar of direct and indirect speech. *Foundations of language*, 10:1-39.
- BARTHES, R. 1975. An introduction to the structural analysis of narrative. *New literary history*, 6(2):237-294, Winter.
- BELLOS, D.M. 1980. The narrative absolute tense. *Language and style*, 13(1):77-84, Winter.
- BRONZWAER, W.J.M. 1970. *Tense in the novel: an investigation of some potentialities of linguistic criticism*. Groningen : Walters - Noordhof.
- BRONZWAER, W.J.M. 1981. Mieke Bal's concept of focalization. *Poetics today*, 2(2):193-201, Winter.
- CLOETE, T.T. 1984. *Taalhandeling in die literatuur*. (In Van Coller, H.P. & Van Jaarsveld, G.J., reds. *Woorde as dade: taalhandelinge en letterkunde*. Durban. Butterworth. p. 1-14.)
- CLOETE, T.T. 1986. *Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom*.
- COMBRINK, J. 1981. *Kom en gaan*. (In Sinclair, A.J.L., red. *Kongresreferate: sewentiende nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika*. Bellville : Universiteit van Wes-Kaapland. p. 89-102.)
- COMRIE, B. 1976. *Aspect: an introduction to the study of verbal aspect and related problems*. London : Cambridge University Press.
- COMRIE, B. 1985. *Tense*. London : Cambridge University Press.
- COOPER, R. 1986. Tense and discourse location in situation semantics. *Linguistics and philosophy*, 9(1):17-36, Feb.
- DE BRUYN, P.S. 1982. *Taalhandeling en vooronderstelling*. (In Van Jaarsveld, G.J., red. *Wat sê jy?* Johannesburg : McGraw-Hill p. 47-60.)

- DE BRUYN, P.S. 1984. Die plek van presupposisie en implikasie in 'n skema vir taalhandelinge. (In Webb, V.N., red. Kongresreferate: twintigste nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika, Julie 1984. Pretoria : U.P. p. 165-195.)
- DE VILLIERS, M. 1951. Werkwoordvorme in Afrikaans in die verlede tyd. Stellenbosch : US. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jrg. xxvi, Reeks B, No. 1.)
- DE VILLIERS, M. 1968. Die grammatika van tyd en modaliteit. Kaapstad : Balkema.
- DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad : HAUM.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1972. Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans. Pretoria. (Verhandeling (MA)-UNISA.)
- DU PLESSIS, H.G.W. 1974. Komplementwerkwoorde en werkwoord-komplemente. 'n Beskrywing van die struktuur van die werkwoord-komplement-konstruksie in Afrikaans. Pretoria. (Verhandeling (D.Litt. et Phil.)-UNISA.)
- DU PLESSIS, H.G.W. 1983. Die analise van 'n Griekwa-vertelling. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Kongresreferate: negentiende nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika. Bloemfontein : UOVS. p. 90-104.)
- DU PLESSIS, H.G.W. 1985a. Grensgeval. Kaapstad : Human & Rosseau.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1985b. [Boekbespreking.] Woorde as dade: taalhandelinge en letterkunde - H.P. van Coller & C.J. van Jaarsveld, reds. 1984. Tydskrif vir literatuurwetenskap, 1(4):78-83, Okt.
- FERREIRA, J. 1983. Perlokusie as religie-verbonde taalhandeling. (In Sinclair, A.J.L., red. G.S. Nienaber - 'n huldeblyk. Belville : Universiteit van Wes-Kaapland. p. 179-186.)
- FOURIE, J.J. 1985. Aspekte van die Afrikaans van Riemvasmakers. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)
- GENETTE, G. 1980. Narrative discourse. Oxford : Blackwell.
- GINSBURG, M.P. 1982. Free indirect discourse: a reconsideration. Language and style, 15(2):133-149, Spring.
- GRICE, H.P. 1975. Logic and conversation. (In Cole, P. & Morgan, J.L., reds. Syntax and Semantics 3: speech acts. New York : Academic Press. p. 41-58.)
- HAFFTER, P. 1980. Gerard Genette's discourse of the narrative. (In Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap: kongresreferate gelewer by die kongres van SAVAL gedurende 1980 te Bloemfontein. Bloemfontein. p. 78-89.)

- HARRIS, Z.S. 1951. *Methods in Structural Linguistic*. Chicago : University of Chicago Press.
- JEFFERSON, A. 1979. [Boekbespreking.] *Narratologie: Les Instances der récit - Mieke Bal*. 1977. *Poetics today*, 1(1-2):402-404, Autumn.
- LABOV, W. 1976. *Language in the inner city*. Oxford : Blackwell.
- LE ROUX, T.H. & LE ROUX, J.J. 1975. *Middel nederlandse grammatika*. Pretoria : Van Schaik.
- LEVINSON, S.C. 1983. *Pragmatics*. London : Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. London : Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1977. *Semantics 2*. London : Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1979. *Semantics 1*. London : Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1981. *Language, meaning and context*. Suffolk : Fontana.
- MCHALE, B. 1978. *Free indirect discourse: a survey of recent accounts*. *Poetics and theory of literature*, 3:249-287.
- NERBONNE, J. 1986. *Reference time and time in narration*. *Linguistics and philosophy*, 9(1):83-95, Feb.
- OHLHOFF, H. 1984. *Proloog, perlokusie, illokusie*. (In Van Coller, H.P. & Van Jaarsveld, G.J., reds. *Woorde as dade: taalhandelinge en letterkunde*. Durban : Butterworth. p. 61-73.)
- O'TOOLE, L.M. 1980. *Dimensions of semiotic space in narrative structures*. *Poetics today*, 1(4):135-149, Summer.
- PARTEE, B.H. 1973. *The syntax and semantics of quotation*. (In Anderson, S. & Kiparsky, P., reds. *A festschrift for Morris Halle*. New York : Holt, Rinehart & Winston. p. 410-418.)
- PASCAL, R. 1977. *The dual voice: free indirect speech and its functioning in the nineteenth-century European novel*. Manchester : Manchester University Press.
- POLANYI, L. 1976. *The role of redundancy in cohesion and evaluative functioning in narrative: a grab for the referential hierarchy*. *Rackham literary studies*, 7:19-38.
- POLANYI, L. 1979. *So what's the point?* *Semiotica*, 25(3-4):207-241.
- PONELIS, F.A. 1967. *Sintaktiese teorie en die om te-groep in Afrikaans*. Port Elizabeth. (Tesis (MA)-UPE.)

- PONELIS, F.A. 1973. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.
- PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.
- PRINCE, G. 1982. Narratology: the form and functioning of narrative. Berlin : Mouton. (Janua linguarum. Series maior : 108.)
- PRINSLOO, S.M.C. 1982. Anaforiek in Afrikaans met spesiale verwysing na substandaardafrikaans. Potchefstroom. (Verhandeling (MA)-PU VIR CHO.)
- PRINSLOO, S.M.C. 1986b. Vertellingseilande in die struktuur van mondelinge vertelling. Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde, 4(1):21-31, Jan.
- RIMMON-KENAN, S. 1983. Narrative fiction: contemporary poetics. London : Methuen.
- RUMELHART, D.E. 1975. Notes on a schema for stories. (In Bobrow, D.G. & Collins, A., reds. Representation and understanding. Studies in cognitive science. New York : Academic Press. p. 211-236.)
- SCHIFFRIN, D. 1981. Tense variation in narrative. Language, 57(1):45-62, Mar.
- SILVA-CORVALAN, C. 1983. Tense and aspect in oral Spanish narrative: context and meaning. Language: journal of the Linguistic Society of America, 59(4):760-780, Dec.
- SNYMAN, H. 1982. "Die buffel van die metafisika": taalhandeling as paradoks. (In Van Jaarsveld, G.J., red. Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg: McGraw-Hill. p. 201-212.)
- SNYMAN, H. 1983. Mirakel en muse. Kaapstad : Perskor.
- STERNBERG, M. 1982. Point of view and the indirections of direct speech. Language and style, 15(2):67-117, Spring.
- STUBBS, M. 1983. Discourse Analysis. Oxford : Blackwell.
- TANNEN, D. 1982. Oral and literate strategies in spoken and written narratives. Language: journal of the Linguistic Society of America, 58(1):1-21, Mar.
- VAN DIJK, T. 1975. Action, action description, and narrative. New literary history, 6(2):273-294, Winter.
- VAN JAARSVELD, G.J., red. 1982. Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg : McGraw-Hill.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1982. Inleiding: met wat? (In Van Jaarsveld, G.J., red. Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg : McGraw-Hill. p.xvii-xxxii.)

VENTER, L.S. 1982. Ruimte as epiese kategorie. 'n Onderzoek aan die hand van Afrikaanse en Nederlandse romans. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Litt.)-PU vir CHO.)

VILJOEN, H. 1984. Taalhandeling in 'Teen die helling' van Boerneef (In Van Coller, H.P. & Van Jaarsveld, G.J., reds. Woorde as dade: taalhandelinge en letterkunde. Durban : Butterworth. p. 117-129.)

WOLFSON, N. 1978. A feature of performed narrative: The conversational historical present. *Language in society*, 7:215-237.

WOLFSON, N. 1981. Tense switching in narrative. *Language and style*, 14(3):226-231, Winter.

WRIGGLESWORTH, H. 1977. Sociolinguistic features of narrative discourse in Ilianen Manabo. *Lingua*, 41:101-124.

WYBENGA, D.M. 1983. Grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans - 'n linguistiese ondersoek aan die hand van enkele Afrikaanse kortverhale. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Litt.)-PU vir CHO.)

WYBENGA, D.M. 1985. Is "hier" dalk "daar"? (In Grieshaber, N.J. & Venter, J.L., reds. Kongresreferate: een-en-twintigste nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika, Julie 1985. Pietermaritzburg : UN. p. 209-212.)

VERTELLINGS

ANON. 1986. Mondelinge vertelling. Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)

JAGERS, K. 1985. Mondelinge vertellings. Rietfontein, Mieromgewing. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)

KLUKOWSKI, M. 1985a. Mondelinge vertellings. Gibeon, S.W.A. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)

KLUKOWSKI, R. 1985b. Mondelinge vertelling. Gibeon, S.W.A. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)

LEMMER, J.H. 1986. Jy sien net paniek op sy bebaarde gesig en die wit boude *Beeld* : 9, Okt. 4.

MANDERS, A. 1986. Die lees hou toe die trein vas. *Beeld* : 9, Okt. 11.

MAREE, K. 1986. Mondelinge vertelling. Kimberley. Kassetopname in besit van M. Verhoef.)

PRINSLOO, A.C. 1984. Mondelinge vertelling. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)

PRINSLOO, A.C. 1985. Mondelinge vertellings. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)

- PRINSLOO, A.C. 1986a. Mondelinge vertelling. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)
- ROBBERTSE, N. 1986. Mondelinge vertellings. Kamanjab, S.W.A. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)
- SCHUTTE, J.F. 1986. Mondelinge vertellings. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)
- TIETIES, T. 1985. Mondelinge vertellings. Rietfontein, Mieromgewing. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)
- VAN DER MERWE, O. 1984. Mondelinge vertelling. Opuwa, S.W.A. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)
- VAN DER MERWE, P. 1984. Mondelinge vertelling. Otjiwarongo, S.W.A. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)
- VISAGIE, J. 1983. Mondelinge vertelling. Philippolis. (Kassetopname in besit van prof. H.G.W. du Plessis - PU vir CHO.)
- WANDRAG, D. 1986. Mondelinge vertellings. Kimberley. (Kassetopname in besit van M. Verhoef.)

BEDANKING

- Hiermee wens ek my opregte dank te betuig aan prof. Hans du Plessis wat as promotor opgetree het vir sy bekwame leiding, opoffering en die beskikbaarstelling van bandopnames vir navorsingsdoeleindes.
- 'n Baie groot dankie aan prof. Hein Viljoen vir die vriendelike, onbaatsugtige wyse waarop hy kommentaar gelewer het op die literêr-teoretiese gedeelte van die proefskrif.

Ek bedank ook graag:

- Prof. P.S. de Bruyn vir insiggewende samespreking oor die taalhandelingssteorie;
- Prof. T.T. Cloete vir samesprekings in verband met literêr-teoretiese aspekte;
- Dr. Daan Wybenga vir belangstelling en aanmoediging;
- Mev. Marlien Verhoef vir beskikbaarstelling van bandopnames;
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële steun;
- Mev. Mara Scott vir netjiese tikwerk;
- Jerrie, Rikus, Lukas, Riaan en Ma vir opofferings en aanmoediging;
- Ook aan almal wat onwetend 'n bydrae gelewer het in die vorm van vertellings.